Die koloniale manifestasie van die Neo-Gotiese kerkboustyl op die Tuinroete van Suid-Afrika

deur

IP de Swardt

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die

graad Magister in Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Departement

Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Dr Matilda Burden

Maart 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 1 November 2012

Handtekening:

Stellenbosch

Kopiereg 2012 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

- Dr Matilda Burden, wat ‘n nuwe wêreld vir my oopgemaak en leiding gegee het in hierdie studie

- My eggenote, Rina, vir geduld, begrip en ondersteuning

- Bill Gates, sy medewerkers en die mense van hierdie eeu wat moderne kommunikasie moontlik gemaak het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

During the 12th century the Ab Suger, a church leader from near Paris in France, initiated a new approach to church architecture, the Gothic style. He diverted from the existing traditions and utilized pointed arches as one of the basic components of the new style. Pointed arches, unlike normal arches, distribute load-carrying weight not only downwards, as normal arches do, but also sideways. Strategically placed flying buttresses can help neutralize the thrust to the sides and reduce the weight on walls. Walls no longer had to be massive and it became possible to utilize big parts of the walls for windows, which were filled with brightly coloured glass. The style deliberately made use of height and enclosed spaces as a design element, to an extent unknown until that time. For some four centuries cathedrals in this style were built all over Europe, before the style was replaced with the coming of the Renaissance.

The 19th century saw the coming of a style of Gothic Revival. New building materials had become available and there were fundamental differences between the original Gothic style and the Neo-Gothic (or Gothic Revival) style. In some instances elements of the original style lost their functions and were applied in a purely decorative function in the Gothic Revival style.

With the colonization of Africa, the Neo-Gothic style came to South Africa. It took root locally and became part of South African church architecture. Local conditions required that some adaptations be made and several varieties of the Neo-Gothic style became part of the South African architectural landscape.

Many church buildings were constructed in South Africa in this style during the last century and a half. The ones older than sixty years enjoy some measure of protection under current legislation relating to heritage conservation. It became evident that within the variety of Neo-Gothic idioms a number of churches have become so simplified that only some characteristics of the style have remained.

Throughout the study it was indicated how the significance of a building and its architectural style also impact on the non-material culture of a community.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Gedurende die 12de eeu het ab Suger, ‘n kerkleier van naby Parys in Frankryk, met ‘n nuwe benadering tot kerkargitektuur na vore gekom wat later as die Gotiese styl sou bekend staan. Hy het afgewyk van bestaande tradisies en gebruike in verband met kerkargitektuur. Deur die aanwending van spitsboë is die afwaartse druk van ‘n kerk se dak gedeeltelik na buite verplaas, in plek van alles na onder. Strategies geplaasde boogstutte het die sywaartse druk geneutraliseer. Hierdie boumetode is saam met die gebruik van geribde gewelwe gebruik om die druk in so ‘n mate van symure af te haal dat die mure nie meer dik en sterk moes wees nie en dit moontlik was om groot dele van die mure met vensters van gekleurde glas te vul. Die nuwe styl het ingeslote ruimtes en hoë gewelwe gehad soos die Middeleeuse mens nog nie vantevore geken het nie. Vir sowat vier eeue lank het katedrale in dié styl oral oor Europa opgeskiet, totdat dit met die koms van die Renaissance deur ander style vervang is.

In die 19de eeu het daar ‘n herlewing in die Gotiese styl gekom. Beter boumateriale was beskikbaar en die Gotiese Herlewingstyl het in sommige opsigte groot verskille met die oorspronklike getoon. Van die Gotiese boustyl se komponente is aangepas om totaal ander funksies te vervul. Verskeie aspekte van die Gotiese styl is slegs behou as versiering.

Met die kolonisasie van Afrika het die Gotiese Herlewingstyl na Suid-Afrika gekom. Die styl het posgevat en versprei in Suid-Afrika maar plaaslike omstandighede het aanpassings daarvan genoodsaak en etlike variasies op die Neo-Gotiese tema het na vore gekom.

‘n Groot aantal kerke is in die afgelope anderhalf eeu in Suid-Afrika in hierdie styl gebou. Sommiges daarvan geniet ‘n mate van beskerming ingevolge Suid-Afrika se bewaringswetgewing. Hierdie studie fokus op kerkgeboue met Neo-Gotiese stylkenmerke in ‘n bepaalde geografiese gebied in Suid-Afrika. Daar is bevind dat van die variasies op die Neo-Gotiese styl so vereenvoudig het, dat daar slegs enkele stylkenmerke by hulle oorgebly het.

Deurgaans is aangedui op watter wyse die betekenis van die kerkgebou en die styl daarvan ook die nie-tasbare kultuur van ‘n gemeenskap geraak het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
Inleiding		1
	Probleemformulering	1
	Die doel van die studie	1
	Terreinafbakening	2
	Aanbieding van stof	2
Hoofstuk 1:	**Konseptualisering**	4
	1.1 Konseptualisering	4
	1.1.1 Kultuur	4
	1.1.2 Kultuurgeskiedenis	5
	1.1.3 Argitektuur	6
	1.2 Metodologie	7
	1.3 Evaluering van literatuur en ander bronne	11
Hoofstuk 2:	**Die Gotiese boustyl**	16
	2.1 Ontstaan	16
	2.2 Europa in die tyd van die Gotiek	18
	2.3 Aard en kenmerke van die Gotiese boustyl	20
	2.3.1 ‘n Gees van gemeenskapsgerigtheid	20
	2.3.2 ‘n Visie van Jerusalem en die hemel	22
	2.3.2.1 Ruimte, hoogte, illusie en simboliek	24
	2.3.2.2 Lig en glas	25
	2.3.3 Struktureel	28
	2.3.4 Versiering	29
	2.3.4.1 Dakspuiers	29
	2.3.4.2 Versierde fasades en ingange	30
	2.3.4.3 Lob- en loofversierings	30
	2.3.4.4 Ander versiering	30
	2.4 Tussen die Middeleeue en die Renaissance	32
Hoofstuk 3:	**Gotiese herlewing**	33
	3.1 Herlewingstyle	33
	3.2 Die Gotiese Herlewingstyl	34
	3.2.1 Ontstaan	34

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.2 Verskille tussen die Gotiese en die Gotiese Herlewingstyle 37
3.3 Die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika 39
3.3.1 Faktore wat ‘n invloed op die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika gehad het 40
3.3.1.1 Geestelike en godsdienstige faktore 41
3.3.1.2 Politieke faktore 42
3.3.1.3 Fisiese gesteldheid van die land, boumateriale, finansies 42
3.3.2 Individue betrokke by die groei van die styl in Suid-Afrika 43
3.3.2.1 Carl Otto Hager 43
3.3.2.2 Biskop Robert en mev Sophy Gray 44
3.3.2.3 Ander bydraers tot die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika 46
3.3.3 Variasies binne die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika 47

Hoofstuk 4: Kerkgeboue met Neo-Gotiese stylkenmerke op die westelike deel van die Tuinroete 49
Inleiding 49
4.1 Mosselbaai 49
4.1.1 Ou NG Kerk (Klipkerk) 49
4.1.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 49
4.1.1.2 Argitektoniese kenmerke 51
4.1.2 St Peter’s Anglikaanse Kerk 52
4.1.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond 52
4.1.2.2 Argitektoniese kenmerke 53
4.1.3 St Thomas’ Rooms-Katolieke Kerk 54
4.1.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond 54
4.1.3.2 Argitektoniese kenmerke 55
4.2 Groot Brakrivier 55
4.2.1 Ou NG Kerk 56
4.2.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 56
4.2.1.2 Argitektoniese kenmerke 57
4.2.2 St John the Apostle Anglikaanse Kerk 58

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond 58
4.2.2.2 Argitektoniese kenmerke 59
4.3 Heroldsbaai 59
4.3.1 Stella Maris Rooms-katolieke Kerk 59
4.3.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 59
4.3.1.2 Argitektoniese kenmerke 61
4.4 George 63
4.4.1 Pacaltsdorp Congregational Kerk 63
4.4.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 63
4.4.1.2 Argitektoniese kenmerke 64
4.4.2 St Peter & St Paul Rooms-katolieke Kerk 64
4.4.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond 64
4.4.2.2 Argitektoniese kenmerke 65
4.4.3 St Mark's Anglikaanse katedraal 66
4.4.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond 66
4.4.3.2 Argitektoniese kenmerke 68
4.4.4 Presbiteriaanse Kerk 68
4.4.4.1 Kultuurhistoriese agtergrond 68
4.4.4.2 Argitektoniese kenmerke 69

Hoofstuk 5: Kerkgeboue met Neo-Gotiese stylkenmerke op die oostelike deel van die Tuinroete 71
Inleiding 71
5.1 Wildernis 71
5.1.1 St Aidan's Anglikaanse kapel en rusoord 71
5.1.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 71
5.1.1.2 Argitektoniese kenmerke 71
5.2 Belvidere 73
5.2.1 Holy Trinity Anglikaanse Kerk 73
5.2.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 73
5.2.1.2 Argitektoniese kenmerke 75
5.3 Knysna 76
5.3.1 Die ou St George's Anglikaanse Kerk 76
5.3.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 76
5.3.1.2 Argitektoniese kenmerke 78
5.3.2 NG Kerk 79

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond 79
5.3.2.2 Argitektoniese kenmerke 80
5.3.3 Metodistekerk 82
5.3.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond 82
5.3.3.2 Argitektoniese kenmerke 82
5.3.4 Die nuwe St George's Anglikaanse Kerk 83
5.3.4.1 Kultuurhistoriese agtergrond 83
5.3.4.2 Argitektoniese kenmerke 84
5.4 Harkerville 86
5.4.1 St Chad's Anglikaanse Kerk 86
5.4.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 86
5.4.1.2 Argitektoniese kenmerke 86
5.5 Plettenbergbaai 87
5.5.1 St Andrew's Anglikaanse Kerk 87
5.5.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 87
5.5.1.2 Argitektoniese kenmerke 90
5.5.2 St Peter's Anglikaanse Kerk 90
5.5.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond 90
5.5.2.2 Argitektoniese kenmerke 92
5.5.3 St Thomas Metodistekerk 93
5.5.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond 93
5.5.3.2 Argitektoniese kenmerke 95
5.6 Wittedrift 95
5.6.1 Wittedrift NG Kerk 95
5.6.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 95
5.6.1.2 Argitektoniese kenmerke 97
5.7 The Crags 97
5.7.1 St Mark's & All Angels Anglikaanse Kerk 97
5.7.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 97
5.7.1.2 Argitektoniese kenmerke 98
5.8 Clarkson Morawiese Sendingkerk 99
5.8.1 Kultuurhistoriese agtergrond 99
5.8.2 Argitektoniese kenmerke 101
5.9 Humansdorp 101
5.9.1 St Mark's Anglikaanse Kerk 101
5.9.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond 101

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.9.1.2 Argitektoniese kenmerke 102

Hoofstuk 6: Kultuurdinamika en argitektuur 104

6.1 Franse kultuurskepping tot Europese boustyl 104

6.2 Die dinamiese aard van kultuur 105

6.2.1 Kultuurelemente 106

6.2.1.1 Simbole 106

6.2.1.2 Estetiese waardes 108

6.2.1.3 Etiese waardes 108

6.2.1.4 Modes 110

6.2.1.5 Tradisies en gewoontes 110

6.2.1.6 *Zeitgeist* 110

6.2.1.7 Mentalités en kollektiewe geheue 111

6.3 Relevansie 112

Hoofstuk 7: Evaluering 113

Bronnelys 116

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lys van illustrasies

			Bladsy
Figuur 1	:	Die Burden-model	8
Figuur 2	:	Notre Dame, Dinant	23
Figuur 3	:	Santa Maria, Seville	23
Figuur 4	:	Liebfraukirche, Antwerpen	23
Figuur 5	:	Saint Chappelle, Parys	25
Figuur 6	:	Carcassonne, Suid-Frankryk	27
Figuur 7	:	St Pierre, Bauvais	28
Figuur 8	:	Struktuur van tipiese Gotiese kerkgebou	28
Figuur 9	:	Trasering in ‘n tipiese roosvenster, Reims	31
Figuur 10	:	Trasering op mure, Barcelona	31
Figure 11, 12	:	Rame van gietyster vir vensters in Neo-Gotiese kerke, Molenrivier en Barrydale	38
Figure 13, 14	:	Tweede NG Kerk in Mosselbaai deur CO Hager en WB Hayes (*Klipkerk)*	49
Figuur 15	:	Hoofingang van Ou NG Kerk, Mosselbaai	50
Figuur 16	:	St Peter’s Anglikaanse Kerk, Mosselbaai	52
Figuur 17	:	Hoofingang, St Peter’s Anglikaanse Kerk, Mosselbaai	53
Figure 18, 19	:	St Thomas Rooms-katolieke Kerk, Mosselbaai	54
Figuur 20	:	Suidwestelike aansig: Ou NG Kerk, Groot Brakrivier (1925)	56
Figuur 21	:	Noordwestelike aansig: Ou NG Kerk, Groot Brakrivier (2012)	57
Figuur 22	:	St John the Apostle-kerk, Groot Brakrivier	58
Figure 23, 24	:	Stella Maris Rooms-katolieke Kerk, Heroldsbaai	60
Figuur 25	:	Stella Maris-skildery, Heroldsbaai	60

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 26	:	Hergefotografeerde foto van Stella Maris-kerk, Heroldsbaai	62
Figure 27, 28	:	Pacaltsdorp se Normandiese/Neo-Gotiese Kerkgebou	63
Figuur 29	:	Die Rooms-katolieke Kerk St Peter & St Paul, George	65
Figuur 30	:	Die Rooms-katolieke Kerk St Peter & St Paul, George, ná herbouing	66
Figuur 31	:	St Marks' Anglikaanse Katedraal, George	67
Figuur 32	:	Presbiteriaanse Kerk, George	69
Figuur 33	:	St Aidan's kapel en rusoord, Wildernis	72
Figuur 34		Holy Trinity-kerk, Belvidere	74
Figuur 35	:	Noordoostelike aansig, Holy Trinity-kerk	75
Figuur 36	:	Kloktoring, Holy Trinity-kerk	75
Figuur 37	:	Ou St George's-kerk, Knysna	77
Figuur 38	:	Neo-Gotiese NG Kerk, Knysna	81
Figuur 39	:	Oosgewel van NG Kerk, Knysna	81
Figuur 40	:	Noordwestelike aansig, NG Kerk, Knysna	81
Figure 41, 42	:	Die Metodistekerk van Knysna	82
Figure 43, 44	:	Die nuwe St George's-kerk, Knysna	85
Figuur 45	:	Nuwe St George's-kerk interieur	86
Figuur 46	:	Koorbanke met houtkerfwerk, St George's-kerk, Knysna	86
Figure 47	:	St Chad's Anglikaanse Kerk, Harkerville	87
Figure 48, 49	:	St Andrew's Anglikaanse Kerk in die Piesangvallei, Plettenbergbaai	90
Figuur 50	:	St Peter's-kerk, Plettenbergbaai	91
Figuur 51	:	Apsis, St Peter's-kerk, Plettenbergbaai	93

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 52	:	Interieur, St Peter's-kerk	93
Figuur 53	:	St Thomas-kerk, Plettenbergbaai	94
Figuur 54	:	Stutmure teen NG Kerk, Wittedrift	96
Figure 55, 56	:	St Michael & All Saints Anglikaanse Kerk, Kirbywood, The Crags	98
Figure 57, 58	:	Konsole vir dakstutte en gevormde klip vir hoekstutmuur, Kirbywood	99
Figure 59, 60	:	Morawiese Sendinggenootskap, Clarkson	100
Figuur 61	:	St Markuskerk, Humansdorp	102

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING

Probleemformulering

Elemente van die Gotiese Herlewingstyl, soos spitboogvormige deure en vensters, gekleurde glasvensters, drie-, vier- en vyflobmotiewe, traseerwerk, kanteelwerk en stutmure, kom algemeen in kerkgeboue in Suid-Afrika voor. Hierdie styl word meer met kerkargitektuur in Suid-Afrika vereenselwig as enige ander.

Die Gotiese Herlewing- of Neo-Gotiese styl se oorsprong lê in die Gotiese styl van die Europa van die Middeleeue. Dié styl is deur Roberts beskryf *as one of the great glories of European art* (1993:395) en deur Pirrenne *as the one great school of architecture which the history of art can place on an equality with Greek architecture* (1959:350). As kerkargitektuur sien Howarth dit as *the supreme expression in stone of the Christian faith* (1990:69).

In teenstelling met bogenoemde vind die heel eenvoudigste vorm van die Gotiek, naamlik ‘n plattelandse koloniale weergawe van die herlewing van die styl, neerslag op die Suid-Afrikaanse platteland. In die woonbuurt Thembalethu buite George is ‘n onbekende bouer in 2010 gevra waarom hy spitsboogvensters in die gebou sit waaraan hy besig was om te werk. Sy antwoord was dat dit ‘n kerkgebou is en kerke kry spitsboogvensters, van sy pa se tyd af al (sien 6.2.1.5). Dit het die vraag laat ontstaan:

Wat is die oorsprong en betekenis van hierdie elemente van kerkargitektuur?

Verdere vrae wat na aanleiding van die eerste vraag gevolg het, is:

- *Wat is stylkenmerke?*
- *Watter faktore het bygedra tot die vestiging van die Neo-Gotiese styl in Suid-Afrika?*
- *Waar kom voorbeelde van hierdie stylkenmerke voor?*
- *Wat daarvan is bewarenswaardig?*
- *Hoe is dit interkultureel oorgedra?*

Die doel van die studie

Die oorkoepelende doel van die studie is om Neo-Gotiese kerkgeboue in ‘n bepaalde streek van Suid-Afrika te ontleed, met die doel om die herkoms en betekenis daarvan bloot te lê.

Spesifieke doelwitte is die volgende:

- om die ontstaan en ontwikkeling van die Gotiese en Neo-Gotiese style as agtergrond na te gaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- om die stylelemente van die twee style te identifiseer
- om faktore te bepaal wat die vestiging van die Neo-Gotiese styl in Suid-Afrika beïnvloed het
- om vas te stel hoe die styl deel van Suid-Afrikaanse kerkargitektuur geword het
- om die manifestasie daarvan in ‘n bepaalde streek te ondersoek

Terreinafbakening

‘n Voorstudie het getoon dat daar baie kerkgeboue met Neo-Gotiese stylelemente in Suid-Afrika bestaan en dat daar in die Wes-Kaap provinsie alleen te veel is om sinvol te kan analiseer binne die beperkings van hierdie studie. Die studieterrein is daarom geografies beperk tot die streek wat algemeen bekend staan as die Tuinroete van Suid-Afrika. Vir die doel van hierdie studie is dit die dele van die Wes-Kaap en Oos-Kaap provinsies wat suid van die Outeniekwa- en Tsitsikammaberge geleë is tussen Mosselbaai in die weste en Humansdorp in die ooste. Formele grensafbakenings soos die Eden Distriksmunisipaliteit of die Munisipale gebiede van George en Knysna sou onderskeidelik te veel en te min voorbeelde oplewer.

Om die omvang van die studie binne aanvaarbare perke te hou, is dit beperk tot kerkgeboue in hierdie streek met Neo-Gotiese stylelemente wat in 2012 sestig jaar of ouer was. Ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet nr 25 van 1999) geniet sulke geboue ‘n mate van beskerming teen lukrake verandering of sloping. Daar is ook ander faktore wat die prioritisering van die dokumentering van ouer geboue regverdig. Dit sluit faktore in soos demografiese veranderinge (waardeur sommige kerkgeboue in onbruik verval) en fisiese aspekte, soos normale verwering, swak of verkeerde onderhoud en die nadelige uitwerking van die uitlaatgasse van motorvoertuie en suurreën op boukomponente.

Aanbieding van stof

‘n Opname is gemaak van geboue uit die neëntiende en twintigste eeue met Neo-Gotiese stylkenmerke in die afgebakende studieterrein. Geboue is volgens omskrewe maatstawwe binne hierdie geografiese gebied geselekteer, ontleed, beskryf en gedokumenteer. Binne sentra waar meerdere kerkgeboue met Neo-Gotiese stylelemente voorkom, soos Mosselbaai, George, Knysna en Plettenbergbaai, is die geboue in chronologiese volgorde volgens boudatum ontleed. In sommige gevalle is verskillende dele van geboue op verskillende tye gebou en is van die geboue eers gebruik as skole. In sulke gevalle is die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

datum wanneer die gebou as kerk ingerig is of waarop Neo-Gotiese stylelemente daaraan aangebring is, as datum gebruik vir chronologiese doeleindes.

Fotomateriaal met geïntegreerde datums is in beperkte mate as beskrywende hulpmiddel aangewend in dié verband. Dit dien ook as dokumentering van voorkoms en toestand van die geboue sowel as dokumentering van die kerkterrein ten tyde van die datum van die foto. Tensy anders vermeld, is alle foto's in die studie geneem deur IP de Swardt en word elektronies geberg by sy huisadres, Domus Serenitas, Victoriabaaiweg, George. Met die oog op 'n bydrae tot die fisiese bewaring van die geboue, is hulle presiese liggings aan die hand van globale posisionering bepaal en gedokumenteer. 'n Beskrywing van elke gebou se kultuurhistoriese agtergrond en stylaard is weergegee in 'n kernagtige teks.

Navorsing het soveel data opgelewer dat ontleding van die kerkgeboue binne die studieterrein in twee hoofstukke verdeel is om leesbaarheid te bevorder en om hoofstuklengtes in verhouding met mekaar te hou. Kerkgeboue is van wes na oos behandel omdat dit in verband staan met die uitbreiding van die Kerk se jurisdiksie en dié van vroeë Kaapse owerhede vanaf Kaapstad na die ooste.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

KONSEPTUALISERING

1.1 Konseptualisering

Die studie handel oor kultuur, kultuurgeskiedenis en argitektuur en dit is nodig om hierdie kernbegrippe te ontleed en in konteks te plaas.

1.1.1 Kultuur

Die Romeinse filosoof Cicero het voor die geboorte van Christus reeds die term *cultura animi* gebruik, wat verwys het na die kultuur van die gees. In 1952 het die Amerikaanse akademici Kroeber en Kluckhohn reeds meer as 160 definisies van kultuur ontleed (Haviland 1987:27). Sedertdien het die beskouing van die konsep selfs verder uitgebrei onder invloed van die post-modernistiese denkwyse.

Die bestudering en analisering van argitektuur uit ‘n kultuurhistoriese oogpunt verg ‘n interpretasie en omskrywing van die term *kultuur.* Dit is egter nie die oogmerk van die studie om in ‘n Sofistiese doolhof van beskrywings en definisies verstrengel te raak nie.

Een van die vroeë beskrywings van kultuur in die moderne tyd is dié van die Britse antropoloog, sir Edward Burnett Tylor. Tylor beskryf dit as: *Culture or civilization, taken in its wide ethnographic sense, is that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, customs and many other capabilities acquired by man as a member of society* (Tylor, 1871, soos aangehaal deur Haviland 1987:27).

Haviland toon aan dat die optredes van individue gesanksioneer en beoordeel word deur die groep waaraan hulle behoort op grond van die abstrakte waardes, gelowe en persepsies van die wêreld wat die groep gevorm het en hou. Sy definisie van kultuur is: *Culture is a set of rules or standards that, when acted upon by the members of a society, produce behavior that falls within a range of variance the members consider proper and acceptable* (Haviland 1987:27).

Coertse definieer kultuur as: *alles wat deur die mens in sy verskillende volksverbande tot stand gebring is en* [dit] *vorm die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens. Die natuur en die res van die skepping waarvan die mens as skepsel deel vorm, is*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die resultaat van die skeppende werksaamheid van die Alskepper. Kultuur is die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens (1961:31).

Pieter W Grobbelaar definieër kultuur *as al die geestelike en stoflike dinge wat die mens tot stand bring deurdat hy, onder dwang van sy gees, op die natuur inwerk, waarby die bo-natuur ook 'n rol speel* (1974:11).

Die stelling is ook al gemaak dat kultuur soos 'n volmaakte diamant is wat volmaak geslyp is: daar is 'n oneindige aantal en kombinasies van fasette, van hoeke waarvandaan lig weerkaats word, van indrukke wat dit maak, gemoedstoestande wat dit opwek en situasies waarin dit betekenis het (Dreyer 1987:1).

Ferreira gee 'n uitstekende opsomming van die verskuiwing wat gekom het in die vertolking van die begrip 'kultuur', met verwysing na die vlak waarop kultuur geskep word. Hy sê: *In die tradisionele Kultuurgeskiedenis is kultuur aan 'het hogere en het schone', dit wil sê die meer verhewe kultuuruitinge soos kuns en wetenskap, gelyk gestel. Deur die moderne, antropologiese kultuurbegrip is die domein van Kultuurgeskiedenis tot alle menslike aktiwiteite en lewensvorme verbreed. Dit het tot 'n verruiming van die begrip kultuur aanleiding gegee* (1997:117).

Vir die doel van hierdie studie word van die grondslag uitgegaan dat kultuur die fisiese en geestelike skeppinge van die mens is waardeur hy binne groepsverband aan die een kant die omgewing aanpas en hom tegelykertyd by die omgewing aanpas om aan sy fisiese en geestelike behoeftes te voldoen; dat dit 'n dinamiese proses is wat alle menslike handelinge binne groepsverband insluit, soos ook die mens se taalvermoë en gebruik van tekens en simboliek, sy waardes, ideale, gesindhede, strewes, persepsies, praktyke, tradisies en gebruike.

1.1.2 Kultuurgeskiedenis

In 'n Engelse opsomming van sy Afrikaanse artikel in *Die Kultuurhistorikus* vat Grobbelaar die essensie van sy siening van Kultuurgeskiedenis kernagtig saam: *Culture can be regarded as the sum total of man's creations in co-existence with his fellow-man. Cultural history is a description of these creations against a broad historical background* (1990:63).

Burden skep 'n breër benadering met die stelling*: Myns insiens is kultuur 'n skeppingsproses* [...] *wat voortspruit uit 'n bepaalde menslike behoefte* [...] *dan is kultuur ook die produk wat geskep word* [...] *kultuur is wel ook die abstrakte, die konsep, die denksisteem, want 'n konsep of 'n denksisteem is in werklikheid ook 'n produk van die*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

menslike gees wat voortspruit uit 'n behoefte [...]. *As kultuur dan die skeppingsproses en die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens is, dan is kultuurgeskiedenis in die wydste sin die studie daarvan* (2000:19).

Burden omskryf dit verder: *Kultuurgeskiedenis maak 'n studie van die kultuurproduk, die skeppingsproses wat dit tot stand gebring het, die stimulus wat dit geïnisieer het, en van die samehang van of verbande tussen kultuurprodukte en die dimensies waarbinne hulle tot stand kom: dit is 'n studie waarbinne die skepper, die mens self, sentraal staan* (2000:19).

Hierdie studie is toegespits op kerkgeboue (en gepaardgaande aspekte van sulke geboue) as kultuurkomponente, waarvoor planne ontstaan het deur nie-stoflike prosesse, maar wat deur fisiese prosesse materiële gestalte gekry het as gebruiksartikels maar ook as simbole met metafisiese betekenis.

Die kerk en die bedryf van godsdiens staan nie vry van ander aspekte van die gemeenskapslewe nie. Die aanduiding van die verbande tussen die verskillende kultuurkomponente is 'n kernaspek van kultuurgeskiedenis, wat binne die perke van hierdie studie ook aangedui sal word. In die geval van kerkargitektuur is die verband tussen materiële en nie-materiële aspekte van die argitektuur van besondere belang.

1.1.3 Argitektuur

Kuijers beskryf argitektuur as: *Die kuns van vormgegewe ruimte (*Kuijers 1980:76).

Gympel gee erkenning aan menslike aspekte wat by argitektuur betrokke is. Met verwysing na vroeë argitektuur in Egipte maak sy die stelling dat [...] *the primary aim of architecture was to fulfil the basic human need for security*. Maar, vervolg Gympel, [...] *spiritual and intellectual needs also have a role to play when it comes to building. 'The four walls' and 'a roof over his/her head' separate a human being from the surrounding environment and in doing so create something of individual human proportions. Buildings also change the external environment in which they stand* [...] (1996:6).

Roberts beklemtoon die kunswaarde van die Gotiese katedrale van Europa en beskryf dit as een van die hoogtepunte van Europese kuns (1993:395)

Sir Benjamin Fletcher het argitektuur beskou as 'n rekord van menslike behoeftes en suksesse oor eeue heen (1959: voorste teenblad).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Baie definisies en beskrywings bestaan van wat onder die term argitektuur verstaan word en toon verskillende aspekte van argitektuur aan.

Met die voorgaande as agtergrond, kan argitektuur beskryf word as ‘n menslike handeling om te beplan hoe om ruimte te omsluit en sinvol aan te wend om in bepaalde behoeftes op ‘n spesifieke tyd te voorsien, en die uitvoering van daardie beplanning, verkieslik op ‘n wyse wat vir die gemeenskap esteties bevredigend is. As deel van menslike kultuur verander argitektuur soos wat menslike behoeftes, kennis, vaardighede, estetiese en ander waardes verander. Met hierdie veranderinge en die verandering van *regimes* het daar waarneembare argitektoniese stylverskille ontstaan. Die Gotiese styl is deur die Romaanse stylperiode voorafgegaan en is deur die veranderinge van die Renaissance vervang. Maar geboue opgerig tydens een stylperiode is nie uniform nie. Geboue kan eklekties van aard wees.

Binne die Gotiese Herlewingstyl was drie duidelik onderskeibare variasies waarneembaar: die Vroeë Engelse, die Loodlyn en die Versierde variasies (Martin 2005:7). Hoewel nie ‘n variasie binne die Gotiese Herlewingstyl nie, is aspekte van die Normandiese styl redelik algemeen in die Neo-Gotiek opgeneem. Die Gotiese en Neo-Gotiese style is die fokus van hierdie studie.

1.2 Metodologie

Omdat Kultuurgeskiedenis op soek is na ander antwoorde as die naasleggende dissiplines, moet ander vrae aan die onderwerp gestel word as wat ander dissiplines doen. Ander *instrumente* moet gebruik en ‘n ander metode moet gevolg word om die nodige antwoorde aan die onderwerp te ontworstel.

Die kultuurhistoriese metodologie is skematies saamgevat in ‘n model wat alle aspekte daarvan dek, die verbande tussen aspekte aandui en voorsiening maak vir graadverskille in die aard van kultuurkomponente. Die model maak dit moontlik vir die kultuurhistorikus om hom/haarself binne die vakdissipline te oriënteer en om ‘n spesifieke terrein van navorsing binne die vakdissipline in perspektief te kan plaas. Hierdie model is bekend as die Burden-model en vorm die grondslag waarvolgens hierdie studie aangepak en georden is (sien figuur 1).

Die model is ‘n driedimensionele voorstelling van die dimensies waarbinne Kultuur-geskiedenis funksioneer en bestaan uit drie asse wat mekaar reghoekig sny: ‘n AB, ‘n CD en ‘n EF-as. Punt A op die eerste as verteenwoordig nie-tasbare kultuur en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teenoorstaande punt B, stoflike kultuur. Die CD-as kruis die eerste as (AB) in die middel en verteenwoordig patrisiërkultuur by punt C en volkskultuur by punt D. Die derde as, EF, verteenwoordig tradisionele kultuur by punt E en eietydse kultuur by punt F. Die asse en die verskillende liggings daarop verteenwoordig die invalshoeke waarvolgens die navorser 'n onderwerp kan benader, gekontekstualiseer binne verband met ander kultuurmanifestasies en in 'n holistiese verband daarmee.



Figuur 1: Die Burden-model

Die model word omring deur twee sfere wat die natuurlike omgewing en die bonatuurlike aandui, die twee bo-menslike dimensies wat direk of indirek 'n onbeheerbare invloed op kultuur uitoefen. *Die natuurlike omgewing en die bonatuur is die verwysingsraamwerk van die mens waarbinne hy dink, leef en skep,* volgens Burden (2000:26).

Die oorwegende volume studiemateriaal van hierdie studie is materieel van aard en val in die B-area van die AB-as. Dit sluit die kerkgeboue en hul komponente (byvoorbeeld

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vensters, deure en dakbalke) in. In kerkargitektuur is daar egter ook talle nie-tasbare kultuurkomponente teenwoordig: die kerkgebou as simbool van godsdiens en as *huis van die Allerhoogste.* Vir die Christengelowige is dit ook simbolies van die lering van liefde en naasteliefde en van die ewige lewe.

Tydens die ontstaan en groei van die Gotiese boustyl in Europa, en vir eeue daarna, was kerkargitektuur onderhewig aan streng kerkregtelike (*ecclestiastical*) voorskrifte, sowel as tradisies en gebruike. De Waal skryf hieroor: *By die beplanning van vroeëre kerke het rigtingoriëntasie 'n belangrike rol gespeel. Die lengte-as van die kerk was gewoonlik in die oos-wes rigting, sodat die sanctorum oos en die hoofingang wes was. Die aanbidder se gesig was na die ooste gekeer, 'n gebruik wat waarskynlik uit die Joodse of pagane godsdienste stam* (De Waal 1978:9). Die oorsprong van hierdie gebruik is nie maklik om te bepaal nie. In die Christelike Bybel is daar verskeie verwysings na die wederkoms van Christus in Handelinge, Openbaring, 1 Thessalonicense, Johannes en Lukas wat net verwys na 'n koms uit die hemel, sonder 'n rigting. Mattheus 24 vers 27 lui egter: *Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees*. Eségiël 43 vers 1 en 2 lui: *Toe het hy my gelei na die poort, die poort wat na die ooste kyk. En kyk, die heerlikheid van die God van Israel het van die oostekant gekom.* Soos deur De Waal aangedui, het die oostekant 'n bepaalde betekenis in die Joodse godsdiens. Ook in die Moslemgeloof word na die ooste gedraai om te bid. Die Church of Christ of Latter–day Saints (Mormone), verwag die wederkoms van die oostekant en bou hul tempels daarvolgens (Green DL & Green, RL 1973: 86).

In die omgewing van Machododorp in Mpumalanga, sowel as verskeie ander plekke oor die aarde, is daar tekens wat aandui dat die opkoms van die son vir vroeë pagaanse groepe 'n besondere simboliese betekenis aan die oostekant verleen het.

Săsa Čaval het 'n studie gemaak van die oos/wes rigtingoriëntasie by kerke in Slovenië. Hy het die opkoms van die son op die geboortedae van die heiliges na wie die onderskeie kerke vernoem is as moontlike gronde vir die oriëntasie bestudeer, maar kon nie bewyse daarvan vind nie. Sonsopkomste en –ondergange op die datums van kerkfeeste is ook deur hom ondersoek en geïdentifiseer as 'n meer waarskynlike moontlike bron van die kerkgeboue se rigtingoriëntasie. Van die kerke deur Čaval bestudeer, dateer uit die tydperk van die Romaanse boustyl. Sy bevindinge het ooreenstemming getoon met navorsing oor kerke in Engeland deur SC McCluskey wat in 2007 'n artikel met die titel *Calendrical cycles, the eighth day of the world and the orientation of English churches* in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Universiteit van Colorado se *Skywatching in the ancient world,* onder redaksie van C Ruggles en G Urton, gepubliseer het (2009: 211).

Čaval kom tot die gevolgtrekking dat die meeste van die kerke in Slovenië se rigtingoriëntasie in verband gebring kan word met die sonopkoms en –ondergange van spesifieke datums, meestal feesdatums: *most of their orientations fall relatively close to equinoctical sunrise en sunset* [...] *on March 25th (Annunciation of Mary) and September 24th (Conception of John the Baptist)* (2009:211).

Die rigtingoriëntering van kerkgeboue het in Westerse kerkargitektuur ‘n besondere betekenis gehad, lank voor en ná die ontstaan en aanwending van die Gotiese en die Neo-Gotiese boustyl, en was nie beperk tot geboue met Gotiese of Neo-Gotiese stylelemente nie. Dit het egter ook ‘n rol gespeel in die rigtingoriëntasie en argitektuur van sulke geboue, selfs by geboue op die Tuinroete in Suid-Afrika. Hierdie aspek van kerkargitektuur val op die Burden-model se AB-as.

Om die kultuurproduk (in hierdie geval die gebou en sy betekenis) nie in isolasie te bestudeer nie, word die model aangewend om die groter konteks aan te spreek sodat ‘n holistiese beeld gevorm word. Daarom word die gebou ook op die CD-as geanaliseer om patrisiër en volkskundige invloede uit te wys, en op die EF-as om die tydsaspek aan te spreek. Die natuurlike omgewing speel ‘n baie groot rol ten opsigte van boumateriale sowel as die ligging van die kerkgeboue. Die hele begrip van godsdiens waarvoor hierdie kerkgeboue staan, is van bonatuurlike aard.

Die metodologie van Kultuurgeskiedenis omvat die werklikheid in al sy dimensies (met insluiting van nie-sigbare en nie-tasbare of geestelike elemente wat vir die kultuurhistorikus van belang is), die benadering of invalshoek waarmee die kultuurhistorikus trag om die waarheid aan die onderwerp te ontworstel en die kultuurhistoriese doelwitte wat die rede vir die studie is.

Benewens die metodologiese benadering tot die studie, het die navorsing en aanbieding van hierdie ondersoek ‘n spesifieke **metode** gevolg. Die ontstaan en groei van die Gotiese boustyl in Europa, en die geskiedkundige agterdoek waarteen dit gebeur het, is geanaliseer. Die kenmerke van die styl is omskryf en fotomateriaal is as illustrasie aangewend. Die Neo-Gotiese styl se opkoms, groei en kenmerke en die koms daarvan na Suid-Afrika is geanaliseer. Om ‘n hanteerbare aantal voorbeelde van kerkgeboue met Neo-Gotiese stylelemente in Suid-Afrika te identifiseer, is ‘n geografiese terrein binne Suid-Afrika afgebaken. Binne hierdie gebied is kerkgeboue met die toepaslike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stylelemente geïdentifiseer. Om die getalle verder te beperk en om die studie meer toepaslik te maak op praktiese bewaringsbehoeftes is slegs geboue ouer as sestig jaar met Neo-Gotiese stylelemente in die studie ingesluit.

Geboue is fisies besoek, gefotografeer en hul presiese liggings gedokumenteer. Ten einde die verband tussen die kerk en ander kultuurhistoriese aspekte van die betrokke gemeenskap aan te dui, is ‘n beperkte oorsig van die rol daarvan in die gemeenskap gegee. Die argitektuur van die gebou is beskryf met fotomateriaal as hulpmiddel.

Die dinamiese aard van kultuur, kultuuroordrag en kultuurverandering is geanaliseer as moontlike verklaring vir die feit dat die Neo-Gotiese styl in ‘n bepaalde stadium tot ‘n groot mate vereenselwig geraak het met kerkargitektuur in Suid-Afrika.

1.3 Evaluering van literatuur en ander bronne

‘n Literatuurstudie oor die volgende onderwerpe is gedoen:

- argitektuur in die algemeen
- argitektuur in Suid-Afrika
- die Gotiese boustyl
- Gotiese katedrale van Europa en Brittanje
- glas en gekleurde glasvensters
- Europese geskiedenis
- klipwerk aan kerke (*stone masonry*)
- die Neo-Gotiese boustyl
- Britse koloniale geskiedenis
- kerkgeboue, -gemeentes en kerklike leiers in Suid-Afrika
- biografiese en ander inligting oor individue betrokke by die vestiging van die Neo-Gotiek in Suid-Afrika
- kultuur en kultuurgeskiedenis
- streekgeskiedenis van die Tuinroete en Suid-Kaap

Die kultuurhistorikus evalueer bronne om te bepaal of die bronne, benewens gesigswaarde, ook handel oor aspekte soos simboliek en ander metafisiese aspekte. Die bronne word ook geëvalueer ten opsigte van die mate waarin dit aandag gee aan die verband tussen kultuurkomponente of inligting verskaf wat dit moontlik maak om sulke verbande te lê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om navorsing te doen oor argitektuur is ‘n groot verskeidenheid van bronne geraadpleeg. Uit die boeke van Fletcher (*A history of architecture* van 1959), Glancey (*Architecture* van 2006) en Sutton (*Western architecture* van 1999) kon ‘n goeie insig verkry word van westerse argitektuur. Hierdie inligting is aangevul deur bestudering van werke van Bussagli, Gympel en Howarth, wat verdere inligting verskaf het oor die oorsprong en geskiedenis van westerse argitektuur, oor westerse stylperiodes en die kenmerke van die onderskeie style.

‘n Suid-Afrikaanse perspektief op die land se vroeë argitektuur is verkry uit die 1980 werk van Fransen en Cook (*Old buildings of the Cape*), Fransen se *Old towns and villages of the Cape* (2006) en die boek van Lewcock (*Early nineteenth century architecture in South Africa* (1963)). Die tydskrif *Lantern* en SESA (Standard Encyclopedia of Southern Africa) het ook bruikbare inligting verskaf, veral biografiese gegewens en inligting rondom projekte bestuur deur individuele argitekte. Die werk van Greig oor Suid-Afrikaanse argitektuur (1971) bied ‘n wye oorsig maar het nie veel diepte nie.

Baie bronne oor die Gotiese boustyl en Gotiese katedrale in Europa is geraadpleeg, waarvan Mitchell se *Cathedrals of Europe* (1968) en Morse se *Universal Standard Encyclopedia* (1958) van nut was. ‘n Omvattende werk deur verskeie outeurs onder die redakteurskap van R Toman het insae gegee in die ontstaan en groei van die Gotiese boustyl en baie aspekte daarvan.

Lig en glas is ‘n integrale deel van godsdiensbeoefening in ‘n Gotiese katedraal en van die Gotiese styl. Oor hierdie aspek van die Gotiek is *Thousand years of stained glass* deur Brisac (1986), Kurmann-Schwartz se *Gothic stained glass* (2004, in Toman), Lloyd & Blackmore se *Glass* (1988), Marshall se *Glass source book* (1990) en Morris se *Stained and decorative glass* (1988) bestudeer. Al hierdie bronne was van groot waarde in die vorming van begrip vir die waarde van hierdie aspek van die Gotiek. Ook van nut was Nesemann se werk: *Stained glass in the St Marks Cathedral, George* (2005).

‘n Groot verskeidenheid bronne oor die geskiedkundige milieu waarbinne die Gotiese boustyl in Europa ontstaan en gegroei het, is geraadpleeg. Die bruikbaarste bronne was *Civilization of the Middle Ages* van Cantor (1994), Davis se *History of medieval Europe* (1970), *Civilization of Europe in the Renaissance* van Hale (1994), *Menschen die die Welt veränderten* van Hippe (1986), Pirenne se *History of Europe* (1958) en Roberts se omvattende *History of the world* (1993). Hierdie bronne het onder meer aandag gegee aan die stryd tussen kerk en staat, die sosiaal-ekonomiese toestande waaronder die gewone mense gedurende die Middeleeue gelewe het, die mag van die kerk oor gewone

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mense, ekonomiese konjunkture en godsdienstige uitbreidings. Hale het toestande in Europa gedurende die Renaissance op insiggewende wyse teruggevoer na gebeure van die Middeleeue.

Oor klipwerk aan kerke is mondelinge bronne en kerkbrosjures geraadpleeg. Margaret Parkes se pamflette, waaronder *The origins of the church furnishings*, is ongelukkig sonder datum en sy kon nie 'n datum verstrek tydens 'n mondelinge gesprek nie. Brosjures van toerismeburo's en bewaringsverenigings is feitlik almal sonder datums en sonder outeursname. 'n Goed gedokumenteerde bron is dié van Nesemann: *Our heritage of early stone churches built by Scottish stone masons Bern and Lawrence* (2003). Martin (2005) en Gutsche (1970) het ook nuttige inligting in dié verband voorsien.

Oor die Neo-Gotiek was Gutsche se *Bishop's lady* (1970) en Gympel se *Story of architecture* (1996) van waarde vir die studie. Martin se werk *The Bishop's churches* (2005) het biografiese inligting oor biskop Robert Gray en sy eggenote verskaf en besonderhede oor hul reise en die kerke waarby hulle betrokke was. Dit was van nut om te kan verstaan hoekom soveel Anglikaanse kerke in die Neo-Gotiese styl gebou is. 'n Biografie deur Brooke (1947) oor die biskop het geen bydrae gelewer tot hierdie studie van argitektuur en die bou van kerke nie.

Inligting oor die Britse koloniale beleid se rol in die verspreiding van die Neo-Gotiese styl is veral in Groves se *Missionary and humanitarian aspects of imperialism from 1870 to 1960* (in Duignan & Gann 1969) en James se *Rise and fall of the British Empire* (1994) gevind. Miller se *Painting the map red* (1993) het beperkte maar bruikbare gegewens gelewer. Bronne oor Suid-Afrikaanse geskiedenis het dit aangevul.

Oor kerkgeboue is inligting uit 'n verskeidenheid van bronne verkry. In die geval van NG kerkgeboue was die *Gemeentlike feesalbum* wat ten tyde van die Van Riebeeckfees in 1952 onder redaksie van PL Olivier uitgegee is en die 350-jarige herdenkingsboek oor die NG Kerk (2002) deur G Hofmeyr van beperkte waarde. Albei hierdie bronne bevat meestal inligting oor kultuurhistoriese aspekte van die NG Kerk in Suid-Afrika maar baie min oor argitektuur en baie min oor boustyle. Die werke van Gutsche (*The Bishop's lady,* 1970), Nesemann se twee werke oor die klipkerke van die Skotse klipwerkers en oor die vensters van die St Mark's-katedraal (2003 en 2005) en *The bishop's churches* van Martin (2005) het waardevolle inligting verskaf oor Anglikaanse kerke. Ook in kerkbrosjures is inligting verkry. Dit is met 'n mate van skeptisisme bejeën omdat dit meestal nie datums of bronne aangedui het nie. Enkele van die brosjures is wel baie nuttig gevind, byvoorbeeld *The origin of church furnishings, St George's, Knysna* van Parkes (gd), *On the rock* van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Thorpe (2005) en *The St Mark's Church, Humansdorp 1898-1973* van Whitford (1973). Die resente boeke deur Hoevers, *Van kerke en dorpe* (2010), Menache & David: *101 Country churches of South Africa* (2011) en Oosthuysen: *101 kerke* (gd, circa 2010) was van beperkte waarde. Die boek van Hoevers bevat nie bronverwysings nie en die ander twee is in groot mate bedoel as fotografiese werke. Oosthuysen se boek bevat ook feitefoute.

Hoekstene en gedenkplakette binne en aan die buitekante van kerkgeboue het inligting verskaf.

Van die informante met wie gesprek gevoer is, het argivale navorsing gedoen en oor fotostatiese afdrukke van dokumente beskik, sommiges egter sonder verwysings. Een informant se persoonlike besonderhede is nie bekom nie omdat hy duidelik skepties gestaan het teenoor 'n vreemdeling wat oor sy bouwerk kom navraag doen het. Alle kerkgeboue wat beskryf is, het as primêre bronne gedien.

Aangaande individue wat 'n rol gespeel het in die vestiging en verspreiding van die Neo-Gotiese styl in Suid-Afrika is die werke van Gutsche, *Bishop's lady* (1970), SESA oor Montagu en Hofmeyr oor Carl Otto Hager (1993) met vrug geraadpleeg.

Oor kultuur en Kultuurgeskiedenis is uit die aard van die studie en studiebenadering 'n baie groot aantal literêre en ander bronne geraadpleeg. Op literatuurgebied was werke van Coertse (1973), Foster (1973), Frost (1976), Green (2008), Grobbelaar (1974), Haviland (1987), Keesing (1958) en White (1971) van groot waarde. Coertse en Grobbelaar het 'n Suid-Afrikaanse perspektief verleen, terwyl Foster, Frost, Haviland en Keesing 'n globale perspektief verleen het (wat nie in stryd was met die Suid-Afrikaanse perspektiewe nie). Green beweeg na die psigo-analitiese aspekte van kultuur in Kultuurgeskiedenis en White lê klem op nie-stoflike aspekte van kultuur, soos simboliek.

'n Baie groot aantal artikels in vaktydskrifte, geskryf deur Burden, Coetzee, De Klerk, Grobbelaar, Hugo, Newall, Oberholster, Van der Merwe en Van Jaarsveld is geraadpleeg. Die artikels van Burden, Die metodologie van Kultuurgeskiedenis (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, November 2000), OJO Ferreira, Kultuurgeskiedenis by die kruispad (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, November 1997) en Grobbelaar se Betekenis van Volkskundige navorsing vir die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, Januarie 1984) en Dit is Kultuurgeskiedenis (*Die Kultuurhistorikus*, Junie 1990) het 'n sterk invloed op hierdie studie gehad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waardevolle gegewens oor streekgeskiedenis is verkry uit bronne wat nie wyd versprei is nie en waarvan verskeie lank reeds uit druk is. Dit sluit *Memories of Knysna* onder redakteurskap van Allanson (1993), *Op pad in Suid-Afrika* van Erasmus (1995), Franklin se 1975 werk *The story of Great Brak River, The Portland people* van Newdigate (2006), *The house in the forest* van Peter & Newdigate (gd, ca 2006), Serfontein se *Tsitsikamma* (2006), Storrar se *Portrait of Plettenberg Bay* (1978) en *Timber and tides* van Tapson (1967) in.

Ander bronne van inligting was mondelinge bronne, referate, argivale en elektroniese bronne. Die mondelinge bronne wat gebruik is, se mededelings het op verskeie punte met ander bronne ooreengestem en is as goed beoordeel. Referate het soms persoonlike benaderings tot die vakgebied getoon wat nie bo kritiek is nie maar het interessante perspektiewe verleen. Argivale bronne was op beperkte skaal beskikbaar, meestal by museums en Anglikaanse kerke. Elektroniese bronne is sover as moontlik vermy behalwe om kontekstuele gegewens, soos datums van gebeure, te kontroleer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

DIE GOTIESE BOUSTYL

2.1 Ontstaan

Die boustyl wat later as die Gotiese bekend sou staan, het in die 12de eeu in Ile de France in Frankryk ontstaan toe die ab Suger die ou Karolingiese kerk van St Denis laat herbou het (Gympel 1996:30; Toman 2007:28). Hy het afgewyk van die kerkargitektuur van die tyd in Noord-Italië en Konstantinopel, waar die Romaanse styl, met kenmerkende dik mure en klein vensters, die algemeen aanvaarde styl was (Cantor 1993:321). Elemente van die nuwe styl, soos geribde gewelwe, hoë suile binne die kerk en spitsboë, was reeds vroeër bekend maar Suger het dit verder ontwikkel, binne ‘n nuwe konteks saamgevoeg en met nuwe elemente gekombineer (Sutton 1999:74). Die heraanwending van bestaande elemente, saam met nuwes, het ongekende moontlikhede geskep in die aanwending van argitektoniese ruimte (Klein 2004:29). Meer besonderhede word in paragraaf 2.3.3 weergegee. Suger was een van die toonaangewende persone in die ontstaan en ontwikkeling van ‘n nuwe boustyl binne die kerkargitektuur (Cantor 1993:323).

Die finale kerstening van Europa in die Middeleeue het gepaard gegaan met ‘n tydperk van *umbruch* – groot omwentelings en gepaardgaande destabiliteit op haas elke lewensterrein. ‘n Geskiedskrywer van die Oxford Universiteit verwys daarna as ‘n skouspel - *a great spectacle* (Roberts 1993:395). Monastiese hervorming en pouslike outokrasie het in dié tyd tesame ‘n intellektuele energie geskep. Saam met nuutgevonde welvaart in private kringe en groter intellektuele vryheid oor die algemeen, het ‘n nuwe gees posgevat wat uiting gevind het in ‘n nuwe kunsstyl. Die naam Gotiek vir dié styl het sowat vyf eeue na die ontstaan daarvan eers algemene inslag gevind toe dit neerhalend deur die Italiaanse skilder, kunskritikus en argitek, Vasari, gebruik is om die styl te beskryf as primitief, lelik en in swak smaak, soos die optrede van Gotiese barbare in vroeë Europa (Cantor 1993:436; Gympel 1996:30; Sutton 1999:74). Ook sir Christopher Wren het die term in die 17de eeu in ‘n afbrekende sin gebruik (Fletcher 1959:326).

Die nuwe styl het die sterkste na vore getree op die gebied van argitektuur. Op fisiese gebied het die styl onder meer gelei tot ‘n hoë toring of torings en ‘n indrukwekkende struktuur in elke dorpie in Europa. Op geestelike vlak het dit die Kerk en die spiritisme wat daarmee gepaard gegaan het binne die ervaringsveld van elke Europeër gebring. Die estetiese aspek van die Gotiese katedrale alleen, sonder die meta-fisiese beïnvloeding daarvan, word deur Fletcher vergelyk met dié van versierde Egiptiese en Asiriese tempels,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Romeinse baddens en Bisantynse kerke (1959:330). Roberts beskryf die katedrale wat gedurende en ná die 12de eeu in die Gotiese styl gebou is as *one of the great glories of European art* (1993:395). Pirenne beskryf dit as [...] *the one great school of architecture which the history of art can place on an equality with Greek architecture* (1959:350).

Dit het meer as ‘n eeu geneem vir die Gotiese boustyl om deur die hele Europa aanvaar te word (Toman 2007:17). Tog is ‘n groot aantal katedrale in die vier eeue tussen die 12de en 16de eeue in dié styl in Europa gebou. Dit het ongekende uitdagings gestel aan die bestaande tegniese en argitektoniese vermoëns van die tyd. In die proses is ‘n nuwe gees aan kerkargitektuur gegee en is indrukwekkende strukture opgerig wat struktureel gegrond was op wigte en teenwigte en die harmoniëring van konstruksie-elemente, asook die harmoniëring van stoflike, nie-stoflike en metafisiese elemente. Soos nog nooit vantevore nie, is daarna gestreef om die religieuse gees van die tyd deur middel van argitektoniese stylelemente uit te beeld (Fletcher 1959:326). Die nie-stoflike elemente van lig, hoogte en ruimte was deel hiervan. Groter ingeslote en ononderbroke binneruimtes as wat die westerse mens vantevore geken het, is geskep en doelbewus aangewend om atmosfeer te skep en te beïndruk (Cantor 1993:436). Ten spyte van die styl se ontstaan in die Middeleeue en in die tyd van onrus, oorlog en die kruistogte het dit van die mees inspirerende geboue van alle tye gelewer (Glancey 2006:245).

Nadat die styl deur Wes-Europa versprei het, het dit tussen die 12de en 16de eeue nie alleen gedien as die aanvaarde styl vir kerke en katedrale in Europa nie, maar was dit selfs die voorkeurstyl vir sulke strukture (Sutton 1999:76).

Franse argitekte het aanvanklik ‘n groot rol gespeel in die ontwikkeling en verspreiding van die Gotiese boustyl deur die hele Europa maar verskille tussen die Gotiek van verskillende Europese lande het mettertyd ontwikkel (Glancey 2006:245). Individuele argitekte het hul eie beslag aan geboue gegee en moes aanpassings maak vir verskillende boumateriale en verskillende klimaatgesteldhede in verskillende dele van Europa. Welvarendheid van ‘n gemeenskap en/of kerklike streek of provinsie, of die gebrek daaraan, het altyd ‘n belangrike rol gespeel in die gestalte wat die struktuur uiteindelik sou aanneem maar die grondliggende elemente van die Gotiese styl was in alle variasies herkenbaar (Pirrene 1959:351). Met verloop van tyd het ook op die Britse eilande verskillende variasies van Gotiek ontwikkel (Martin 2005:7).

Die Gotiese styl was nie beperk tot kerke en katedrale nie. Openbare en opvoedkundige geboue, biblioteke, gedenktekens, waterfonteine, huise en selfs brûe is in die styl gebou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die publisering van Leon Battista Alberti (1404-1472) se werk oor argitektuur in 1485 en die herontdekking van die gedagtes en riglyne van die Romeinse argitek Vitruvius in 1486 het saam met die ontwikkeling van die drukpers in die middel van die 15de eeu ‘n groot invloed op Europese argitektuur gehad. Die genialiteit van Filippo Brunelleschi het hiermee saam die doodsklokke vir die Gotiese styl gelui (Pirrene 1958:537; Glancey 2006:273; Hale 1994:202).

Vroeg in die 16de eeu het die Gotiese styl in die grootste deel van Europa plek gemaak vir die argitektuur van die Renaissance. In Duitsland, waar Renaissance-kuns stadig ontwikkel het, het die Gotiek tot later in die 16de eeu bly voortbestaan en in dele van Spanje is kerke en kapelle tot vroeg in die 18de eeu steeds in dié styl gebou (Toman 2004:17; Borngässer 2004:286).

Geen voorbeelde van die oorspronklike Gotiese argitektuur bestaan in Afrika suid van die Sahara nie.

2.2 Europa in die tyd van die Gotiek

Sir Banister Fletcher haal Morgan aan wat konstateer dat argitektuur ‘n rekord is van die mens en dat dit die geskiedenis van die stand van die gemeenskap waarbinne dit ontstaan het, weergee (1959: eerste teenblad). Argitektuur is ‘n kultuurskepping van die mens en weerspieël onder meer die mens se wense en behoeftes, tegnologiese vaardighede en sin vir die estetiese op ‘n spesifieke tyd. Geen styl ontstaan in ‘n lugleegte nie en die Gotiese styl was ook ‘n produk van die tyd.

Tydens die vroeë Middeleeue het die Kerk absolute onderwerping aan die Kerk van die gewone mens, die adelstand en nie-kerklike regeerders verwag en het volle beheer oor die lewens van mense gevoer (Pirenne 1958:169, 397). Daar was geen sprake van vryheid van denke nie, ook nie wat vertolking van Bybelse gegewens betref nie (Cantor 1993:39; Pirenne 1959:298). Die Middeleeuse politieke stelsel het nie fundamenteel verskil van die stelsel wat vroeër reeds in Mesopotamië en Egipte gegeld het en vandaar deur die Hellenistiese en Romeinse ryke na Europe gebring is nie. Hierdie stelsel het voorsiening gemaak vir ‘n koning of ander absolute heerser met byna onbeperkte mag wat gesien is as deur God verorden as sodanig. Die Middeleeuse mens was nie bekend met enige ander stelsel nie (Cantor 1993:6). Demokrasie en menseregte het nog ver in die toekoms gelê. Die godsdienstige aspekte van sy lewe het alle ander aspekte van die Middeleeuse mens se lewe oorheers en ‘n groot deel van sy/haar energie is daaraan gewy om aan die regte kant

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van daardie godheid en die aardse verteenwoordigers daarvan te bly (Sutton 1999:76; Pirenne 1959:169).

Die Kerk het uitermate baie mag gehad en het selfs konings gemaak en gebreek (Fletcher 1959:325). Die siening dat die Kerk die reg het om geweld te pleeg en dood te maak in die naam van Christus het tydens die kruistogte beslag gekry (Pirenne 1958:297; Cantor 1993:301). Kerkleiers het geglo dit is hul plig om nie-gelowiges te dwing, met geweld as dit nodig is, om die Christelike geloof te aanvaar en om so die Christendom uit te brei (Cantor 1993:26). Die Kerk het ook die mag gehad om howe in te stel en mense oor geloofsaangeleenthede, veral kettery, te verhoor, te martel en te veroordeel (Pirenne 1958:297). Die bevolking het permanent geleef met die moontlikheid dat hulle van heksery of kettery beskuldig kon word en aan marteling onderwerp kon word om *skulderkennings* uit hulle te dwing. Boonop was daar ‘n jarelange stryd tussen die Kerk en regerings en die Kerk het by geleentheid van nie-kerklike regerings gebruik gemaak om hul mededingers uit te wis. In een so ‘n geval het Pous Innocenti in die 1220s van die noordelike Franse baronne gebruik gemaak om die Albigensiane in ‘n bloedbad uit te wis (Cantor 1993:424). Die Kerk het alle lewensterreine gedomineer (Fletcher 1959:262).

Die konflik tussen wêreldlike regeerders en die Kerk oor die aanstelling van kerklike gesagsdraers het in die middel van die elfde eeu tot destabilisasie in Duitsland en Italië gelei en teen die einde van die eeu ook in Frankryk. Dit was veral die geval na die verkiesing van Pous Gregorius VII in 1073. Dit het die bevolking vir verskeie dekades ontwrig en gedestabiliseer (Roberts 1993:393,395). In 1184 het Pous Innocenti III katolieke konings verantwoordelik gemaak vir die vervolging van ketters (Roberts 1993:397). Dit het verdere destabilisasie gebring en het onder meer ‘n negatiewe uitwerking op die standaard van vakmanskap gehad (Fletcher 1959:263). Die feodale stelsel en armoede was aan die orde van die dag, die bestaande kerkgeboue was donker, beknop en nie vir almal toeganklik nie (Cantor 1993:222), siektes en hongersnood was algemeen en slawerny is selfs deur die kerk aanvaar.

Dit was donker dae in Europa, die sogenaamde *Dark Ages,* maar vanaf die 10de eeu was daar ‘n oplewing in handel en kommersiële aktiwiteite in dele van Europa, wat tot ‘n bevolkingstoename en ‘n mate van vooruitgang gelei het (Klein 2004:28). In die 12de eeu was daar ook ‘n intellektuele oplewing in Europa (Cantor 1993:343) en verskeie uitstaande individue het ‘n rol gespeel in ontwikkelinge gedurende daardie eeu. Die ab Suger van St Denis was een van hulle (Cantor 1993:324). In dieselfde eeu was daar ‘n herbewuswording van die Romeinse reg, wat ook die Kerk se regstelsel beïnvloed en verruim het (Cantor 1993:312).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na uitgerekte stryde met nie-kerklike leiers, onder meer oor die reg van sulke leiers om persone in kerkampte aan te stel, en onderlinge verdeeldheid, het die Kerk se algehele beheer oor die bevolking van Europa in die 13de eeu begin afneem (Pirenne 1958:398). Tussen 1214 en die 1290s was daar relatiewe vrede in Europa (Cantor 1993:435). Humanisme en die bevraagtekening van die Kerk se gesag het meer algemeen geword, hoewel die Kerk nog vir meer as ‘n eeu sy magsposisie grotendeels sou behou (Glancey 2006:274).

2.3 Aard en Kenmerke van die Gotiese boustyl

Die Gotiese styl was nie beperk tot argitektuur nie en het ander kunsvorme ingesluit maar argitektuur was die sterkste manifestasie daarvan (Cantor 1994:400) en is die fokus van hierdie studie.

Die Suid-Afrikaanse argitek Hannes Meiring het Gotiese kerkgeboue beskryf as geboue met *strukturele dissipline wat ‘n ritme soos weldeurdagte musiek het* (Van der Westhuizen 1990:7). In die algemeen word oor die styl geskryf: *The character of Gothic visual aesthetics was one of immense vitality: it was spikily linear and restlessly active. Informed by the scholasticism and mysticism of the Middle Ages, it reflected the exalted religious intensity, the pathos, and the self-intoxication with logical formalism that were the essence of the medieval* en [...] *it was characterized by lightness and soaring spaces* (http://www. infoplease.com/ce6/ent/ AO858436/html).

2.3.1 ‘n Gees van gemeenskapsgerigtheid

Die nuwe boustyl het met ‘n nuwe gees en benadering gepaard gegaan.

Gedurende die 10de en 11de eeue is baie klipkerke in die Romaanse styl in Duitsland, Frankryk en noordelike Spanje gebou vir die adellike, feodale en kerklike elite. Hierdie Romaanse geboue was meestal klein in vergelyking met die Gotiese geboue van die 12de en 13de eeue en was bedoel vir die gebruik van hierdie klein elitegroepies, terwyl die latere Gotiese kerke daarop gemik was om massas mense deur openbare kerkdienste te bereik. Die Romaanse kerke van Europa was swaar, donker en massief in voorkoms. Hulle was sterk kerklike forte, gebou deur argitekte en ambagsmanne wat die feodale forte in die 11de eeu ontwerp en opgerig het of mense wat in daardie idioom gewerk het. Van die geboue het spleet-openinge gehad waardeur boogskutters kon skiet. Die mure was dik en vanweë hul gewigdraendse funksie was die aanwending van vensters beperk. Gevolglik was hulle donker binne. Hoewel donker binne, het die Romaanse kerke ‘n beskutte, rustige atmosfeer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir kerkgangers gebied. Hulle was nie oordadig versier, soos sommige kerkgeboue in latere style nie, en kosbare ornamente en beeldhouwerke, dikwels unieke werke, is op beperkte skaal uitgestal. Dit het die elitistiese aard van die Romaanse katedrale en kerke verder beklemtoon (Cantor 1993:222-223).

Die ab Suger se verandering van die katedraal van St Denis het ‘n nuwe tydvak ingelui waartydens struktureel wegbeweeg is van die massiewe Romaanse kerkboustyl na ‘n struktureel meer skelet-agtige styl. Dit het ook ‘n ander lewensfilosofie weerspieël. Gympel beskryf dit so: [...] *it embodies the philosophy of society and is an expression of the political and theological world view of all the members of the society in question* (1996:30).

Die bouwerk aan hierdie en ander Gotiese katedrale is nie aangepak as ‘n verpligting en ‘n taak wat verrig móés word nie maar as iets wat gedoen is in die oortuiging dat daaraan saamgewerk word om ‘n simbool van die mense se geloof, hul gemeenskap en hulself uit te beeld. Die naamloosheid van die Middeleeue is afgeskud en in die Gotiese strukture is afbeeldings, tekens en inskripsies ingesluit van argitekte, kunstenaars en burgers wat betrokke was of bygedra het tot die bouprojek, soms in die vorm van messelaarsmerke, amper soos by goud- en silwersmede (Howarth 1990:69). In die katedrale van St Stephan in Wenen en St Vitus in Praag is beelde van die argitekte van die geboue te sien wat onderskeidelik in die trap en in ‘n pilaar verewig is. Die ontwerpe van die Gotiese katedrale was ook so dat dit deur alle sosiale klasse verstaan kon word – die simbolisme van die gebou as geheel en van die vensters en beelde was vir die gewone mense so duidelik soos vir die intellektuele (Gympel 1996:30). In teenstelling met die Romaanse kerke was die kerke en katedrale in die nuwe boustyl groot, indrukwekkend, lig, verwelkomend, sensories en spiritisties stimulerend en ‘n integrale deel van die gemeenskap. Dit het die gemeenskap en die filosofie van die betrokke gemeenskap vergestalt en het die politieke en teologiese lewensuitkyk daarvan getoon. Die gemeenskap was betrokke in die konstruksieproses en het saamgewerk om ‘n simbool van hul geloof, hul dorp of stad en hulself op te rig (Gympel 1996:30). Die katedraal van Amiens kon byvoorbeeld die hele stad se bevolking van sowat 10 000 mense onderdak gee toe dit voltooi is. Gemeenskappe was betrokke by en geweldig trots op hul katedrale (Howarth 1990: 69).

Benewens hul godsdienstige behoeftes het die katedrale ook in baie van die gemeenskap se nie-godsdienstige behoeftes voorsien: die gildes het hul besigheid vandaar gedoen, grade is in die katedrale toegeken, daar is handel gedryf, werkers is in die katedraal gehuur, mense het daar skuiling gesoek teen die weer en dit was altyd oop vir pelgrims en siekes (Mitchell 1968:9). Die kerk was die toonbeeld van die welvarende burgers, die handvaardige ambagsmanne, die stad se hele bevolking en die stad se trots. Die hoogte van die toring

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was, volgens Krummer-Schroth, veral ‘n bron van plaaslike trots (1970:164). Die torings was hoër en van meer belang in Duitsland as in ander lande en hierdie stelling van Krummer-Schroth is meer van toepassing op katedrale in daardie land as in ander (Glancey 2006: 245).

In teenstelling met die kerke van die Romaanse styl, sê Gympel oor die Gotiese katedrale: *They had become shrines of light.* Nie net elite-groepe nie maar die hele gemeenskap kon aan die kerk se verrigtinge deelneem en, hoewel baie nie Bybels besit het of kon lees nie, kon hulle Bybelverhale en gelykenisse volg aan die hand van die uitbeeldings in die vensters (1996:32). Volgens Roberts was daar groot publieke steun en deelname vir en met die oprigting van die Gotiese katedrale in Europa in die 12de eeu. Die algemene burgers het hulself deel van iets groots gevoel. Hy tref die analogie met die steun van gewone mense vir die ruimteprogram gedurende die 20ste eeu (1993:396). In die plek van die somber, donker kerkgeboue en die verdoemende boodskap van veroordeling en ewige vagevuur, tesame met voortdurende vrees vir fisiese leed deur die kerk, kon die burgery nou ‘n positiewe kant van die godsdiens sien: hoë suile en pragtige gewelwe wat hoog bo die nietige mens rys en die oog na bo lei; ingeslote ruimtes wat nie net indrukwekkend is nie maar ook goeie akoestiek het; skouspelagtige uitbeeldings van Bybelverhale en –gebeure in gekleurde glas. Eikehout koorbanke en preekstoele deur meesters gekerf, pragtige altaarskerms, marmervloere (dikwels met inlegwerk), afsperrings, kandelare en meublement het verder atmosfeer geskep en beïndruk. Die hoë, byna swewende dakke, die betowering van die gekleurde lig en uitbeeldings wat tot die intellek van die gewone mens gespreek het, die spitsboog en ander kenmerke van die Gotiek, het nie net saamgesmelt met die Christelike simboliek nie maar so ‘n integrale deel daarvan geword dat ander boustyle vir eeue lank as ontoepaslik vir kerkargitektuur beskou is (Sutton 1999:76).

2.3.2 ‘n Visie van Jerusalem en die hemel

Katedrale in die Gotiese styl moes aan die hemel en/of Jerusalem herinner (Gympel 1996:33) en het as doelwit gehad om ontsag in te boesem en die mens wat in die *huis van die Allerhoogste* kom deur middel van ‘n kombinasie van elemente aan te gryp en aan te spreek. Cantor maak die stelling dat die Gotiese katedrale se grondplanne in die vorm van ‘n kruis was (1993:436). Baie van die vroeë katedrale se grondplanne wás in die vorm van ‘n kruis maar dit is nie universeel so nie. Die meeste katedrale het minstens twee syskepe gehad maar sommiges kon veel meer hê, soos die Liebfraukirche in Antwerpen, wat in 1352

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 2: Notre Dame, Dinant (Kurmann 2007:178)



Figuur 3: Santa Maria, Seville (Börngasser 2007:276)



Figuur 4: Liebfraukirche, Antwerpen (Kurmann 2007:179)

begin is (Kurmann 2007:179). Figuur 2 toon die grondplan van die katedraal van Notre-Dame, Dinant in België, gebou tussen 1227 en 1247, wat wel kruisvormig is, figuur 3 toon die grondplan van die katedraal van Santa Maria in Seville, gebou in die 15de eeu, wat nie kruisvormig is nie, en figuur 4 toon die Liebfraukirche in Antwerpen, gebou vanaf 1352, wat verskeie syskepe het.

Verskeie ander simbole en elemente is aangewend om geboue in die teken van die godsdiens te plaas. Lig en glas was van hierdie elemente. ‘n Stelling van Marshall lui: *If one increases the number of coloured windows in a single structure, then a church becomes a house of colours, a place filled with light for the greater glory of God, a heavenly Jerusalem* (1990:8).

Cantor sê in dié verband dat alle kunste ingespan en alle sintuie aangespreek is om ‘n insig te gee in die onbeskryflike glorie van die hemelse lewe (1993:436). Roberts beskryf die Gotiese katedrale as beide offerandes aan die Skepper en instrumente van evangelisasie en opvoeding op aarde (1993:396). Die torings en binnestruktuur van die katedrale het hemelwaarts gewys en Howarth noem die Gotiese boustyl die uiterste uitdrukking in klip van die Christelike geloof (1990:69). Dit sou vir eeue so gesien word, meer as enige ander kerkboustyl.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Holistiese studie van die kerkargitektuur van die tyd, binne konteks van die rituele, kleredrag, koor- en orrelmusiek en ander elemente van die Christelike godsdiens, hoewel relevant en belangrik, val buite die veld van hierdie studie.

2.3.2.1 Ruimte, hoogte, illusie en simboliek

Argitektuur is vroeër in die studie beskryf as in wese 'n menslike handeling om te beplan hoe om ruimte te omsluit en sinvol aan te wend om in bepaalde behoeftes te voorsien, en die uitvoering van daardie beplanning. Die Gotiese styl het ononderbroke ingeslote ruimtes geskep soos wat die westerse mens nie geken het nie (Cantor 1993:436). Hierdie ruimte is saam met stylelemente soos hoë suile, spitsboë, baie lig en die indruk van 'n byna swewende dak aangewend om die indruk van oopheid, ook na bo, selfs van opryssing (*soaring*) en vryheid te skep. In die vroegste tye is aanvaar dat die hemel bo die aarde is en verskillende voorbeelde bestaan van konstruksies wat deur die mens opgerig is om blyplek vir die gode te skep, nader aan daardie gode en hemel te kom en/of die gode te nooi om na die mens af te daal. Die Ziggurat van Urnammu, wat in die 21ste eeu v.C. reeds 'n ou gebou was, was meer as 30 meter hoog en is moontlik die oudste voorbeeld hiervan (Roberts 1993:45; Glancey 2006:47).

Met kore wat engelekore gesimboliseer het in die groot, oop, ononderbroke ruimte wat hoog na bo gereik het, kerkleiers wat rooi, purper, goud en ander kleure gedra het, bekende Bybelfigure wat op die gemeente afgekyk het vanuit die vensters en engele uit hout gekerf op koorbanke en ander meubels, kan verstaan word dat die kerk met die hemel vereenselwig is en die kerkleiers as simbolies van die hemelse ryk gesien kon word (Cantor 1993:436). Vir ab Suger was die groot, ingeslote ruimte binne die kerk nie net om praktiese redes van belang nie. Hy het dit gesien as 'n nie-stoflike element van die kerk wat van estetiese waarde was en die mens klein en nietig laat voel het en hom gelei het om sy oog na bo te wend (Gympel 1996:33).

Behalwe vir die groot ruimte, die lang suile en die mooi versierde gewelwe wys verskeie spitsboë ook hemelwaarts in die Gotiese styl: [...] s*pires and internal structures in Gothic churches pointed upwards to a heaven above* (Howarth 1990:69). Hoë pilare en die byna afwesigheid van mure laat die dakke van die katedrale nog hoër lyk as wat hulle in werklikheid is. Romaanse swaar argitektuur se massa en gewig is in die Gotiese styl vervang met 'n ligtheid en oënskynlike wegdoen met massa, die *oplos* van die mure en die skep van 'n delikate raamwerk wat lyk asof dit sweef en opstyg na die hemel (Gympel 1996:34). Dit alles moes help om die oog na bo te lei en die opvaring na die hemel te simboliseer. Ook Mitchell sê daar was nooit vroeër 'n styl wat die illusie kon skep dat dit

moontlik is om op te styg van die grond, al hoër en hoër te gaan en oënskynlik alle swaartekragwette te oorkom nie (1968:10).

Ook die suile binne die kerk het betekenis gehad. Afgesien daarvan dat hulle vektore was wat bygedra het tot die indruk van hoogte was hulle vir die ab Suger simbolies van die profete en apostels wat die Christendom gedra het (Gympel 1996:30).

2.3.2.2 Lig en glas

In voorkoms, atmosfeer en konstruksie was die oop, ruim Gotiese katedrale in skerp kontras met die Romaanse kerke. Die Gotiese styl het die gewig van die dak deur lugboë en stutmure (*buttresses)* versprei sodat daar minder gewig op die gebou se buitemure was. Dit het tot gevolg gehad dat dié mure minder massief gebou kon word. Meer vensters kon



Figuur 5: Glasvensters soos 'n gordyn van gekleurde glas (Saint Chapelle, Parys) (Borngasser 2007:49)

daarom in die buitemure ingebou word (Morris 1988:26; Brisac 1986:33) en die vensters is gevul met ruite van gekleurde glas. Sulke vensters van gekleurde glas het 'n kenmerk van die Gotiese boustyl geword (Lloyd & Blackmore 1988:6). Morris maak die stelling: *Stained*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

glass is as much a part of Gothic architecture as soaring vaulted naves and lavishly carved porches (1988:26).

Die gekleurde glas het die invallende lig in kleure opgebreek en het die Middeleeuse mens betower met die wisselende aard en strelende kleure daarvan en gehelp om *atmosfeer* te skep: *great, glimmering stained glass that threw rainbow light down into deep, dim interiors and inspired awe amongst medieval worshippers* (Lloyd & Blackmore 1988:6). Lloyd & Blackmore beskryf die uitwerking van die gekleurde glasvensters as betowerende gekleurde lig wat die strakheid van die diep binnekante van die geboue omtower het (1986:14).

Dit word redelik algemeen aanvaar dat glas vir die eerste keer in 4000 v.C in Mesopotamië gemaak is (Lloyd & Blackmore 1988:9). In die eerste eeu v.C was dit reeds aan die Egiptenare bekend (Marshall 1990:16). Die tegniek van glasvervaardiging het veral na die totstandkoming van die Romeinse Ryk in die eerste eeu voor Christus vinnig versprei (Marshall 1990:9; Morris 1988:8). Plat glaspanele was aan die burgers van die Romeinse Ryk bekend en is onder meer deur Pliney die Jongere in sy briewe beskryf. Later, in die vyfde eeu na Christus, is glasvervaardiging ook beskryf deur biskop Sidione Apollinaire (Brisac 1986:7).

Die glasvensters van die Gotiese katedrale was ‘n offer aan God en Sy seun, vir wie dit gemaak is. Vanaf die tyd van St Augustine is lig beskou as ‘n onontbeerlike en fundamentele deel van die verheerliking van die Skepper omdat God lig is (Brisac 1986:7). Johannes 1 vers 4 lui: *In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.* In Duits is die bewoording dieselfde: *In Ihm war das Leben, und das Leben war das Licht der Menschen* (Merian Bybel 1964: 101). In Johannes 1 vers 8 verwys Johannes na sy eie sending en skryf: *Hy was self nie die lig nie maar hy moes van die lig getuig* (*Die Bybel* 1983:122-123). In Johannes 8 vers 12 sê Jesus: *Ek is die lig vir die wêreld* (*Die Bybel* 1983:134). Die Duitse weergawe is *Ich bin das Licht der Welt* (Merian Bybel 1964:112).

Kurmann-Schwartz sê die Middeleeuse mens het lig gelyk gestel aan die goddelike en [...] *the glowing pictures of coloured glass seemed overwhelmingly and utterly compelling illustrations of the word of God. Theologians consequently ascribed to the stained glass the power to enlighten humanity and keep them from evil* (2004:469).

Die siening ten opsigte van die noue verband tussen God en lig het regdeur die Middeleeue gegroei en in die dertiende eeu het biskop Durand de Mende geskryf: *Stained glass windows are the divine writings that spread the clarity of the true sun, who is God, through the church, that is to say, through the heart of the faithful, bringing them to enlightenment* (Brisac 1986:7). Die eienskap van glas om voortdurend te kan verander na gelang van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 6: Die binnekant van die katedraal van Carcasonne, Suid-Frankryk (Borngasser 2007:117)

sterkte en posisie van die son het die mens altyd met verwondering gevul (Brisac 1986:7). Lloyd en Blackmore beskryf dit so: Natuurlike lig beweeg deur gekleurde glas en veroorsaak ‘n kaleidoskoop van pragtige veranderende kleurmutasies. Glas is die enigste dekoratiewe medium met hierdie element van subtiele variasie en onvoorspelbaarheid en dit is hierdie eienskap van veranderlikheid wat glas so ‘n uitstaande kreatiewe medium maak (1988:6).

Die vensters van gekleurde glas het nie net estetiese en meta-fisiese funksies vervul nie, maar het ook praktiese nut gehad. Dit het lig ingelaat, kleur en atmosfeer gegee aan die binnekante van die geboue en het ongeletterde kerkgangers en/of kerkgangers sonder Bybels gehelp om die Bybel en die evangelie te verstaan deur middel van illustrasies in glas (Marshall 1990:8; Gympel 1996:32). Moontlik die belangrikste aspek daarvan was dat dit ‘n integrale en geïntegreerde deel van die geheelharmonie van Gotiese argitektuur uitgemaak het.

Figuur 7: Die katedraal van St Pierre, Bauvais (Klein 2007:66)



Figuur 8: Struktuur van 'n tipiese Gotiese kerkgebou (Met erkenning aan Christina Melhose en Könemann Verlagsgesellschaft, Keulen).

Vensters in Gotiese katedrale het die spitsboog-motief herhaal maar die ronde roosvenster is ook tipies van die styl. 'n Roosvenster is die eerste keer in die katedraal van St Denis gebruik en sou mettertyd 'n kenmerk van die styl word (Klein 2004:28).

2.3.3 Struktureel

Struktureel het die Gotiese styl gebruik gemaak van 'n kombinasie van ribgewelwe, die spitsboog en stutmure wat nie heeltemal onbekend was in die westerse boukuns nie maar wat op 'n nuwe manier saamgevoeg en funksioneel en esteties in harmonie gebring is. Hierdie drie elemente is van die uitstaande strukturele kenmerke van die styl (Klein 2004:28).

Rib- en kruisgewelwe is 'n verfyning van die gewelfsisteem wat uit die Romeinse Ryk dateer. Ribgewelwe, soos in die Gotiese styl, is meestal gevorm deur eers 'n raamwerk van ribbe te vorm en dan die gewelf met materiaal op te vul. By die herbouing van die katedraal van St Denis is die gewelf vir die eerste keer na bo gepunt, wat die gewig daarop beter versprei het. Die gespitste gewelwe kon die gewig soveel beter dra dat die invulling daartussen nie meer 'n strukturele funksie gehad het nie en van veel ligter materiaal kon wees (Gympel 1996:31). Met spitsboë het dit ook moontlik geword om boë met verskillende spanwydtes dieselfde hoogte te gee (Sutton 1999:74). Benewens die spitsboog se strukturele funksie, het dit ook 'n simboliese wyser na die hemel geword. Fletcher maak die stelling: *This feature, in*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

conjunction with buttresses and lofty pinnacles, gives to the style the aspiring tendency which has been regarded as symbolic of the religious aspirations of the period (1959:326). Funksionele en meta-fisiese aspekte word hier in een element saamgevoeg en word ‘n belangrike kenmerk van die Gotiese styl (Klein 2004:28).

Lugboë en stutmure is aan die buitekant van ‘n gebou opgerig teenoor ‘n spitsboog om die uitwaartse druk op die boog teen te werk (Hattingh 1985:118). Die stabiliteit van geboue is gekry van druk en teendruk (*thrust and counterthrust*). Die gesamentlike afwaartse druk van die midskip se plafon en die dak word deur die vorm van die spitsboog nie net na onder nie maar ook sywaarts verplaas. Die sywaartse druk word teengewerk deur die korrek-geplaaste boogstutte of lugboë wat bo-oor die syskepe reik en teen die mure van die midskip druk. Hierdie stutmure is versier met siertorings om gewig daaraan te gee (Fletcher 1959:326). By die Romaanse boustyl het soliede mure die binneruimte van die kerk ingesluit en die dak gedra. By die Gotiese boustyl bestaan die mure uit dele van mure wat reghoekig tot die gebou staan en wat die gewig van die ribgewelwe dra. Die hele struktuur bestaan uit ‘n raamwerk van stutmure, boë en geribde gewelwe wat in balans gehou word en waarbinne kragte en magte in ekwilibrium gehou word deur verskillende kragte wat mekaar teenwerk. (Fletcher 1959:329).

2.3.4 Versiering

Die verskil tussen strukturele en dekoratiewe elemente van die Gotiese boustyl is in sekere mate kunsmatig omdat van die elemente beide funksioneel en dekoratief is.

2.3.4.1 Dakspuiers

Dakspuiers, ‘n kenmerk van die Gotiek, is grotesk-gekerfde figure van duiwels en monsters wat uit ‘n estetiese oogpunt nie aan die gewone betekenis van die begrip versiering voldoen nie. Hoewel hulle ‘n praktiese funksie vervul, dien hulle ook as afronding en daarom word hulle hier by versiering gegroepeer. Hulle is gewoonlik van graniet gemaak en hul funksie is om afloopwater vanaf die dak weg te lei van die mure van die gebou. Daardeur beskerm hulle die mure, en veral die messelwerk aan die mure, teen erodering deur afloopwater. Op ‘n metafisiese vlak word hulle gesien as simbole van boosheid wat die ongeletterde Middeleeuse mens die skrik op die lyf moes jaag (en hom/haar daarom kerk toe laat gaan) of as simbool daarvan dat die boosheid buite die kerk bly (Glancey 2006:247,497).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.4.2 Versierde fasades en ingange

Die katedrale wat in die 12de eeu in Frankryk opgerig is, het fasades gehad wat gekenmerk is deur versiering met sorgvuldige en kunstige beeldhou- en kerfwerk, gepunte torings en roosvensters (Cantor 1993:436). Die ingange was diep in die fasades en in die vorm van spitsboë. Suile weerskante van die opening kom nader aan mekaar hoe verder hulle na binne teruggeplaas is. Daar is pilaar-figure, wat in die Gotiese styl nie deel van die pilaar vorm soos in klassieke argitektuur nie maar vóór die pilaar staan. In die Gotiese styl is die menslike figure baie natuurlik en die klerasie van die figure sag geplooi. Baie van die vroulike figure neem ‘n posisie in wat bekend staan as die *Gotiese S-kurwe.* Die bokant van die ingange is so ryklik versier dat daar gewoonlik geen onversierde dele is nie (Howarth 1990:70).

2.3.4.3 Lob- en loofmotiewe

Trasering word deur Greig beskryf as *intersecting ribwork in the upper part of a window, or used decoratively in blank arches, on vaults (1971:234).* Dit is ‘n tegniek waardeur dun, ineengeweefde steenwerk ‘n dekoratiewe patroon vorm. Dit is aanvanklik net in vensters gebruik maar is mettertyd ook op mure, gewels en ander dele van geboue aangewend. Engel maak die stelling dat met *tracery* [...] *one could cover not only the windows but* [...] *also the walls* (2004:137). Die basiese vorms daarvan is die lob, die drielob, vierlob of veelvoudige lob wat sinoniem geword het met die Gotiese boustyl (De la Riestra 2004:23).

Ook tipies van die Gotiese styl is loofversierings. Dit bestaan uit graniet, gekerf in die vorm van krullende blare en is as versiering aangebring op skuins kante van torings en torinkies, oordekkings en ander uitstaande punte (Howarth 1990:71).

2.3.4.4 Ander versiering

Die 12de eeu se katedrale word beskryf as *vast* [...] *with wide portals, high celestories* [bobeuke], *soaring buttresses, pointed arches, ribbed vaulting, rose windows* [...] (Cantor 1993:436). Die kombinasie van al die elemente het as geheel bygedra tot die versiering of verfraaiing van die geboue. Die boumateriaal self was van groot belang en is dekoratief aangewend. Klip is by voorkeur gebruik hoewel omstandighede in sekere streke aanpassings genoodsaak het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 9: Trasering in 'n tipiese roosvenster (Reims) (Klein 2007:37)



Figuur 10: Trasering op mure (Barcelona) (Borngasser 2007:267)

In Suid-Afrika het klipwerk baie eeue later een van die hoofkenmerke en voorkeur-boumateriaal vir Neo-Gotiese geboue geword en is die vorm en kleur van die klippe dekoratief aangewend. In Europa het dit nie slegs gehelp om karakter aan geboue in die Gotiese styl te gee nie, maar die bewerking daarvan het tot 'n gevorderde kuns en tegniek ontwikkel. Die Gotiese bouers het klip tot die materiaal se uiterste bruikbaarheid aangewend. Hulle het klip gebruik vir torings wat bo die hoë dakke van die midskepe en dwarsvleuels ge-rys en in spitstorings met fyn, kantagtige trasering geëindig het (Fletcher 1959:326).

Ná die Slag van Hastings in 1066 het die Normandiër Willem die Veroweraar die heerser oor Engeland geword. Die Romaanse boustyl was die algemene boustyl van dié tyd in Normandië (Kurmann 2004:157). In Engeland het die Angel-Saksiese bevolking tot op daardie tydstip byna geen kastele gebou nie, maar na die Normandiese oorname het Willem die Veroweraar een van die mees intensiewe bouprogramme in die geskiedenis van stapel gestuur (Sutton 1999:58). Indrukwekkende klipkerke in die Normandiese styl is oral oor die land opgerig (Cantor 1993:285). Om die Engelse bevolking onder beheer te hou, is ook sewentig forte in Engeland gebou (Glancey 2006:240). Argitektonies het die Normandiërs byna niks van die Angel-Sakse oorgeneem nie: die afmetings van geboue, die styl, in sommige gevalle selfs die klip vir bouwerk, is van Normandië af ingevoer (Sutton 1999:58). Die kastele is gebou om die bevolking in bedwang te hou, grondgebied te verdedig en in die algemeen as militêre vestings te dien. Torings en hoë mure is voorsien van borswerings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vanwaar daar geveg en waaragter daar geskuil kon word. Hierdie borswerings het afwisselend hoër, opstaande, reghoekige dele (kanteeltande) en laer dele (kanteelkepe) gehad en het bekend gestaan as kanteelwerk. Ná 1066 het dit kenmerkend van die Normandiese styl geword. Die Normandiese styl was nie een van die drie Gotiese tipes in Engeland nie maar die styl se kanteelwerk het later kenmerkend van die Neo-Gotiek geword (Martin 2005:7, 9). Martin beskryf die Normandiese styl as ‘n styl wat in Engeland gebruik is voordat die Gotiese styl daar gevestig geraak het en wat ten beste as naby aan die Romaanse boustyl beskryf kan word (2005:95).

Teen die einde van die Romaanse era in Engeland, tussen 1170 en 1200, het in daardie land ‘n styl ontstaan wat as die Oorgangstyl (*Transitional style*) bekend gestaan het. Hierdie styl het Gotiese elemente en elemente van die Normandies-Romaanse styl bevat en het die Gotiese era ingelui (Sutton 1999:64).

2.4. Tussen die Middeleeue en die Renaissance

Latere argitekte en kunstenaars het neerhalend na die Gotiese styl verwys maar dit was ‘n produk van die mens van die tyd. Alle vaardighede op tegniese en vakkundige gebiede in die boubedryf en op die terrein van ingenieurswese, kuns en mensekennis is by die ontstaan en groei daarvan aangewend om ‘n nuwe styl te skep wat die ontwaking van individualiteit, groter vryheid en meer selfstandige denke en eie-trots weerspieël het. Die boustyl was nie alleen sterk en solied nie, maar ook esteties strelend en veral indrukwekkend. Verder het dit metafisiese aspekte van godsdiens en die idee van ‘n werklik bestaande hemel binne sigbare bereik van gewone mense gebring. Geen ander styl het in die verskeie eeue sedert die ontstaan van die Gotiek nog daarin geslaag om die abstrakte gedagtes in verband met godsdiens en die konkrete vergestalting van geboue so na aan mekaar te bring nie. In vergelyking met die Romaanse styl wat dit voorafgegaan het, was dit ‘n kwantumsprong nader aan die Renaissance.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

GOTIESE HERLEWING

3.1 Herlewingstyle

Terwyl die Gotiese boustyl oor Europa versprei het tussen die 12de en 16de eeue, was daar min skakeling tussen Europa en die deel van Afrika suid van die Sahara. Bartholomeus Dias het weliswaar in 1488, en Vasco da Gama in 1497, in die mees suidelike deel van Afrika voet aan wal gesit maar kontak tussen hulle ekspedisielede en Afrikane was kortstondig en beperk tot die kus. Die binneland van Afrika suid van die Sahara was onbekend aan Europa en daar was nie sprake van eensydige of wedersydse kultuuroordrag tussen die Europeërs en die mense van Afrika nie. Die Gotiese boustyl het in Europa gekom en gegaan sonder dat dit Afrika suid van die Sahara bereik of beïnvloed het. Die feit dat elemente van dié boustyl vandag in Suid-Afrika aangetref word, is toe te skryf aan die feit dat daar in die noordelike halfrond in die agtiende en neëntiende eeue ‘n herlewing van die boustyl was.

In die westerse beskawing het dit meermale gebeur dat tegnologiese en wetenskaplike kennis verlore gegaan het, om later deur opgrawings (soos by Herculaneum en Pompeii), navorsing en die herbestudering van ou geskrifte (soos dié van Vitruvius) weer bekend te word en die verbeelding van latere samelewings aan te gryp. Soveel inligting het verlore gegaan dat in die vroeë agtiende eeu byvoorbeeld in Brittanje geglo is dat die Gotiese katedrale van dié land deur Anglo-Saksiese voorgeslagte gebou is (Sutton 1999:272). Die verlies aan kennis en inligting is nie net aan rampe en fisiese toestande te wyte nie, maar ook aan sosio-kulturele faktore.

Soos vroeër aangedui, word kultuur (waarvan argitektuur een manifestasie is), nie in ‘n lugleegte geskep nie, maar ontstaan en bestaan as ‘n kompleksiteit van sosiale, godsdienstige en ander aspekte en weerspieël die stand van ‘n betrokke beskawing op ‘n spesifieke tydstip (Fletcher 1959:853). Collier se ensiklopedie maak die stelling dat argitektuur groei uit die gelowe en aktiwiteite van ‘n bevolking op ‘n spesifieke tyd (Halsey (red) 1971:244). Hierdie aspekte van kultuur verander voortdurend en daarom is kultuur dinamies. Soos die Gotiese boustyl as gevolg van ‘n kompleksiteit van sosiale, godsdienstige en ander aspekte die Romaanse boustyl mettertyd verdring het in Europa in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die twaalfde en daaropvolgende drie eeue, het die Renaissance-Klassisisme vanaf die vroeë vyftiende eeu geleidelik die Gotiese styl begin verdring en vervang. Die Hervorming en ander faktore wat nie vir hierdie studie van kernbelang is nie, het weer daartoe gelei dat die Renaissance-Klassisisme geleidelik deur die Barok- en Rococostyle verdring en vervang is.

Boustyle wat van tyd tot tyd in die westerse wêreld ontwikkel het, was nie almal *nuwe* style en heeltemal oorspronklik nie. In sommige gevalle was daar ‘n terughunkering van die mens na tye wat deur vroeëre style gesimboliseer is. Groter kennis van die vroeëre style het soms getoon dat daar verdienste in sekere aspekte daarvan was, wat weer aangewend kon word. Daar was dan ‘n heraanwending van elemente van daardie styl, soms vir ander doeleindes as die oorspronklike en meestal deur middel van ander tegnieke en materiale. Omdat tyd verloop het tussen die oorspronklike styl se aanwending en die herlewing, en omdat leefwyses, tegnieke en behoeftes van mense ook verander het, is ‘n herlewing nooit volkome en presies soos die oorspronklike nie maar elemente daarvan word aangewend in die herlewingstyl, soms in ‘n ander funksie as by die oorspronklike styl.

In die laat-sewentiende en vroeë agtiende eeue het meer akkurate inligting oor die klassieke Romeinse en Griekse boukuns bekend geword en dit het die Klassieke laat herleef (Sutton 1999:268). Teen die 1800’s het kennis en mense meer beweeglik geword en dit het bygedra tot die verspreiding van kennis oor die boukuns van ander lande en ander eras. Dit het vir argitekte moontlik geword om in feitlik enige styl te bou. Daar is dan ook in die style van vroeë Egipte, China, die Arabiese lande en ander style gebou, maar slegs vier style het in die westerse wêreld werklik herlewing getoon: Neo-Romaans, Neo-Bisantyns, Neo-Klassiek en Neo-Gotiek (Sutton 1999: 268, 285).

3.2 Die Gotiese Herlewingstyl

3.2.1 Ontstaan

Oor die geskiedenis van die Gotiese Herlewingstyl is al baie gedebateer en verskil (Glancey 2006:271). Waaroor redelike konsensus bestaan, is dat dit in Brittanje ontstaan het. Oor die presiese datum bestaan daar uiteenlopende sienings. Volgens Sutton het dit in die eerste helfte van die 18de eeu ontstaan (1999:271). Bussagli is een van die bronne wat die ontstaandatum daarvan as die middel-agtiende eeu aangee (2005:160) en Glancey beskryf die ontstaandatum van die herlewingstyl as die laat agtiende eeu (2006:397). Elkeen van hierdie bronne het motiverings vir hul stellings, wat nie vir die doel van hierdie studie van kernbelang is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Glancey maak die bewering: *The Gothic Revival began as an English literary movement...* [...] *it also infiltrated architecture* (2006:397). Daar is in die Engelse literatuur van dié tyd 'n beeld van die Middeleeue geskep as 'n tyd van romantiek, skoonheid en morele waardes. Horace Walpole was 'n skrywer en het persoonlik 'n rol gespeel in hierdie romantisering en verheerliking van die Middeleeue as 'n goue era en in die oorbrugging tussen literatuur en argitektuur. Ander toonaangewende Britte het sy voorbeeld op argitektoniese gebied gevolg en die Gotiese Herlewingstyl het ontstaan, met wortels beide in die literatuur en die argitektuur (Sutton 1999:271). Die belang van die literêre aspek as grondslag van die herlewing van die Gotiek word algemeen aanvaar (Fletcher 1959:854; Halsey (red) 1971:252; Sutton 1999:271).

Soos vantevore in die geskiedenis van die wêreld, het godsdiens en godsdienstige oorwegings saam met belangrike sosiale veranderinge ook by die ontstaan en die wêreldwye verspreiding van die Gotiese Herlewingstyl 'n rol gespeel. Die groot en vinnige veranderinge wat die Industriële Revolusie veroorsaak het, het daartoe gelei dat kerkleiers en ander die veranderde wêreld ervaar het as sonder godsdienstige en morele waardes en haas sonder plek vir 'n God (Glancey 2006:397). Nuwe behoeftes en praktyke het daartoe gelei dat ou geboue, plase en dorpies, landerye en velde in Brittanje omgedolwe en ou bosse en strome beskadig is vir die bou van spoorlyne en die soektog na steenkool. Mense kon tussen verskillende plekke reis teen snelhede wat voorheen ondenkbaar was. Sowel die spoorweë as die mynbedryf het 'n nuwe klas van mense geskep wat nie aan die ou morele en godsdienstige vereistes en gebruike voldoen het nie en wat hulle baie min aan die gesag van die Kerk gesteur het. Die spoorwegwerkers in Brittanje is beskryf as: [...] *a race apart, a ferocious breed of men, working like titans and living like animals* [...] *as muscularly superb as they were intellectually rugged* (Gutsche 1970:30). Hulle het in groot groepe saamgewoon en getrek en gewerk sonder enige ontsag vir die natuur of ou tradisies en gebruike.

Op die hakke van die spoorwegbouers het die steenkoolmyners dikwels gevolg en die hele sosiale orde verder versteur. Boonop was die Kerk in Brittanje in die 18de eeu in 'n toestand van verval. Daar was in dié tyd 'n situasie van algemene bankrotskap in die Kerk, beide moreel en doktrinêr (Gutsche 1970:28). Onder die invloed van Augustus Welby Northmore Pugin, 'n man op soek na grondige, outentieke Christelikheid (Sutton 1999:273), het daar 'n diep filosofiese herbesinning en 'n groot en sterk godsdienstige herlewing in die Kerk in Brittanje gekom (Morse 1958:3876; Gutsche 1970:33). Hierdie herlewing het volgens Groves oorgespoel na die wêreld buite Europa in die vorm van sendingwerk (1969:462). Saam

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarmee is die Gotiese boustyl met sy simboliek en metafisiese aspekte gesien as kenmerkend van die vroeëre, goeie tyd van erkenning en verheerliking van God en die Gotiese kerkgeboue as geskikte plekke van aanbidding met die regte, gewyde atmosfeer waar die mens gedwing is om op die goeie terug te kyk terwyl hy ook kyk na die hemel bo (Glancey 2006:397).

Hoewel ook ander geboue in die Gotiese Herlewingstyl gebou is, is die beweging vir die grootste deel deur die kerk gedryf (Glancey 2006:398).

'n Bydraende faktor tot die groei van die Neo-Gotiek in Engeland was die feit dat sir Christopher Wren reeds vroeg in die agtiende eeu verskeie kerke en ook van die geboue van Oxford se universiteit in die styl ontwerp het. Die opkoms van die Neo-Gotiek in Brittanje het saamgeval met die versnelde tempo van verstedeliking en die godsdienstige oplewing, waarvoor honderde nuwe kerke gebou is (Sutton 1999:272). Gutsche skryf: *It was part of the spirit of revivalism that a great wave of church building should strike the whole country* (1970:36-37).

Pugin, beide 'n ontwerper en 'n skrywer, het die Neo-Gotiese styl gepropageer as die enigste eerlike Christelike argitektuur in Europa. Hy het geglo die gebruik van dié styl en die aanvaarding van die waardes wat daarmee gepaard gaan, kan die boosheid van die wêreld op morele, godsdienstige en sosiale gebied genees. Hy is deur Sutton beskryf as dié persoon, meer as enige ander, wat die titel van Vader van die Gotiek kan opeis (1999:273). Saam met John Ruskin en William Morris het hy 'n groot rol gespeel om aan die herlewingstyl 'n morele grondslag te gee en om die publiek, argitekte en opdraggewers vir geboue oor te haal tot aanvaarding van die Neo-Gotiese boustyl (Sutton 1999:274).

'n Jong Engelse egpaar, Robert en Sophia Gray, het soos al hul vriende in elite kerklike kringe in Engeland in die 1840's Pugin se skrywe en daarna Bloxam s'n oor die Gotiese Herlewing gelees en die styl begin bestudeer (Gutsche 1970:37). Sophy, soos 'n biograaf aandui sy in die omgang genoem is (Gutsche 1972:15), was nie lief vir sosiale interaksies nie maar was lief vir die natuur en was 'n praktiese mens met 'n kunsaanleg (1970:17). Sy het 'n groot belangstelling ontwikkel en haar verdiep in die Gotiese Herlewingstyl. Albei het volgelinge van Pugin geword en die Neo-Gotiek as die enigste gewensde argitektuur vir die bou van kerke beskou (Martin 2005:6). Robert sou in 1848 die eerste Anglikaanse biskop in Suid-Afrika word en Sophy sou 'n groot bydrae lewer tot die uitbou van die Anglikaanse kerk en die Neo-Gotiese boustyl in Suid-Afrika.

'n Bydraende faktor tot die mate waarin die Neo-Gotiek algemeen aanklank gevind het in Brittanje, is die groot mate van vooruitgang ten opsigte van die beskikbaarheid van kennis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor die verlede. Die Gotiese katedrale was nie meer veraf en geheimsinnig nie. Groter kennis het dit moontlik gemaak om hulle presies te dateer en om die verskillende fases van geboue te kon uitwys. Soos klassieke geboue kon die stylgetrouheid van Gotiese geboue nou ook getoets word (Sutton 1999:272).

‘n Verdere bydraende faktor tot die ontstaan en groei van die Gotiese Herlewingstyl in Brittanje is die feit dat daar op daardie tydstip in dié land ‘n diepgewortelde behoefte was aan ‘n styl wat vry was van buitelandse invloede (Glancey 2006:397). Toe die Parlementsgebou in Londen herbou moes word, is voorgeskryf dat dit óf in die Gotiese óf in die Elisabethaanse styl moes wees, twee style wat beskou is as Engels. Sir Charles Barry se Neo-Gotiese ontwerp vir die nuwe Parlementsgebou, waarin hy gehelp is deur Pugin, het aanklank gevind by die algemene publiek en bygedra tot die aanvaarding van die Neo-Gotiese styl as Brits (Glancey 2006:397).

In Brittanje en die westerse wêreld van die agtiende en neëntiende eeue het die rasionele en radikale Neo-Klassisisme sinoniem geword met republikanisme en liberalisme, soos bewys deur die gebruik daarvan in die VSA en, in ‘n kleiner mate, Frankryk. Die meer tradisionele Neo-Gotiek is beskou as meer monargisties en konserwatief. Daarom is die nuwe parlementsgeboue in Londen en Ottawa in die Neo-Gotiese styl gebou en dié in Washington en verskeie state van Amerika in die Neo-Klassieke styl. Teen die einde van die agtiende eeu was Brittanje ‘n magtige staat met wye internasionale invloed. Die feit dat die Neo-Gotiek gesien is as tipies Engels/monargisties, het daartoe gelei dat die styl deur Brittanje na ander wêrelddele uitgedra is, ook na Suid-Afrika. Britse imperialisme is al beskryf as *the union of throne and altar, the confusion of Pax Britannica with Pax Christi* (Miller 1993:9). Selfs soldate wat gesneuwel het in die uitvoering van hul take, *for King and country* (soos die imperiale grafstene se bewoording lui), se lyke is oor ver afstande vervoer om by Engelse, meestal Neo-Gotiese, kerke begrawe te word, ook in Suid-Afrika. Benewens die feit dat daar ‘n politieke betekenis aan die Neo-Gotiek gekoppel is, het dit ook die voorkeur styl van die Anglikaanse Kerk geword, wat dit oor groot dele van die wêreld versprei het (Glancey 2006:397).

3.2.2 Verskille tussen die Gotiese en Gotiese Herlewingstyl

Uitstaande kenmerke van die Gotiese boustyl was die stutmure, die lugboë, die spitsboë en die geribte gewelwe (Morse 1958:3873), dus hoofsaaklik struktureel. Die Gotiese Herlewingstyl het fundamenteel van die Gotiese styl verskil omdat daar in die tydperk tussen die Gotiek en dié van die Gotiese Herlewingstyl ‘n industriële revolusie en groot vooruitgang

op die gebied van boumetodes en boumateriale gemaak is. Stoomgedrewe treine het die vervoer van groot hoeveelhede materiaal oor lang afstande en oor nuut geboude brûe moontlik gemaak en die gebrek aan sekere boumateriale in sekere gebiede beëindig (Fletcher 1959:853). Dit was logies en voor-die-hand-liggend om die nuwe boumateriale en boumetodes te gebruik in die konstruksie van geboue in die Gotiese Herlewingstyl. Argitekte, vakmense en bouers was maar te gewillig om dit te doen (Glancey 2006:380).

Van die nuwe materiale was yster, staal en gewapende beton, wat dit aan die begin van die neëntiende eeu moontlik gemaak het om die mure van geboue sterk te bou, sonder om lugboë en stutmure te gebruik. Sterk gewelwe kon gebou word met ligter materiale.



Figure 11 en 12: Rame van gietyster vir vensters in Neo-Gotiese kerke, Molenrivier (links) en Barrydale NG Kerk (regs)

Strukturele aspekte van die Gotiese boustyl (*Grundelementen)* soos stutmure en lugboë het onnodig en oorbodig geword en hul funksionaliteit verloor. Dit is vir ander funksies as die oorspronklikes aangewend: meestal vir estetiese en dekoratiewe funksies.

Neo-Gotiek is steeds gekenmerk deur die spitsboog, skerp torings met elaborate versierings, gepedimenteerde kloktorings, polichromie op mure, kanteelwerk, groot glasvensters, dunner trasering (of maaswerk), roosvensters en lobversierings (Glancey 2006:398). In die plek van vensters met trasering van klip is voorafvervaardigde rame van gietyster gebruik om glasruite in te sit, beide in gewone vensters en in roosvensters, soos byvoorbeeld in die Molenrivier kerkie in die Klein Karoo en die NG kerkgebou op Barrydale (Figure 11 en 12).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3 Die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika

Argitektuur word beïnvloed deur die omgewing, die tegniese vaardighede van tegnici, die beskikbaarheid van boumateriale, die klimaat en die behoeftes waarin voorsien moet word. Wanneer die bogenoemde en die Gotiese/Neo-Gotiese invloede op geboue in Suid-Afrika bestudeer word, moet in gedagte gehou word dat dit Neo-Gotiese en nie Gotiese invloede is nie. Oorspronklik Gotiese stylelemente, soos dit in Suid-Afrika voorkom, is as't ware gefiltreer deur die Neo-Gotiek en toe deur plaaslike eise, beperkinge, materiale en vertolking. Om dié rede word die boustyl van sommige geboue in Suid-Afrika beskryf as *Kaapse Gotiek* (Greig 1971:41, 46, 76, 118, 176).

Op kulturele gebied, soos op ander, het die tweede Britse besetting van die Kaap 'n groot omwenteling veroorsaak. Muller skryf dat dit verreikende invloede op die geskiedenis van Suid-Afrika gehad het. Dit het ook 'n sterk impetus aan die Neo-Gotiese styl in Suid-Afrika gegee. Die besetting het Britte na die Kaap gebring met Britse sienings, idees en kultuur (1981:117). Nuwe geboue was nodig, baie daarvan openbare en militêre geboue maar ook wonings, en 'n uitgebreide bouprogram is na die oorname van stapel gestuur (Lewcock 1970:520). Die Neo-Gotiese styl was, soos die Neo-Klassieke, aan die orde van die dag in Brittanje. Die oorname van die Kaap is voorafgegaan deur groot industriële ontwikkelinge in Brittanje, wat onder meer nuwe boumateriale, soos yster, staal, gewapende beton, en vooraf-vervaardigde goedere beskikbaar gemaak het. Die gebruik van hierdie materiale was nie alleen logies en, by afwesigheid van soortgelyke boukomponente in Suid-Afrika, vanselfsprekend nie: koloniale beleid was daarop gerig om soveel moontlike uitvoere na die kolonies te bevorder. Die Neo-Gotiese styl was aan die Britse amptenary bekend en daar was politieke invloede wat die gebruik daarvan aangemoedig het. Dit het daartoe gelei dat die Kaapse boutradisies deur die Neo-Gotiese en die Neo-Klassieke style verdring is, veral by openbare geboue en kerke (Lewcock 1970:523). Greig konstateer: [...] *the Second British Occupation brought entirely new architectural influences to bear on the established Cape building traditions* (1971:28).

Op die gebied van kerkargitektuur was die Neo-Gotiese styl toonaangewend, veral ná 1820, toe verskillende kerklike denominasies meegeding het om die eerste te wees om dié styl in Suid-Afrika aan te wend (Lewcock 1970: 523-524). Die Katolieke kapel in Kaapstad is in 1821 gebou met Neo-Gotiese stutmure, torinkies en kanteelwerk. Pacaltsdorp se kerk is in 1822 begin, in 'n Normandiese/Neo-Gotiese styl met gekanteelde toring, spitsboog- en roosvensters. In 1833 is die St John's kerk in Wynberg, Kaap in die Neo-Gotiese styl ontwerp. Veral die Anglikaanse Kerk maar ook die Metodiste, Presbiteriaanse en Katolieke Kerke se kerkgeboue is in die Kaap en later verder noord in dié styl gebou (Lewcock

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1970:525). Worcester was in 1824 die eerste NG gemeente wat ‘n kerkgebou in die Neo-Gotiese styl opgerig het (Greig 1971:43).

Ondanks probleme op die Oosgrens het die Kaapkolonie in die neëntiende eeu ekonomies gegroei. Dorpe, gemeentes en kerke is gestig en het uitgebrei. Mense in Suid-Afrika wou graag hul eie waardigheid en dié van hul besighede vergroot deur hulle met ou beskawings te vereenselwig. Die kennis van Britse ingenieurs en, later, argitekte bekend met die herlewingstyle, is aangewend en het tot die gebruik van die Neo-Klassieke en Neo-Gotiese boustyle in Suid-Afrika bygedra (Greig 1971:39).

In 1837 is die eerste kommersiële bank *The Cape of Good Hope Bank,* gestig (Swart 1971:49). Standard Bank het in 1862 gevolg (Amphlett 1914:1). Daar was nie ‘n Suid-Afrikaanse boukunstradisie op die gebied van kommersiële en openbare geboue wat in die vraag kon voorsien nie en die banke se geboue is meestal beïnvloed deur Neo-Klassieke en Neo-Gotiese voorbeelde van sulke geboue in Brittanje en, later, die VSA (Greig 1971:19).

Ingevoerde, voorafvervaardigde komponente soos deure en vensterrame, het ‘n belangrike deel gevorm van geboue wat in die Gotiese Herlewingstyl gebou is (Greig 1971:38).

3.3.1 Faktore wat ‘n invloed op die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika gehad het

Op makrovlak was die grootste faktor wat tot die bou van kerke aanleiding gegee het die Nederlandse en later die Britse owerhede se verbondenheid tot die Christelike geloof. Die Nederlandse setlaars se eerste kerkdiens aan die Kaap is op die tweede Sondag na hul landing reeds gehou. Van Riebeeck het in 1652 ‘n plakkaat uitgevaardig met ordereëlings vir die Kaap. Volgens dié plakkaat kon niemand *sonder consent ofte straffe* van kerkdienste wegbly nie (Hofmeyr 2002: 31). Die Neo-Gotiese boustyl in Suid-Afrika is, soos die boukuns in alle lande, beïnvloed deur die klimaat, die grootte van die land, die yl verspreiding van die bevolking en groot afstande van hawens en stede van mekaar en van binnelandse gemeenskappe. Swak paaie en ander verbindingsmiddels, onderontwikkelde kommunikasie, vaardigheidstekorte en gebrek aan boumateriaal het ook ‘n invloed uitgeoefen. Benewens hierdie faktore is die aanvaarding en die aanwending van die styl in Suid-Afrika ook beïnvloed deur finansiële faktore.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.1.1 Geestelike en godsdienstige faktore

Die feit dat die Gotiese Herlewingstyl gedurende die agtiende eeu die voorkeur boustyl van die Victoriaanse *High Anglican Church* in Brittanje en later ook in Suid-Afrika was, is een van die belangrikste faktore wat tot die wye aanvaarding van hierdie styl in Suid-Afrika gelei het. Die omwentelinge van die Industriële Revolusie en die siening in sommige kerkkringe van dié tyd dat die mens in die geïndustrialiseerde wêreld probeer om God as die middelpunt van die heelal te vervang, was van die aanleidende oorsake tot die teruggryping na die Middeleeue, toe God sentraal gestaan het in alle aspekte van die mens se lewe. Die Gotiek is gesien as simbolies van daardie tyd toe die kerk magtig was en kerkargitektuur indrukwekkend, toe daar ‘n gewydheid binne die kerkgeboue was, waar die oog na bo gelei is en vensters met gekleurde glas die binnekant van die kerk met die spel van lig omtower het. Die Gotiese kerke van die Middeleeue se mure was versier, die hoë geribte gewelwe en versierde stutmure het die kerkgangers in verwondering gelaat. Die dakke het die indruk geskep dat hulle sweef en die kombinasie van bou-elemente en godsdienstige ritueel het die Middeleeuse mens ‘n indruk van die hemel gegee.

‘n Diep filosofiese en godsdienstige herbesinning en godsdienstige herlewing in Brittanje het die Gotiese Herlewingstyl daar aangedryf. Die Neo-Gotiek is egter nie net in Brittanje as Christelike argitektuur gesien nie. In Nederland, Skotland en Duitsland, lande wat sterk godsdienstige invloede op Suid-Afrika uitgeoefen het, het die Gotiese tradisie nie opgehou om kerkargitektuur te oorheers tussen die Middeleeue en die Gotiese herlewing nie (Greig 1971:44). Dit het ‘n direkte invloed op die Kerk en kerkargitektuur in Suid-Afrika gehad.

Die Anglikaanse kerk in Suid-Afrika het bekwame en toegewyde propageerders en bevorderaars van die Gotiese Herlewingstyl gehad, wat die styl teen die vyftigerjare van die neëntiende eeu op ‘n stewige grondslag geplaas het. Nie alleen was hulle onverbiddelike voorstanders van die Neo-Gotiese styl nie, maar op praktiese wyse het hulle ook in die behoefte aan planne en werkstekeninge vir kerke voorsien en met die uitvoering daarvan gehelp. Al hierdie planne en tekeninge was vir kerke in die Neo-Gotiese styl, hoofsaaklik die Vroeë Engelse fase daarvan. Teen die einde van 1849, nog voordat biskop Gray en sy vrou Sophy ‘n volle twee jaar aan die Kaap was, was dit indrukwekkend om te sien hoeveel hulle op dié gebied vermag het (Gutsche1970:107).

Die Anglikaanse Kerk was egter nie die enigste kerk wat die styl bevorder het nie. Ook die Metodiste, Presbiteriaanse, Katolieke en NG Kerke het geboue in dié styl gebou (Lewcock 1970:525).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.1.2 Politieke faktore

As wêreldmoondheid was Brittanje in die agtiende eeu op sy kruin. Glancey verbind hierdie mag en aansien met ‘n behoefte aan ‘n eie Britse argitektoniese styl: *At a time when England was reaching the height of its global powers, the choice of Gothicism partly reflected a deep-rooted desire for buildings free from foreign influence* (2006:397). Hoewel ‘n aanvegbare keuse, is Neo-Gotiek gesien as eg Brits en waar die Britse vlag gewapper het, is die Neo-Gotiek as boustyl gebruik, hoewel nie eksklusief nie. Dit was ‘n belangrike faktor in die verspreiding van die Neo-Gotiese boustyl oor groot dele van die aarde, ook Suid-Afrika.

Kuijers verwys na ‘n sienswyse van Gerard Moerdijk waarvolgens ekonomiese oorwegings en winste vir Brittanje die hoofredes was vir die afname in die *oud-Hollandse styl* en die vervanging daarvan met geskiedkundige Westerse herlewingstyle (Kuijers 1980:75). Kuijers stem nie met Moerdijk saam nie. Dit is egter ‘n feit dat die Kaap gesien is as ‘n afsetgebied wat maksimaal aangewend moes word vir die uitvoer van Britse produkte. Die omvang van dié beleid word geillustreer deur Eric Rosenthal*: In the late 1890’s the granite used in the construction of the Castle Mail Steamship Company building in Adderley Street, Cape Town, was brought from Aberdeen, Scotland* [...] *Welsh coal* (was) *being burnt not only on our railways but on practically all ships putting in at Cape Town, Port Elizabeth and even Durban* [...] (1975:6).

3.3.1.3 Fisiese gesteldheid van die land, boumateriale en finansies

Die Neo-Gotiese styl in Brittanje het ruim gebruik gemaak van eietydse boukomponente en voorafvervaardigde produkte maar in Suid-Afrika was bruikbare boumateriaal nie altyd geredelik beskikbaar nie. Sommiges daarvan moes ingevoer en, omdat die land so groot is, oor lang afstande van die hawens na binnelandse betemmings vervoer word. Selfs die mees basiese boukomponente was nie altyd binne ‘n gerieflike afstand beskikbaar nie. Vir die binnekant van die St Johnskerk in Rondebosch moes klip byna 50 kilometer van die Sondagsrivier na Algoabaai, dan 800 kilometer per skip na die Kaap en dan van die hawe na Rondebosch vervoer word (Gutsche 1972:110). Vir die Anglikaanse Kerk in Colesberg kon geen geskikte klip verkry word nie (Gutsche 1972:97). Vir die kerke in Knysna en Belvidere is klip met groot moeite per boot oor die strandmeer vervoer.

Selfs op die Tuinroete is inheemse geelhout en selfs stinkhout oor die hoof gesien ten gunste van ingevoerde Oregon-greinhout vir vloere, kerkbanke en ander afwerking. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fisiese gesteldheid van die land het bouers egter gedwing om so ver as moontlik van plaaslik-beskikbare materiaal gebruik te maak. Ingevoerde komponente is meestal beperk tot afrondings- en versieringsitems aan die geboue. Dit het die Neo-Gotiese styl in Suid-Afrika ‘n meer plaaslike karakter gegee, wat soms beskryf word as Kaapse Gotiek (Greig 1971:41)

Ondanks die godsdienstige herlewing en sendingywer in die Kerk gedurende die agtiende eeu, was finansies ‘n beperkende faktor by die bou van kerke. Die Anglikaanse Kerk en biskop Robert Gray was van gifte en gawes afhanklik om die Kerk uit te bou en te onderhou. Dit het ‘n direkte uitwerking op die grootte van Anglikaanse kerkgeboue sowel as hul styl en boukomponente uitgeoefen. Dit was, volgens biskop Gray, die belangrikste rede waarom Anglikaanse kerkgeboue in Suid-Afrika hoofsaaklik in die Vroeë Engelse idioom van die Neo-Gotiek gebou is (Martin 2005:7).

3.3.2 Individue betrokke by die groei van die Gotieke Herlewingstyl in Suid-Afrika

3.3.2.1. Carl Otto Hager

Hoewel Lewcock en Greig hom nie noem nie, is die Duits-gebore argitek Carl Otto Hager al beskryf as die grootste bevorderaar en die vader van die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika (http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/archframes.php?archid=674). Uit SM Hofmeyer se biografie oor Hager (Hofmeyer 1993) kan die afleiding gemaak word dat hy ‘n veelsydige en talentvolle persoon was, maar hy gee meer van ‘n beskrywing van Hager se doen en late as ‘n beoordeling van sy bekwaamhede. George Hofmeyer beskryf Hager as *waarskynlik die belangrikste eksponent van die Kaaps-Gotiese styl* (Hofmeyer 2002: 51-52).

Hager is in Dresden aan die Koninklike Akademie vir Kuns opgelei en het in Desember 1838 na Suid-Afrika gekom. In Kaapstad het hy ‘n besigheid saam met Carl Sparmann begin. Hul eerste ontwerpopdrag in 1840 was die katedraal van St Mary in Kaapstad. Omtrent dieselfde tyd het hy en Sparmann hul vennootskap verbreek en in 1841 het hy na Stellenbosch verhuis, waar hy as portretskilder gewerk het. Hy het daarna ook in die Paarl gewoon en in 1845 en 1846 in Europa gereis, voordat hy weer in Kaapstad gaan woon het. Sy eerste opdrag na sy terugkeer na Kaapstad was die Lutherse kerk in Dorpstraat, Stellenbosch, waaraan hy van 1852 tot 1854 gewerk het. In 1863 het hy die NG Moederkerk op Stellenbosch op indrukwekkende wyse vergroot en herontwerp (Hofmeyr 1993:12). Hoewel Hager gedurende sy hele loopbaan in die Neo-Gotiese styl ontwerp het, het hy hom nie eksklusief op daardie styl toegespits nie. (http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

arcframes.php?archid=674). Die kerkgebou wat hy vir die NG Kerk in Oudtshoorn ontwerp het, is deur Greig beskryf as ‘n gebou met [...] *admirably carved geometric tracery, pinnacles and smooth, tall piers at the entrance porch with beautiful capitals carved by Scottish masons* (Greig 1971:44). Die Anglikaanse biskop in Suid-Afrika, biskop Robert Gray en sy vrou Sophy het dié kerk in Oudtshoorn beskou as een van die bestes wat hulle in Suid-Afrika gesien het, as ‘n pragtige voorbeeld van die Neo-Gotiese boustyl en ‘n gebou wat goed genoeg is om as katedraal diens te doen (Gutsche 1970:179).

Hager het ‘n groot bydrae gelewer tot die vestiging en uitbreiding van die Neo-Gotiese styl in Suid-Afrika. Benewens die kerk NG kerk op Oudtshoorn is die NG kerke op Calitzdorp, Ceres, Clanwilliam, Fraserburg, Jansenville, Ladismith, Lydenburg, Piketberg, Robertson en Somerset-Oos van sy bekendste werke. Hy het onder meer ook die NG Kerk van Caledon, die tweede NG Kerk in Mosselbaai, die sogenaamde *Rooi kerkie* in Robertson, die ou Evangeliese Lutherse Kerk op Stellenbosch en die sogenaamde *Wit kerk* van die NG gemeente Middelburg (Transvaal) ontwerp.

3.3.2.2 Biskop Robert en mev Sophy Gray

Biskop Robert Gray, vergesel van sy vrou Sophy, het in 1848 in Kaapstad aangekom as die eerste Anglikaanse biskop vir ‘n uitgebreide gemeente wat die Vrystaat, Natal, Tristan da Cunha en St Helena ingesluit het (Gutsche 1972:327). By hul aankoms was daar tien Anglikaanse kerke in Suid-Afrika: vyf op die Kaapse Skeireiland en vyf in die Oos-Kaap (Martin 2005:8).

Uit die aard van sy aanstelling en die wens om die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika uit te brei, is dit logies dat die eerste biskop ‘n groot invloed op kerkargitektuur in die jong Kaapkolonie sou uitoefen. In Robert Gray is hierdie strewes gekombineer met sy groot toewyding en buitengewone werkywer en die groot rol van sy talentvolle vrou. Hy en veral sy vrou het voor hul vertrek uit Brittanje ‘n studie gemaak van Gotiese en Neo-Gotiese kerke en Sophy Gray het ‘n boek vol van haar eie tekeninge van sulke kerke en van hul boukomponente na Suid-Afrika saamgebring. Hulle was, soos vroeër genoem, aanhangers van Pugin se siening oor kerkargitektuur en lede van die *High Church Movement.* Neo-Gotiek is deur hulle beskou as die enigste aanvaarbare styl vir kerkargitektuur (Martin 2005:49). Feitlik alle kerke wat gedurende die Biskop se dienstyd in Suid-Afrika gebou en deur Sophy Gray ontwerp is, is daarom in die Gotiese Herlewingstyl, veral die Vroeë Engelse fase daarvan. Kenmerke van dié kerke was (meestal) klip buitemure, gepleisterde en geverfde binnemure, dakke met skerp spitse, stutmure op hoeke en teen symure en smal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lansetvensters (Nesemann 2008:9). Die biskop was heeltemal gekant teen kerke met geboë vensters en het die gebruik van klip vir die bou van kerkgeboue verkies. Die gebruik van steen vir kerkmure het hy as ongewens beskou en die afpleister en verf van kerke se buitemure as ‘n skending van die gebou. (Martin 2005:6-7). Sophy Gray het hierdie sienings volkome gedeel. In ‘n nota wat ‘n plan vir ‘n kerk vergesel het, het sy in 1849 aan kerklede in Colesberg geskryf *I suppose you múst build in brick though I greatly regret it for it will never be satisfactory* (Gutsche 1970:97).

Biskop Gray het gereeld op lang reise deur sy uitgestrekte gemeente gegaan. Op sy besoeke aan afgeleë dele het hy kerklidmate in Somerset-Oos, Cradock, Swellendam, Worcester en ander dorpe aangemoedig om kerke te bou en het hulle belowe hy sou die bouplanne voorsien, wat dan deur sy vrou opgestel moes word (Gutsche 1970:118,124,125).

Sophy Gray het sommige bestaande kerke in Brittanje afgeteken en het waarskynlik ook hulp en planne van Engelse argitekte gekry. In die neëntiende eeu was daar nie kopiereg nie en argiteksplanne en werkstekeninge is van een persoon na die volgende aangegee sonder erkenning aan die oorspronklike skepper daarvan (Gutsche 1970:46). Maar Sophy Gray was nie net ‘n gewone tekenaar nie. Sy het oor jare ‘n vermoë bewys om planne aan te pas en te verbeter. Sy het met gesag gepraat met skrynwerkers en bouers en aan hulle aspekte van die praktiese uitvoering van die bouwerk verduidelik. Sy is ook beskryf as ‘n uitstekende bourekenaar (Gutsche 1970:107). Argiteksopleiding in Brittanje was redelik ongestruktureerd in die middel van die neëntiende eeu en enigeen met kennis van die basiese beginsels van konstruksie kon hom/haarself ‘n argitek noem, volgens Gutsche (1970:37). Hoewel nie formeel opgelei as argitek nie, het Sophy Gray klaarblyklik oor hierdie kennis beskik. Greig verwys na haar as die eerste vrou wat as argitek in Suid-Afrika gewerk het (1971:163) en SESA beskryf haar ook as ‘n argitek (Gutsche 1970:327).

Gedurende biskop Gray se dienstyd van vyf-en-twintig jaar is meer as vyftig Anglikaanse kerke in Suid-Afrika gebou, veertig daarvan waarvoor planne en werktekeninge deur mev Sophy Gray voorsien is (Martin 2005:boekomslag).

Benewens haar direkte insette by die ontwerp en bou van kerk- en ander geboue in die Neo-Gotiese styl in Suid-Afrika, het Sophy Gray ‘n groot indirekte bydrae tot die ontwikkeling van die Anglikaanse Kerk, kerkargitektuur en die Neo-Gotiese boustyl in die algemeen in Suid-Afrika gemaak.

Verder in die studies sal individuele kerke deur Sophy Gray beskryf word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.2.3 Ander bydraers tot die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika

Verskeie Britse argitekte en professionele persone het direkte en indirekte bydraes gelewer tot die ontwikkeling en vestiging van die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika.

Charles Freeman se Neo-Gotiese Metodistekerk van 1871 op Groentemarkplein in Kaapstad is al beskryf as die mees uitstaande, sensitiefste en mees volledig gedetaileerde kerk van hierdie styl in Suid-Afrika (Greig 1971:99).

Die jong Britse argitek Gilbert McDougall het in April 1849 aan die Kaap aangekom na opleiding in Brittanje en Rome. In Londen was hy Barry behulpsaam met die ontwerp van die Neo-Gotiese Britse parlementsgebou en hy het verskeie van sy werktekeninge daarvoor met hom saamgebring na die Kaap. McDougall het in die Italiaans-Romaanse, die Renaissance-Klassisistiese en die Neo-Gotiese style ontwerp en het die kunste bevorder, onder meer deur die inisiëring van die Kaap se eerste kunsuitstalling in 1851 (Langham-Carter 1976:24).

‘n Groot bydrae op die gebied van veral die Opvoedkundige variasie van Neo-Gotiek is gelewer deur die argitek Philip Dudgeon, wat deur Lewcock beskryf word as *by far the most sensitive South African architect of the period* (Lewcock 1970:528-529). Hy het in 1878 na Suid-Afrika gekom en in 1887 na Brittanje teruggegaan, waar hy in 1891 op 39-jarige ouderdom oorlede is.

Een van dié wat ‘n groot indirekte bydrae gelewer het, was die Koloniale Sekretaris aan die Kaap tussen 1843 en 1852, John Montagu. In daardie tydperk het hy die Kaap se finansiële posisie geweldig verbeter en stabiliteit in die kolonie se bestuur gebring, ook tydens die goewerneurskap van die eksentrieke en rampspoedige sir Harry Smith tussen 1847 en 1852 (Harrington 1980:95). Hy was self ‘n lid van die Anglikaanse Kerk en het biskop Gray op persoonlike vlak bygestaan en baie gehelp, onder meer met die verskaffing van ‘n reistoelae, hulp op administratiewe vlak, die oordrag van eiendomme en verskaffing van inligting (Gutsche 1970:60,62,67,69,92; Hattersley 1972:521). Montagu het sy hulp aan die Kerk gesien as deel van sy beskawingsbeleid. *Without Montagu and his ecclestiastical grants and untold other help, the Church could never have developed* (Gutsche 1970:117). Sy ontwikkeling van kommunikasie en sy uitgebreide padbouprogram het verder gehelp om biskop Gray se lang besoeke aan die binneland moontlik te maak en te vergemaklik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Britse militêre en administratiewe beamptes wat gemoeid was met die vestiging van die Britse gesag en die uitvoering van Britse bouprogramme na die tweede oorname van die Kaap het ook ‘n bydrae gelewer tot die vestiging van die Neo-Gotiese styl aan die Kaap. Dit word vermoed dat kolonel Charles Trappes die ontwerper is van die 1824 NG Kerk in Worcester, die eerste NG kerk in dié styl (Greig 1971:43) maar die name van vele ander is onbekend.

Onder die ander plaaslike eksponente van die styl moet die name van Charles Michell, sir Gilbert Scott, JO Scott en Carel Sparmann genoem word (Picton-Seymour 19977:205).

3.3.3 Variasies binne die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika

Neo-Gotiese geboue in Suid-Afrika verskil baie van mekaar. Dit is veral toe te skryf aan die feit dat geboue eklektisisties kan wees en Neo-Gotiese sowel as ander stylkenmerke kan weerspieël. Die beskikbaarheid van boumateriale in verskillende landstreke speel ook ‘n groot rol in dié variasies. Sophy Gray het byvoorbeeld geweet dit help niks om planne vir *delightful English churches* na gemeentes in Suid-Afrika te stuur waar daar nie klip was om mee te bou nie (Gutsche 1970:94).

Benewens die drie variasies van Gotiek wat in Brittanje bestaan het, die Vroeë Engelse (*Early English)*, die Versierde (*decorated*) en die Loodlyn-Gotiek (*perpendicular*), het daar ná die opkoms van die Neo-Gotiek verdere variasies verskyn soos die sogenaamde Kaapse Gotiek, die Carpenter-Gotiek (‘n Noord-Amerikaanse Neo-Gotiese variasie by houtgeboue) en die Opvoedkundige Gotiek (Greig 1971:41,43).

Gedurende die vroeë neëntiende eeu was daar ‘n oplewing in sendingwerk in die Kaap en verskeie sendingkerke is gebou. Dié kerke is meestal van plaaslike materiaal en volgens plaaslike boutradisies gebou maar Gotiese en Klassieke elemente is gebruik in die versiering. Hierdie eklektisistiese geboue word dikwels beskryf as Kaapse Gotiek of *Cape Gothic* (Greig 1971:46).

Soos by Britse universiteite, is sommige opvoedkundige geboue in Suid-Afrika ook in die Neo-Gotiese styl ontwerp en gebou. Een so ‘n skool is in 1844 in Grahamstad gebou en in die 1850s is die *Diocesan College* in Kaapstad en *Grey College* in Port Elizabeth in dieselfde styl gebou. Ander het gevolg, onder meer in Pietermaritzburg (Lewcock 1970:525). Hierdie variasie binne die Neo-Gotiese styl staan bekend as Opvoedkundige Gotiek (*Collegiate Gothic).* Dit het ontstaan by Oxford en Cambridge Universiteite en is ook in 1894 gebruik vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geboue van die Bryn Mawr Universiteit in die VSA. Voorbeelde van hierdie variasie van Neo-Gotiek is nou te vinde by baie universiteite in die VSA.

Die Gotiese kenmerke van die twaalfde eeu, beïnvloed en gefiltreer deur die Neo-Gotiek en plaaslike omstandighede, is sowat agthonderd jaar later waarneembaar in stylelemente in kerkgeboue en kapelle van baie denominasies in groot dele van Suid-Afrika. In die volgende hoofstukke sal aan geselekteerde voorbeelde van sulke kerkgeboue aandag gegee word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

KERKGEBOUE MET NEO-GOTIESE STYLKENMERKE OP DIE WESTELIKE DEEL VAN DIE TUINROETE

4. Inleiding

Die studie is geografies tot die Tuinroete van Suid-Afrika beperk, wat vir die doel van hierdie studie daardie deel van die Wes-Kaapse en Oos-Kaapse provinsies is wat suid van die Tsitsikamma- en Outeniekwaberge geleë is tussen Mosselbaai in die weste en Humansdorp in die Ooste.

Die kerkgeboue is vanaf Mosselbaai aan die westekant tot Humansdorp aan die oostekant beskryf. Waar meer as een kerkgebou in dieselfde dorp voorgekom het, is die geboue volgens chronologiese boudatum gerangskik.

4.1 Mosselbaai

4.1.1 Ou Nederduits-Gereformeerde Kerk (NG), Mosselbaai (S34°10.918 E022°08.562)

4.1.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die landdros en heemrade van Swellendam het in 1751 by die Kaapse goewerneur aanbeveel dat die kerk en die gereg na Mosselbaai uitgebrei word. Nadat die gemeente George in 1813 gestig is, het Mosselbaai deel van George se NG gemeente geword. In

Figure 13 en 14: Tweede NG kerk in Mosselbaai deur CO Hager en WB Hayes (*Klipkerk*)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1845 het die gemeente Mosselbaai van George afgestig (Olivier (red) 1952:277). In dieselfde jaar is „n eerste kerkgebou ingewy (Fransen & Cook 1980:376). Hierdie kerkgebou van moddersteen met „n gedekte grasdak was teen die 1870‟s te klein vir die gemeente se behoeftes. Die argitekte CO Hager en WB Hayes is opdrag gegee om „n nuwe kerkgebou te ontwerp. Die boukontrak is toegeken aan Michie en McGregor en die hoeksteen is op 21 September 1878 gelê. Die voltooide kerkgebou is op 14 Februarie 1880 ingewy. In 1887 is



Figuur 15: Hoofingang van die Ou NG kerk, Mosselbaai

die wesvleuel afgebreek en herbou. Teen 1896 het die kloktoring se mure soveel krake gehad dat dit ook herbou moes word. Die herboude toring is in 1898 ingewy (Baumann 1996:29).

Die kerkgebou is een van „n beperkte aantal oorblywendes waarby die bekende Otto Hager betrokke was en is reeds daarom van kultuurhistoriese waarde. Dit is die mees ingewikkelde gebou wat in die 1880‟s van plaaslike materiaal in Mosselbaai gebou is. Die plaaslike boukuns het belangrike lesse daaruit geleer, onder meer in verband met die gewigdraende vermoë van die klip, ná „n misrekening wat daartoe gelei het dat die toring in 1896 herbou en versterk moes word. Oor baie jare het die gemeente en die kerk „n rol in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskapslewe gespeel. Die gemeente het onder meer „n meisieshostel, „n kerkgebou en „n weeshuis by Brandwacht opgerig en bedryf (Olivier (red) 1952:277; Hoevers 2010:168).

4.1.1.2 Argitektoniese kenmerke

Die kerkgebou is van sandsteen gebou op „n oos/wes-as, soos baie Gotiese en Neo-Gotiese kerke in Europa en Suid-Afrika, maar met die toring en hoofingang aan die oostekant. Die toring is die mees opvallende deel van die kerk en bestaan uit drie verskillende vlakke. Die onderste vlak of basis van die toring het hoekstutmure wat die toring in drie trappe tot bo die hoogte van die dak se nok steun. Op die hoogte waar die stutmure en die onderste vlak van die toring eindig, word die toring omboor deur „n tipies Romaanse miniatuur blinde arkade. In hierdie onderste gedeelte van die toring is die teruggesette voordeur. Dit is „n dubbeldeur van hout met „n geronde bolig. Aan elke kant van die deur is „n suil. Die twee suile dra „n geronde “Romaanse” boog wat bo-oor die deuropening strek. Daarbo is „n driehoekpediment van klip met „n versonke vierlobversiering in die pediment en „n vaasagtige klipversiering op die nok daarvan. Die swaar hoekstutmure omvat die hoofingang in „n eenheid en versterk die Neo-Gotiese karakter van die vooraansig.

Die tweede vlak van die toring bestaan uit „n vierkantige klipbousel met „n sirkelvormige lys van klip aan elkeen van die noordelike, oostelike en suidelike kante daarvan. Die vierkant het twee klipkonsoles op elke hoek, wat herinner aan perkamentrolle. Op die vier hoeke is Toskaanse suile. Fransen en Cook beskryf hierdie deel met die suile op die hoeke as Nederlands Klassisisties van aard (1980:376). Bokant die suile is „n skoon, onversierde argitraaf met „n swaar geprofileerde kroonlys.

Die derde en hoogste vlak van die toring bestaan uit „n klein koepel wat aan vier kante begrens word deur vierkantige lugroosters met horisontale hortjies. Die lugroosters lyk soos twee klein deurtjies. Aan elke kant bokant die lugroosters is „n klein driehoekpediment met geprofileerde lyswerk. Op die middel van die koepeltjie, tussen die vier stelle lugroosters, is „n eenvoudige klein toring met „n Victoriaanse houtstuk. Dit is versier en eindig in „n balvorm. Daar is geen weerhaan op nie.

Die lang oos/wes-mure van die gebou aan die noordelike en suidelike kante het „n stutmuur op elke hoek en vier ander stutmure is teen die symure vasgebou, met vyf rondeboog-vensters tussenin.

Die res van die kerkgebou, benewens die toring, is redelik eenvoudig en word in „n mate deur die ietwat elaborate toring oorheers. Die gebou is eklektisisties van aard en het Neo-Gotiese stylelemente maar dit skep nie die indruk van „n tipiese Neo-Gotiese katedraal nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is opvallend dat die boë gerond is en nie spitsboë vorm nie. Die hortjie-tipe lugroosters, versonke sirkels, konsoles en balvormige versiering op die punt van die toring is alles Victoriaanse elemente tipies van die laat 19de eeu, wat bydra tot die sterk eklektiese voorkoms van die kerk. Dit oorskadu in werklikheid die Neo-Gotiese elemente.

4.1.2 St Peter's Anglikaanse Kerk (S34°10.966 E022°08.725)

4.1.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die Anglikaanse Kerk het van 1854 reeds „n kerkskool in Mosselbaai bedryf. Die regering het aan die Kerk „n eiendom gegee vir die oprig van „n kerkgebou maar in 1875 is „n beter erf deur „n mnr JF Hudson aan die Kerk geskenk. Die eiendom wat van die regering ontvang is,



Figuur 16: St Peter's Anglikaanse kerk, Mosselbaai

is verkoop en daaruit is geld bekom om „n kerk te bou. Die kerkgebou is ontwerp deur John Welchman en is gebou deur „n professionele bouer genaamd Weymouth. Die skip van die kerkgebou is in 1878/79 opgerig en die toring en kanselgedeelte in 1906. Klipwerkers is van

Cornwall in Engeland ingevoer om die klipwerk te doen (Scheffler 1990:101; Muurplaket binne die kerk).

Die gebou staan op „n terrein met geskiedkundige betekenis, waar in 1855 reeds „n klein geboutjie opgerig is waarin kerk gehou en skoolonderrig gegee is. Dit het oor dekades „n waardevolle diens aan die gemeenskap van Mosselbaai gelewer en was die koppelpunt tussen verskillende aspekte van die kultuurlewe soos opleiding, armesorg en godsdiens (Alberts 1991:64).

4.1.2.2 Argitektoniese kenmerke

Die kerkgebou is op „n oos/wes-as gebou en is van heuningkleurige klip, met die ingang op die noord-oostelike hoek. „n Baie hoë en besonderse toring, in geheel van klip, staan aan die oostelike deel van die gebou.

Die toring is versier met „n reeks konsoles wat tandlyste vorm maar is oorwegend Neo-Goties in karakter, met swaar hoekstutmure en lugroosters met spitsboë. Ook die mure wat die skip vorm het stutmure tussen elke twee lansetvensters. Die endgewel aan die weste-

Figuur 17: St Peters Anglikaanse kerk, Mosselbaai

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kant het drie baie lang lansetvensters. Op die hoogste punte van die twee endgewels is daar kruise van klip. Die portiek waarin die hoofingang is, het „n spits dak en „n pedimentgewel. Die portiek se ingang is in „n tipiese Neo-Gotiese spitsboog vorm, met swaar belysting aan die kante en bokant daarvan. Drielobmotiewe versonke in die klip kom op die voorhek se hoekpilare voor. In die meublement van die kerk is drielobmotiewe met belysting en as versonke motiewe sigbaar. Gekleurde glasvensters beeld die Bergrede van Christus uit. Die kerk is baie duidelik „n Neo-Gotiese ontwerp in die Vroeë Engelse idioom.

4.1.3 St Thomas' Katolieke Kerk (S34°10.989 E022°09.013)

4.1.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Mosselbaai se Katolieke lidmate is aanvanklik vanuit George bedien maar toe hul getalle in die eerste helfte van die neëntiende eeu toeneem, het vader Mahon van George besluit om grond aan te koop vir „n eie gebou op Mosselbaai. Dit het hy in 1843 gedoen en in 1868 is daar „n gebou opgerig om as skool te dien. Kerkdienste is Sondae in die skoolgeboutjie gehou. Mosselbaai was tot 1873 deel van die gemeente van George maar het toe selfstandig geword (Alberts 1991:61). „n Nuwe gebou is in 1885 begin en in 1886 voltooi. Kerkdienste is steeds in die skoolgebou gehou. Drie nonne van die Holy Cross-orde het op 10 April 1904 in Mosselbaai aangekom en met die verloop van jare het hulle „n groot bydrae tot onderwys en algemene opvoeding in die dorp en omgewing gemaak. Die gebou van 1886 is in 1905 aansienlik vergroot en as kerk ingerig. In 1935 is die twee torings aangebou.

Figure 18 en 19 : St Thomas Katolieke kerk, Mosselbaai

Die kerk, en die skool wat daaraan verbonde was, het oor „n lang tyd „n rol gespeel in die leer en opvoeding van mense, baie van wie nie aanhangers van die Katolieke geloof was nie. Die nonne van die Holy Cross-orde het tot laat in die 1960's die skool aan die gang

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehou en „n groot bydrae gemaak tot die kulturele lewe van Mosselbaai en die groter omgewing (Voubiljet Mosselbaai Toerisme).

4.1.3.2 Argitektoniese kenmerke

Die gebou is van klip gebou op „n oos/wes-as en is nie afgepleister of geverf nie. Die skip van die kerkgebou het „n spits dak op twee vlakke, die laer deel daarvan is aan die oostekant, waar die altaargedeelte in 1905 aangebou is. Aan die noordekant van die skip is „n klein uitbousel wat reghoekig met die skip staan en „n eie spits dakkie het. Op die gewel daarvan staan die datum 1885. Op die noordwestelike en suidwestelike hoeke van die gebou is twee bonkige torings, ook van klip maar met „n ander tekstuur en tipe klip as die res van die gebou. Die torings is vierkantig en word aan die bokant met een trappie kleiner voor dit met „n effense koepelvorm eindig. Die twee torings het elk drie langwerpige, vertikale en ewewydige lugroosters naby aan die bokante en aan drie kante van elke toring. In die westelike mure is langwerpige vensters en die twee torings word aan mekaar verbind deur „n muur wat tussen die twee torings „n pedimentgewel vorm. Bo-op die spits van hierdie pedimentgewel is „n klipkruis. Op die noordwestelike toring is die datum 1935 in klip gebeitel. In dieselfde toring se onderste deel is die spitsboogingang. Die groot dubbele houtdeur is reguit aan die bokant, hoewel die bolig „n spitsboog vorm. Tussen die toring en die klein uitbousel is „n enkele lansetvenster. Die bonkige torings en spitsboogvormige vensters en hoofingang gee „n Neo-Gotiese karakter aan die gebou.

4.2. Groot Brakrivier

Die dorpie Groot Brakrivier, wat in 1859 deur die Searle-familie gestig is, het in die neëntiende eeu ontwikkeling en „n mate van industrialisasie ondergaan. Dié familie was toegewyde kerkgangers maar nie dogmaties oor watter denominasie gevolg moet word nie. In 1894 het hulle „n saal opgerig waarin alle denominasies kerkdienste kon hou (Franklin 1975:85). Die bevolking het aangegroei en in 1924 is die hoeksteen van „n NG kerkgebou in die Neo-Gotiese styl gelê (Hoeksteen, NG Kerk). In 1929 is „n Anglikaanse Kerk, St John the Apostle, gebou en die volgende jaar die Searle Gedenkkerk (Franklin 1975:85).

Die Searle Gedenkkerk op Groot Brakrivier is in „n Spaanse styl ontwerp deur Gordon Leith, dieselfde argitek wat die St John the Baptist Anglikaanse Kerk in Groot Brakrivier ontwerp het. Die gedenkkerk is sedert 1930 in gebruik (Hoeksteen van Gedenkkerk) maar bevat nie noemenswaardige Neo-Gotiese elemente nie. Verskeie ander kerke het sedert die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tagtigerjare van die vorige eeu op Groot Brakrivier verrys maar val buite die veld van hierdie studie.

4.2.1 Ou NG Kerk, Groot Brakrivier (S33°59.687 E022°32.077)

4.2.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

NG kerkdienste is vanaf 1869 minstens een maal per maand op Groot Brakrivier gehou deur ds Atkinson van die Londense Sendinggenootskap van Pacaltsdorp. Afsonderlike dienste is in Afrikaans en Engels gehou. In 1876 het die NG Kerk oordrag geneem van „n deel van die plaas Voorbrug, wat aan Groot Brakrivier gegrens het, en het die Kerk „n skool daar begin (GBMA: Library documents, gd).

Leraars van George het gereeld dienste in die kerkgeboutjie gelei. In 1924 is die hoeksteen van „n nuwe NG kerkgebou gelê op grond wat die Searlefamilie aan die Kerk gegee het.

Figuue 20: Suidwes aansig: Ou NG Kerk, Groot Brakrivier. Foto 1925 (GBMA: Library documents)

Die gemeente was sedert 1876 by opheffingswerk en skoolopleiding in die gebied betrokke en het konferensies oor die sogenaamde *armblanke*-vraagstuk gereël. Afrikaanse kerkdienste is aanvanklik, in die eerste dekades ná die stigting van die dorpie, hoofsaaklik vir die bruin gemeenskap aangebied. Die inwyding van die kerkgebou in 1924 was „n groot gemeenskapsgeleentheid waaraan meer as „n duisend mense deelgeneem het. In daardie stadium was „n groot deel van die kerk se lidmaatskap afkomstig uit die bruin gemeenskap

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Franklin 1975:85). Gebeure tussen 1925 en 1990, toe gemeenskappe en gemeentes op rassegronde geskei en sommige gemeenskaplede in ander gebiede hervestig is, het dit heeltemal verander. „n Sekondêre skool by die kerk, wat in 1930 geopen is, funksioneer steeds. Die ou kerkgebou speels steeds „n rol in die gemeenskapslewe, wat die gebou nou as kerksaal gebruik. Dit word ook vir die skool se doeleindes gebruik.

Figuur 21: Noordwes aansig: Ou NG Kerk, Groot Brakrivier

4.2.1.2 Argitektoniese kenmerke

Geen rekord kon gevind word van „n argitek se betrokkenheid by die ontwerp van die kerkgebou nie. Dit is op „n oos/wes-as gebou met baie duidelike Neo-Gotiese stylkenmerke. Die ingang is in „n klein portiek aan die westekant. Die portiek het „n dakkie wat baie laer is as dié van die res van die gebou. Die gebou het oorspronklik een lang, reguit dak en die klein portiekdakkie gehad. In die sestigerjare is die gebou na die oostekant verleng. Die dak van die verlengde deel is op „n effens laer vlak as die dak van die oorspronklike en huisves nou „n verhoog aan die binnekant.

Die portiek het vier hoekstutmure en „n driehoekgewel, ook laer as die hoofgebou se endgewel. Die hoofgebou se endgewels het elk „n torinkie op die hoogste punt en „n tipiese Neo-Gotiese torinkie op elkeen van die vier hoeke van die gebou. Die torinkies is ongewoon in dié sin dat hulle nie reg in lyn met die hoek van die gebou is nie. Elke torinkie is effens uitgebou en hang effens oor die mure aan die lang kante van die gebou. Wanneer van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ooste- of westekant van die kerk gesien, doen dit afbreek aan die simmetrie en verhoudings van die gebou.

Die mure op die lengte van die gebou het op elke hoek „n tipies Neo-Gotiese stutmuur en vier verdere stutmure met vyf vensters: een tussen elke twee stutmure. Die vensters is boogvormig aan hul bokante en die glas daarin is nie gekleurd nie.

Die aangeboude deel aan die oostekant wat die verhoog huisves kan duidelik as „n latere toevoeging geïdentifiseer word. Daardie deel se buitemure het nie stutmure nie en daar is nie torinkies op die hoeke nie. Aan die suidekant van die oorspronklike deel van die gebou is die dak verleng en is „n langwerpige, toegeboude onderdak gebied geskep.

Die stutmure met siertorinkies, spitsdak en stutmure is die sterkste Neo-Gotiese stylelemente aan die gebou.

4.2.2 St John the Apostle Anglikaanse kerk (S34°02.391 E022°13.383)

4.2.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Een van die Searle-seuns, Willie, het met „n meisie getrou wat lid van die Anglikaanse Kerk was en baie graag „n Anglikaanse kerkgebou op Groot Brakrivier wou hê vir aanbidding. Haar man het haar gesteun. Die Searles het grond geskenk en daar is gewerk om geld in te samel daarvoor (GBMA: Library Documents, gd). Op 1 Desember 1929 is die hoeksteen van

Figuur 22: *St John the Apostle*-kerk in Groot Brakrivier

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kerk, genaamd St John the Apostle, gelê. Die bouwerk is vinnig voltooi en die kerkgebou is in 1930 ingewy (Franklin 1975:86). Die kerk staan aan die oostekant van die rivier en naby daaraan maar hoog genoeg om skade deur verskeie vloede van die afgelope agt dekades vry te spring.

Die kerkgebou is deur Gordon Leith ontwerp, wat ook die Searle Gedenkkerk op Groot Brakrivier ontwerp het (GBMA:Libary documents, gd). Leith was op een tydstip in sy lewe die assistent van die bekende Suid-Afrikaanse beeldhouer Anton van Wouw en is die eerste argitek aan wie die Universiteit van die Witwatersrand „n eredoktorsgraad in Argitektuur toegeken het (Gardiner 1972:580). Die gebou kan direk teruggevoer word na die pioniers van die ontwikkeling van Groot Brakrivier, sommiges waarvan in die kerk gedenk word. Die kerk en gemeente is direk geraak, die gemeente is verskeur en sommige lede daarvan is nadelig geraak deur die Groepsgebiedewet maar was „n plek van aanbidding en geestelike leiding deur verskeie dekades en het verskeie fasette van die kultuurlewe geraak.

4.2.2.2 Argitektoniese kenmerke

Dit is „n baksteengebou wat afgepleister is en het „n dak van kleiteëls. Dit het „n bonkige, vierkantige toring met „n spits oorhangdakkie. Die hoofingang van die kerk, „n rondboogvormige opening met „n dubbele houtdeur, is in die onderste deel van die toring. Die boonste deel van die toring het groot, geboë lugroosters aan elke kant. Die groot vensters is nie gespits nie maar geboë en bevat swaar, Neo-Gotiese traseerwerk in lobvorme aan die bokante. Stutmure is teen die hoeke van die gebou aangebring. Die meeste vensters het deursigtige klein, diamantvormige ruitjies maar daar is enkele vensters met gekleurde glasruite. Twee daarvan gedenk twee Murray-susters wat met twee Searle-broers getroud is. Die vloere en plafon van die gebou is van ingevoerde Oregon-greinhout.

4.3 Heroldsbaai

4.3.1 Stella Maris Rooms-Katolieke kerk (S34°03.312 EO22°23.336)

4.3.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die Stella Maris Katolieke kerkgeboutjie is op „n rots langs die hoofstraat van Heroldsbaai gebou. Die grond waarop dit staan is in 1932 deur John Urban van George gekoop. Hy het dit aan die Kerk geskenk en was in 1932 behulpsaam met die bou van die kerkie daarop (Marincowitz 1991:13).

Die gebou was deel van Heroldsbaai toe daar nog geen teerpaaie was nie en die (hoofsaaklik Afrikaanse) boere van die omgewing met hul ossewaens, melkkoeie en hoenders vir lang tye tydens die somer daar gaan vakansie hou het. Toe mnr Urban die

Figure 23 en 24: Stella Maris Rooms-katolieke kerk, Heroldsbaai

Figuur 25: Stella Maris-skildery

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grond gebruik om „n Katolieke kerk op te rig, was die vorige eienaar en die gereelde besoekers volgens oorlewering nie gelukkig daaroor nie Die gebou dien as gedenkteken aan John en Myrtle Urban. Dit is in 1983 verander en „n deel van die kerk is vir bewoning ingerig, wat die kerkgedeelte verklein het (Marincowitz 1991:13). Kerkdienste word veral in die somermaande gereeld daarin gehou en dit is „n gewilde kerk vir troues.

Die kerkie het sy naam gekry van „n skildery getiteld Stella Maris (Ster van die See), wat daarin hang. Inspirasie vir dié skildery was die deel van die Bybelboek Openbaring 12 waar Paulus „n gesig beskryf wat aan hom geopenbaar is: [...] *daar was 'n vrou met die son as kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre* (*Die Bybel* 1983:293). Die skildery beeld Maria, moeder van Jesus, uit met „n kind op die arm. Die kind het nie „n stralekrans om die kop nie. Die naam van die kunstenaar wat die werk geskep het, is nie bekend nie. Daar is net „n byskrif *Kau, München 1933* daarby en dit is bekend dat mev Myrtle Urban dit in Beiere uitgesoek en na Suid-Afrika verskeep het, waar dit sedert 1933 in die kerkie hang (Zietsman 1996).

4.3.1.2 Argitektoniese kenmerke

Zietsman beweer dat die kerk oorspronklik in „n T-vorm gebou is (1996). Aan die hand van „n vroeë foto van die kerkgebou hierby (figuur 26) lyk dit twyfelagtig en kom dit voor asof die gebou oorspronklik meer „n L-vorm gehad het. Aan die noordekant was „n klein konsistorie maar dit was korter en nie regoor die ander been nie.

Die skip van die kerk is op „n oos/wes-as. Die hoofingang is aan die westekant en die altaar aan die oostekant van die gebou. Die ingang is onder „n dakkie wat deur twee houtkonsoles en twee later aangeboude vierkantige klinkerbaksteenpilare gestut word. Wanneer die ou en nuwe foto"s vergelyk word, is dit duidelik dat die ou dakkie, met teëls bedek, kleiner was as die huidige. Die huidige dakkie, soos die res van die kerkgebou se dak, is van sink wat soos teëls gevorm is (*Harvey teëls*) en waarskynlik bo-oor „n vroeëre dak aangebring is.

Bo die ingang en die dakkie is „n geprofileerde sirkelvormige nis op die endgewel wat lyk soos die nabootsing van „n roosvenster. Die gewel is nie versier of gevorm nie en die spitsdak van die gebou het „n oorhang oor die gewel. Op die punt van die dak, reg bo die westelike endgewel en die ingang, is „n torinkie wat bestaan uit vier houtpilare en „n dakkie met „n kruis op.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op die gebou se hoeke weerskante van die ingang is hoekstutmure. Aan die suidekant van die gebou is die skip se dak verleng en „n stoep is aangebou. Stutmure is ook teen die suidelike en noordelike mure vasgebou.

Die gebou se vensters is reghoekig en aan die suidekant, op die stoepie, is daar houthortjies voor, wat Kaaps-Hollands voorkom. Die ou foto toon dat dit ook aan die noordekant die geval was. Die noordekant is tans nie toeganklik of sigbaar nie.

Figuur 26: Foto van Stella Maris-kerk in die 1930's, herfotografeer op 28.09.2012

Die binnekant van die kerk is eenvoudig en word oorheers deur die groot skildery teen die oosmuur. Die dak se stutbalke en ander houtwerk van die dak is oop aan die binnekant van die kerk en toon duidelike Neo-Gotiese stylkenmerke. Die dak van die skip is aan die suidekant verleng en van vyf pilare van klinkerbakstene en „n stoepmuurtjie van dieselfde steen voorsien. Die verlengde dak aan die suidekant, dun, die vierkantige pilare van klinkerbaksteen waarop dit rus en die donkerkleurige en grof-getekstuurde stoepmuurtjie van klinkerbakstene doen miskien meer om die estetiese integriteit van die gebou aan te tas as enigiets anders.

Die gebou is nie oorheersend van Neo-Gotiese aard nie maar bevat wel Neo-Gotiese stylelemente, hoofsaaklik in die stutmure. Die ou foto (figuur 26) toon „n eenvoudige maar meer karaktervolle kerkie in „n meer harmonieuse Neo-Gotiese styl.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4 George

4.4.1 Pacaltsdorp Congregational Church (S34°00.927 E022°27.355)

4.4.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Kaptein Dikkop van Hoogekraal, suid van die huidige George, het in 1813 sy eie ossewa gestuur om „n sendingprediker, Carl August Pacalt, by Zuurbraak naby Swellendam te gaan haal om op Hoogekraal te kom woon en as sendeling daar te werk. William Anderson, een van ds Pacalt se opvolgers, het in Desember 1823 begin met die oprigting van „n klipkerk vir die Hoogekraal gemeenskap. Dit is moontlik gemaak deur die feit dat ds Pacalt sy hele boedel in sy testament aan die Londense Sendinggenootskap nagelaat het. Die sendingstasie is na sy dood na ds Pacalt genoem. Die mense van Pacaltsdorp het die arbeid verskaf en mnr Roger Edwards, die sendingstasie se skrynwerker, het die bouery bestuur (Sayers 1982:106).





Figure 27 en 28: Pacaltsdorp se Normandies Neo-Gotiese kerk met vierkantige toring en kanteelwerk op die borswering.

Die kerk was die sentrale dinamo in die uitbouing van Pacaltsdorp. Soos by Clarkson en ander sendingstrasies, is alle aspekte van die gemeenskap se kultuurlewe daardeur gereguleer of geraak. Die kerk het die gemeenskap saamgebind en het die aanvaarde norme en waardes daarvan help vorm. Die kerk en die gemeenskap wat daarom gegroei het, skep „n direkte band met kaptein Dikkop, ds Pacalt en die Pacaltsdorpers se voorgeslagte (Du Preez 1987:23). Dit staan steeds as simbool van kerstening en van „n gemeenskap waar sendelinge van die buiteland en ander hul uiterste gegee het om aan kaptein Dikkop se visie van die opheffing van sy mense gestalte te gee en van die samewerking van die gemeente om daardie doel te bereik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.1.2 Argitektoniese kenmerke

Die kerk van growwe plaaslike klip se uitstaande kenmerk is sy stewige, vierkantige toring aan die suidoostekant. Die toring het tipiese Normandiese kanteelwerk bo-op die borswering. Daar is verskeie spitsboognisse aan elke kant van die toring en „n geprofileerde sirkel van klip bo aan die ooste- en westekante van die toring.

Die deuropeninge en die vensters van die kerkgebou is spitsboogvormig en bo die hoofingang is „n beskeie roosvenster binne „n pedimentgewel. Die pedimentgewel se onderste twee hoeke is met „n sterk geprofileerde lys verbind, wat daaraan „n effense Neo-Klassieke karakter verleen. Die kerkgebou is onmiskenbaar Normandies/Neo-Goties. Biskop Robert Gray, „n baie sterk voorstander van die Neo-Gotiese styl as enigste aanvaarbare boustyl vir kerkargitektuur, het die kerk in „n brief aan sy vrou beskryf as die mees kerkagtige struktuur (*churchlike edifice*) *wat* hy in Suid-Afrika teëgekom het (Gutsche 1970:76).

4.4.2 St Peter & St Paul Rooms-Katolieke Kerk (S33°57.586 E022°27.593)

4.4.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die Kaapse regering het in 1830 die verbod op die Katolieke kerk in die Kolonie opgehef en in April 1841 het die eerste Katolieke priester, vader Aidin Deveraux, in George aangekom, aanvanklik om uit te rus en sy gesondheid te herwin maar mettertyd om herderlike pligte na te kom. Hy het dadelik begin met die bou van „n kerkgebou in Meadestraat, wat die kerk van St Peter & St Paul genoem en in 1843 ingewy en in gebruik geneem is (Shearing 2011:39). In 2012 was dit die oudste bestaande Katolieke kerkgebou in Suid-Afrika. Die gebou is gedurende die week gebruik as skool en Sondae is kerkdienste daarin gehou.

Daar is geen aanduiding van die betrokkenheid van „n argitek by hierdie spesifieke kerk nie maar dit is moontlik dat bouplanne van die buiteland daarvoor ontvang is. Daar is sterk Katolieke invloed te sien in die gebou en omliggende geboue.

Verskillende fassette van die gemeenskap se lewe het in die kerk afgespeel. Opvoeding en opleiding was een van die aspekte waarvoor die kerk hom beywer het. Die personeel het „n verdere opvoedings- en ontspanningstaak verrig, buite die skool se normale funksie, in die aanbieding van gereelde musiekkonserte wat deur „n groot deel van die gemeenskap bygewoon en geniet is. Hierdie opvoedende en opheffingsrol in die gemeenskap is vir etlike dekades deur die kerk se *Holy Cross Sisters* gedoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 29: Die Katolieke Kerk St Peter & St Paul in George (links), in oorspronklike voorkoms. Datum van foto nie bekend.

4.4.2.2 Argitektoniese kenmerke

Die kerkgebou, waarvan die deur oorspronklik baie naby aan die straat was, is later verander maar die oorspronklike ontwerp van die 1840"s was onmiskenbaar Neo-Goties in styl. Dit is op „n oos/wes-as gebou en die hoofingang was vroeër in die oosvleuel. Die hoofingang het bestaan uit „n groot houtdeur met „n bolig wat spitsboogvormig was. Bo die deur en om die bolig was „n geprofileerde lys in die vorm van „n spitsboog. Bo die spitsboog was twee spitsboogvensters, elk onder „n geprofileerde lys, ook in die vorm van spitsboë. Die skuins dele van die gewel het kanteelwerk gedra en op die hoogste punt van die gewel was „n pedimentvormige voetstuk vir „n kruis. Die gebou het oorspronklik stutmure op die hoeke gehad wat tot bo die daklyn gestrek het en in skerp Neo-Gotiese torings geëindig het.

In 1870 is die kerk verander. „n Klein heiligdom is in die noordwestelike hoek aangebou en die oorspronklike ingang is verander. Waar die hoofingang was, is „n venster ingebou en „n ingangsportaal is op die noordoostelike hoek aangebou, waarin „n nuwe voordeur gesit is sodat die ingang nie meer direk op die straat sou wees nie. Die torings op die stutmure is verkort tot net bo die hoogte van die dak en die kanteelwerk op die gewels is verwyder. Hoewel die spitsboogmotief herhaal is by die vensters van die nuwe ingangsportaal en die nuwe hoofingang, het die gebou ingeboet aan styl en waardigheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 30: Die Katolieke Kerk St Peter & St Paul, George, na verbouings

Die kerkgebou het steeds „n spits dak en stutmure teen die buitemure. Die spitsboogvensters het ruite van gekleurde glas en bo elke venster is „n geprofileerde lys in die vorm van „n spitsboog.

4.4.3 St Mark's Katedraal (S33°57.449 E022°27.489)

4.4.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Op sy eerste reis ná sy aankoms in Suid-Afrika in 1848 het biskop Robert Gray by George aangedoen. Hy het die aanhangers van die Anglikaanse geloofsbenadering op George aangemoedig om „n kerkgebou op te rig. Sy eggenote, Sophy Gray, het „n plan voorsien in die Vroeë Engelse idioom (Martin 2005:6,27) en sou op 22 Oktober 1849 die hoeksteen daarvan gelê het. Baie harde reën het die kerkraad egter genoop om die seremonie uit te stel tot die volgende dag en die hoeksteen is op 23 Oktober 1849 gelê. Die kerk is „n bietjie meer as ‟n jaar later voltooi en is in 1850 deur biskop Gray geheilig (Gutsche 1970:83). Deur die jare is die kerk aansienlik vergroot en verskillende aanbouings is gedoen (Stals 1961:54).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 31: St Mark's Anglikaanse katedraal in George

Dit word aanvaar dat Sophy Gray die gebou gegrond het op „n Vroeë Engelse ontwerp van óf die Britse argitek Underwood óf Butterfield. Martin maak „n oortuigende saak uit dat die ontwerp afkomstig is van „n ontwerp wat Underwood vir „n kerk in Littlemore, Oxfordshire gedoen het (Martin 2005:33). Die klipwerk is gedoen deur drie Skotse klipwerkers Alexander Bern, Alexander Lawrence en sy broer James Lawrence wat by verskeie ander klipkerke in die streek se konstruksie betrokke was.

Hoogtepunte in die geskiedenis van die gemeente, die afsterwe van weldoeners, leraars van die gemeente en ander word gedenk deur glasvensters, gedenkplakette teen die binnemure en meubelstukke in die kerk. Een van die bekendste plakette is dié ter herdenking van Temple Pulvermacher, die seun van „n bekende en gesiene sakeman van George en lidmaat van die kerk. Die jonger Pulvermacher was tydens die Anglo-Boereoorlog in diens van die Suid-Kaap se *District Mounted Troops (DMT)* wat die distrik teen aanvalle van Boeremagte moes beskerm. Hy het in 1901 tydens „n skermutseling by Mount Hope in die Klein Karoo gesneuwel. George het byna tot stilstand gekom op die dag van sy begrafnis toe feitlik die hele Engelse gemeenskap en ander inwoners van die dorp sy begrafnis bygewoon het (Sayer 1982:243). Die insident het groot polarisasie tussen Engels- en Afrikaanssprekendes in die gemeenskap meegebring, veral toe die (ongegronde) bewering gemaak is dat hy vermoor is nadat hy oorgegee het (Sayer 1982:243). Op een tydstip het een van die Anglikaanse leraars die plaket uit die kerk verwyder en na die George Museum geneem, ter wille van goeie verhoudings. Die een in die kerk is op „n onbepaalde datum vervang, óf die oorspronklike een het terug gegaan want daar is tans „n gedenkplaket vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jong gesneuwelde Pulvermacher teen die binnemuur van die St Marks-katedraal en, sover die museumpersoneel kan vasstel, is daar nie meer een in die museum nie.

Die kerkbestuur was in 2012 nie daarvoor te vinde dat die gebou tot gedenkwaardigheid verklaar word nie.

4.4.3.2 Argitektoniese kenmerke

Die kerk, wat mettertyd „n katedraal geword het, is in tipiese Vroeë Engelse idioom van die Neo-Gotiese styl ontwerp en van growwe klip gebou. Die dak is spits en die vensters is lansetvormig. Daar is swaar stutmure teen alle buitemure vasgebou en „n gepedimenteerde kloktoring is op die spits van die westelike gewel van die gebou. Onder die kloktoring is „n geprofileerde spitsboog uit klip met „n vierlobvenster in die boonste deel en twee spitsboogvensters met trasering en gekleurde glas daaronder, binne die geprofileerde spitsboog, en reg bo die spits portiek. Die gebou het ook ander gekleurde glas vensters, twee waarvan uit die 17de eeu dateer en van Vlaamse fabrikaat is (Nesemann 2005:7). Die balke en ander houtwerk van die dak is oop aan die binnekant en sommige daarvan rus op uitgeboude konsoles vanuit die symure. Die lobmotief word op verskeie plekke in die kerk herhaal: op die klip preekstoel, stoele en ander meubels. Toegang tot die kerk is deur „n portiek met „n spits dak en glaslose drielobvormige openinge in die symure daarvan.

4.4.4 **Presbiteriaanse kerk** (S33°57.246 E022°27.578)

4.4.4.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Engelssprekende Christene wat nie aan die Anglikaanse Kerk behoort het nie, het in die eerste dekades van die neëntiende eeu meestal kerkdienste in die NG Kerk of in St Marks bygewoon (Stals 1961:54). In 1927 het ds S Workman van Oudtshoorn dienste vir die Presbiteriane gelei in die Vrymesselaarslosie in Caledonstraat. Hy is deur „n energieke ds T Jones opgevolg, wat ook in Oudtshoorn gesetel was. Sayers beskryf hoe ds Jones Sondae-oggende om 09:00 „n diens gelei het in Oudtshoorn, dan per motor oor die Montagupas na George gejaag het om „n diens om 11:00 op George te lei en dan weer terug te jaag na Oudtshoorn. Volgens Sayers het inwoners van die distrik op Sondae die pad vermy, om uit die pad van die jagende predikant te bly (1982:109). In 1933 het die gemeente aan die argiteksfirma Simpson en Bridgman van Oudtshoorn opdrag gegee om vir die gemeente in George „n eie kerk te ontwerp. Dit is gedoen, die hoeksteen vir die kerk is in 1933 gelê en die gebou is die volgende jaar, 1934, voltooi en in gebruik geneem (Stals 1961:54).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 32: Presbiteriaanse kerk, George

4.4.4.2 Argitektoniese kenmerke

Die gebou wat deur Simpson en Bridgman ontwerp is, toon sterk Neo-Gotiese stylkentrekke. Dit is ook op „n oos/wes-as gebou met rof-afgewerkte buitemure (*rough cast* of *rofkas*) waarop glad afgepleisterde dele om die deure, vensters, lugroosters, en in die vorm van „n swaar bandlaag op die bo-rande van die gewels en in die boonste dele van die gewels as polichromie dien. Van hierdie afwerking is in die vorm van Victoriaanse hoekrustiekwerk (*quoining*). Die hoofingang van die kerk is aan die westekant en die deuropening is in die vorm van „n spitsboog. Daar is „n groot dubbeldeur van hout met drielobversierings gevorm deur houtlyste aan die boonste deel van die deur. Die deur is in die middel van „n ingangsportaal wat na vore (die westekant) uitgebou is.

Die mure van die ingangsportaal is nader aan mekaar as dié van die skip en die portaal is dus nouer as die res van die gebou. Die portaal se mure volg dieselfde rigting as die mure van die skip vir sowat anderhalf meter van die hoofgebou af, draai elkeen skuins na binne teen „n hoek van 45° en draai na sowat anderhalf meter weer elk met „n 45° hoek na binne. Die westelike muur met die hoofingang vorm die verbinding tussen die laaste twee hoeke. Die ingangsportaal se dak is heelwat laer as dié van die hoofgebou en het „n borswering met kanteelwerk en „n pedimentgewel in die middel, bo die hoofingang. Bo-op die hoogste deel, reg bo die ingang, is „n kruis met „n ronde sirkel en onder dit drielobversierings op die gewelveld. Die mure van die portaal het nie stutmure nie. Hierdie portaal herinner aan „n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soortgelyke portaal, op „n groter skaal, waarin die nuwe St George-kerk in Knysna se twee ingange is. Die St George-kerk is ook deur Simpson en Bridgman ontwerp.

Die skip van die gebou se dak is aansienlik hoër as dié van die ingangsportaal en het „n skerp hoek en driehoek endgewels. Op die hoogste punt van die wesgewel staan „n kruis van dieselfde grootte as die een op die portaal se gewel. Onmiddellik daaronder, in die hoogste deel van die gewel, is drielobversierings. „n Langwerpige lugrooster direk daaronder en in die middel van die gewel en twee spitsboogvensters met geprofileerde omlysting rond die gewel af. (Figuur 32).

Sterk stutmure by die hoeke en teen die buitemure en spitsboogvensters versterk die Neo-Gotiese karakter van hierdie gebou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

KERKGEBOUE MET NEO-GOTIESE STYLKENMERKE OP DIE OOSTELIKE DEEL VAN DIE TUINROETE

Inleiding

Hierdie hoofstuk handel oor kerkgeboue op die oostelike deel van die Tuinroete tussen George en Humansdorp.

5.1 Wildernis

5.1.1 St Aidan's Anglikaanse kapel en rusoord (S33°59.526 EO22°34.588)

5.1.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Aartsdeken PO Fogg van die Anglikaanse Kerk het in 1923 geld nagelaat vir die koop van grond en die oprigting van 'n vakansiehuis as rusplek vir Anglikaanse predikante. 'n Groot deel van dié nalatenskap is in die depressiejare verloor as gevolg van verkeerde beleggingsbesluite. In die 1930's het deken Owen Grant van dieselfde Kerk en inwoners van Wildernis geld ingesamel om die verlore fondse weer aan te vul en het hulle stuksgewys begin met die oprig van 'n vakansiehuis in Wildernis (Kerkbrosjure: St Aidan's). Drie rondawels is gebou, een as kapelletjie (waarin besoekende predikante op vakansie moes preek) en die ander twee as verblyfplek vir predikante op vakansie. Na voltooiing het die geboue baie onderhoud geverg en dele is feitlik in geheel herbou. Aanbouings is deur die jare gedoen en in 1951 is 'n kloktoring bygevoeg. Die klok is verskaf deur die Piggottfamilie van Wildernis. Dit was afkomstig van die wrak van die seilskip *SS Thorne* wat in Tafelbaai vergaan het en is in 1831 geberg (Kerkpamflet: St Aidan's).

5.1.1.2 Argitektoniese kenmerke

Argitektonies is die geboutjie baie eenvoudig. Die oorspronklike rondawels is oor die jare versterk en die mure feitlik heeltemal herbou. Aanbouings is gedoen en die losstaande geboue is met mekaar verbind. Die drie rondawels is aanmekaar gebou met verbindings tussen die oorspronklike strukture. Die oostelike rondawel, wat as kapel dien, het lambrisering binne en 'n Neo-Gotiese kloktoring teen die suidekant daarvan. Aldrie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rondawels het groot, reghoekige vensters met groot ruite. Die kapel se vensters het donkergroen houtluike. Die vensters is nie Neo-Goties nie. ‘n Nuwe saal wat tussen die kapel en een van die ander rondawels gebou is en nou deel van die vooraansig uitmaak, het twee spitsboog-vensteropeninge. Tussen die vensters is ‘n spitsboogdeur.

Figuur 33: St Aidan’s Anglikaanse kapel en rusoord, Wildernis

Die onderste deel van die kloktoring vorm ‘n klein portiek voor die hoofingang. Die ingang van die portiek is boogvormig en die deur na die kapel is reghoekig. Die toring bo-op die portiek het ‘n spitsboogvormige opening regdeur die toring waarin die klok hang. Bo die opening eindig die toring in ‘n driehoekpediment en bo-op dit is ‘n metaalkruis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die geboutjie se lyne is eenvoudig maar nie strak nie. Die aanbouings harmonieer nie met die rondawels nie maar dra by, saam met die kloktoring, om ‘n sterk Neo-Gotiese karakter daaraan te verleen.

Die gebou is nie só naby aan die see soos die Stella Maris-kerkie op Heroldsbaai nie (figure 23, 24 en 26) maar is gebou op ‘n gelyk deel wat aan die voet van die steil seerant soos ‘n voet uitsteek. Daar is ruie plantegroei aan die noordekant (agterkant) van die gebou en dit is omring deur plante en blomme, is sowat 20 meter bo seespieël en het ‘n 180°-uitsig oor die see, die strandmeer en die welige plantegroei langs die Touwsrivier. Die gebou is baie goed geleë en die spierwit afwerking daarvan laat dit sterk uitstaan teen die donkergroen plantegroei so eie aan Wildernis.

5.2 Belvidere

5.2.1 **Holy Trinity Anglikaanse Kerk** (S34°02.472 EO22°59.935)

5.2.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Kort na die aankoms van Anglikaanse biskop Robert Gray in Suid-Afrika in 1848 het twee persone van die Knysna-omgewing, Thomas Duthie van Belvidere en William Newdigate van Plettenbergbaai, hom in Kaapstad besoek en die noodsaaklikheid van kerklike bearbeiding in hul gebied onder sy aandag gebring (Storrar 1978:137). Gedurende sy eerste reis deur dele van Suid-Afrika later in 1848 het die Biskop by Knysna aangedoen en hy en Duthie het saam besluit op ‘n plek op laasgenoemde se plaas Belvidere, ten weste van Knysna, waar ‘n kerk gebou sou word. Die Biskop se vrou, Sophy Gray, het ‘n bouplan voorsien. Op 8 Oktober 1849 het die kerkboukomitee mev Gray bedank vir die mooi ontwerp wat sy aan hulle gestuur het. Dit was vir ‘n klipkerk, volgens Martin, in die Normandiese styl (2005:33). Martin is van mening dat die kerkgebou nie gegrond is op ‘n ontwerp van die Britse argitek Butterfield, soos soms aangevoer word nie, maar op ‘n Normandiese begrafniskapel wat Henry Underwood ontwerp het. Hy wys daarop dat die Grays reeds vroeër een van Underwood se ontwerpe gebruik het vir die St Mark’s-kerk op George. Boonop kon drie van Underwood se planne in dié tyd gekoop word vir tien sjielings en ‘n sikspens (Martin 2005:33).

William Newdigate het ook betrokke geraak by die bou van die kerk op Belvidere en het baie tyd spandeer aan die maak van werktekeninge vir die kerk en aan toesighouding oor die bouery (Peter & Newdigate gd:11,12).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die klipwerkers het vir ses maande van Mei 1851 klippe gemyn by ‘n gruisgat en na die bouperseel aangery of per boot gebring. Teen die middel van 1852 was al die klipwerk aan die kerk voltooi en daar is begin met die opsit van die dak. In 1853 is die kerk in gebruik geneem en op 5 Oktober 1855 is dit deur biskop Gray geheilig (Martin 2005:33).



Figuur 34: Holy Trinity-kerk, Belvidere, Knysna

Die kerk is geleë in die boomryke en stil Belvidere en die ligging daarvan dra by tot ‘n geheelbeeld van skoonheid en rustigheid. Ou eike- en ander bome, plante en blomme sowel as die begraafplasie vorm deel van die geheelbeeld.

Dit vorm ‘n geskiedkundige skakel met die eerste Anglikaanse biskop van Suid-Afrika en sy eggenote, sowel as met pionierfamilies en stigters van die kerk. Die verband tussen godsdiens, lojaliteit aan ‘n politieke entiteit en persoonlike ervarings word aangetoon deur gedenkplakette teen die binnemure van die kerkgebou. Een so ‘n plaket gedenk ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeentelid wat in die Anglo-Boereoorlog by Nietverdiend in die Vrystaat gesterf het: *For King and Empire.*

Volgens oorlewering het die kerkklok op pad na die kerkgebou in die strandmeer geval, waaruit dit eers na ‘n paar jaar geberg kon word (Oosthuysen gd: 45). Die begraafplaas by die kerk het ook historiese waarde, met ‘n afdeling daarvan wat gereserveer is vir lede van die Duthie-familie.

5.2.1.2 Argitektoniese kenmerke

Mev Sophy Gray het in Suid-Afrika bewys dat sy nie alleen bedrewe was in die opstel van planne nie, maar ook in die daarstel van werktekeninge, die oplos van probleme en die praktiese uitvoering van planne. Sy het baie hulp van erkende Britse argitekte gekry en haar werk word vir die doeleindes van die studie beskou as patrisiër van aard.

Hierdie gebou verskil van die meeste van dié wat Sophy Gray ontwerp het. Gympel beskryf dit as ‘n gebou in die Normandiese styl en Fransen en Cook beskryf dit as in die Normandiese (Romaanse) styl (1980:385) In ‘n latere werk beskryf Fransen dit as Romaans (2006:337). Martin beskryf dit as Normandies (2005:33). Die Romaanse karakter kan gesien word in die ronde boë en die eenvoudige, vierkantige plan. Dit vorm ‘n halfsirkelvormige altaargedeelte aan die binnekant.



Figuur 35: Noordoostelike aansig van die Holy Trinity-kerk, Belvidere

Figuur 36: Kloktoring, Holy Trinity-kerk

Die gebou het ‘n hoofdak oor die skip en ‘n klein dakkie oor ‘n konsistorie op die kerk se noordwestelike hoek. Albei is met teëls bedek. Daar is geen uitgeboude ingangsportiek nie. Die ingang is aan die westekant en gelyk met die westelike endgewel en kloktoring. Twee ronde pilasters van gekapte klip met voetstukke wat na binne nader aan mekaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan, is aan elke kant van die ingang. Die pilasters dra twee boë oor die ingang. Daarbo is ‘n arkade van vyf boë, drie daarvan met vensters, wat op ses pare klippilasters rus. Bo dit, in die spits van die wesgewel onder ‘n boogvormige lys, is ‘n roosvenster waarvan die glas herwin is van kerke wat in die Tweede Wêreldoorlog in Brittanje beskadig is. Op die nok van die spits wesgewel is die gepedimenteerde kloktoring. Die dubbele klippilastermotief word in die kloktoring herhaal. Tussen die pilasters is ‘n versierde boog waaraan die klok hang. Op die hoogste punt van die kloktoring is ‘n klipkruis.

Binne val die ongelykheid van die klipmure op. Ook opvallend is die wye en hoë klipboog wat die geronde altaargedeelte van die gemeente skei. Links van die klipboog staan die kansel wat uit ‘n enkele rots gekap is. Die klein konsistorie is links van die ingang. Alle klipwerk, ook die preekstoel, is deur die Skotse klipwerkers Alexander Bern, Alexander Lawrence en sy broer James Lawrence. Die dak se houtbalke vorm ‘n ragwerk wat die Normandiese aard van die gebou beklemtoon. Dit rus op konsoles wat uit die symure van die skip gebou is.

5.3 Knysna

Die eerste boere en handelaars het hulle in die tweede helfte van die agtiende eeu in die omgewing van Knysna se strandmeer gevestig en in 1804 het die grootste deel van die strandmeergebied in die besit van George Rex gekom (Erasmus 1995: 82, Nell 2003: 56). Rex het dit by ene Terblanche gekoop, wat toe reeds daar geboer het (L Stainer 2012: onderhoud). In 1825 het goewerneur lord Charles Somerset ‘n dorpie, Melville, daar gestig om hout vanuit die woude in die omgewing te bewerk en te verskeep en Rex het grond vir die dorpie beskibaar gestel. Twee gemeenskappies wat afsonderlik ontstaan het, Melville en Newhaven, het in 1882 saamgesmelt om die dorp Knysna te vorm (Erasmus 1995: 82, 83).

5.3.1 **Die ou St George-kerk** (S34°02.110 E023°03.239)

5.3.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Biskop Robert Gray het die gemeenskappies Melville en New Haven in September 1848 tydens sy eerste reis deur Suid-Afrika besoek en het lidmate van die kerk daar aangemoedig om kerke te bou (Martin 2005:18). Die biskop was van mening dat die mense van Knysna dissipline en leiding nodig gehad het. Hy het geskryf dat hulle Sondae

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deurbring met rolbal speel, ‘n drinkery en dansery (Hatfield 1967:102). George Rex het twee hektaar grond geskenk as perseel vir ‘n kerk (Oosthuysen gd: 44) en op 21 April 1849 het een van sy seuns, John Rex, die hoeksteen van die nuwe kerk gelê (Tapson 1967: 24,182). Biskop Gray het ook vir hierdie kerkie ‘n plan voorsien, wat deur Sophy

Figuur 37: Ou St Georges-kerk, Knysna

Gray opgetrek is (Martin 2005:18). Volgens Martin is die plan gegrond op dié van ‘n ou Engelse kerk in Brittanje (2005:19). Nóg Martin nóg biskop Gray het aangedui op watter ou Engelse kerk dit gegrond is.

Tydens sy volgende besoek in 1849 kon die biskop nie veel vordering met die bouery sien nie. Dit was tydens hierdie besoek net omtrent half voltooi. Hy het in sy joernaal geskryf: *The church is a decorated building copied from an ancient English church and is intended to be the chancel of a larger edifice* (Martin 2005:19). Gedurende ‘n besoek in 1855 het die Biskop weer geskryf dat die kerkgebou bestem is om net die altaar of koorruimte van ‘n toekomstige, groter kerk te wees. Hy het die kerk op 3 Oktober 1855 ingewy en geheilig. In 1869 is besluit om voort te gaan met die vergroting van die kerk en die fondamente daarvoor is gegooi. Die vergroting het egter nie plaasgevind nie en in 1912 is die fondamente verwyder (Nesemann 2003:20).

Die kerkie was vir meer as 80 jaar die middelpunt van die Engelssprekende deel van die Knysna gemeenskap se lewe (Tapson 1967:182). Verskillende aspekte van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap se kultuurlewe het daar bymekaar gekom en die kerk het ‘n direkte band met die stigters en pionierfamilies van Knysna gevorm. Kinders in Knysna gebore is daar gedoop, van die vroeë pioniers se kinders is daar getroud. Die eerste burgemeester van Knysna en baie ander is uit dié kerkie begrawe (Tapson 1967:40, 77).

Tapson gee ‘n indruk van kultuurhistoriese aktiwiteite om die kerk, aan die begin van die twintigste eeu, toe dit nog elke Sondag in gebruik was. Dit word onvertaald weergegee om die outentiekheid daarvan te behou. [...] *every Sunday morning just before 11o’clock little family processions would move along the crooked dusty streets in the direction of the singing church bells. My father, black-garbed in morning coat and bowler, looking if possible even more funereal than on weekdays: my mother full-blossomed and frilly: my sisters in their Sunday best, prim and decorous as became their age, walking on either side of my parents; my small brother in long-trousered hard-collared Eton suit, rebellious but impotent against custom; myself trailing behind, or stalking ahead, plump proud and preening.*

‘n Verdere beskrywing volg van ‘n gemeentelid, mev Horn, se kleredrag, veral die hoede tydens kerkdienste: *They and their matching frocks came all the way from England and were the latest in fashion. Twice a year a new ensemble would arrive; one for the summer in September and one for the winter in March.* Sy meen dat die kerk voller was op die dae wanneer mev Horn haar nuutste modes aangetrek het kerk toe (Tapson 1967:182,183).

Die kerkie word deur Greig beskryf as *a genuine survival of the vernacular spirit of Gothic architecture and of rural living* (Greig 1971:49). Die stelling is ‘n veralgemening en onwetenskaplik. Om na ‘n volksboukundige gees van die Gotiek te verwys, is ‘n paradoksale stelling. Die voorkoms en ligging is eenvoudig en plattelands, maar die kerkie tussen blombeddings in sy parkagtige omgewing is nie volksboukundig nie. Greig se woordkeuse is verkeerd en ongelukkig.

Selfs nadat ‘n ander kerk in gebruik geneem is, word die ou kerkie steeds vir gemeenskapsfunksies gebruik.

5.3.1.2 Argitektoniese kenmerke

Die plan deur Sophy Gray was vir ‘n eenvoudige Neo-Gotiese kerkie in die Versierde idioom. Dit is op ‘n oos/wes-as gebou met ‘n klein aanbousel aan die noordekant. In sy joernaal het Biskop Gray op 26 November 1850 geskryf dat baie goeie klip vir die stutmure, vensters en buitehoeke van die kerkgebou gevind is. Die klip wat vir die mure gebruik is, sou na sy mening nie hiervoor deug nie (Martin 2005:19). Die dak is skerp

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gespits en was oorspronklik met gras gedek. Daarna het dit ‘n dak van sink gehad, wat in 1955 deur ‘n teëldak vervang is. Aan die langer suidelike en noordelike mure is tipiese Neo-Gotiese spitsboog lansetvensters met trasering. Elke lang muur het ‘n swaar stutmuur op die hoek en een in die middel van die muur. Tussen elke stutmuur en hoekstutmuur is een spitsboogvenster. Dit verleen simmetrie en balans aan die voorkoms van die gebou. Drielob motiewe is in die vensters en in die houtwerk binne die kerk. Die vensteropeninge is omraam met klip waarop die merke van die klipbeitels ewewydig langs mekaar lê. In die spitsboë van klip bo die vensters volg die beitelmerke die lyn van die spitsboog en aan die kante is dit horisontaal. Hierdie afwerking bevestig die professionaliteit van die Skotse klipwerkers Bern en die twee Lawrence broers, wat spesiaal na Suid-Afrika gekom het om aan die kerkgeboue te werk. Anders as die meeste ander Sophy Gray-kerke in Suid-Afrika, stem die vensters se boonste dele nie ooreen nie: elke venster het ‘n ander ontwerp. In 1949 is ‘n klein ingangsportaal van klip aan die westekant aangebou. Die kerkie is al met reg beskryf as ‘n argitektoniese juweeltjie (Greig 1971:163).

5.3.2 **NG Kerk** (S34°01.977 E023°03.057)

5.3.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond

‘n NG gemeente is in 1851 op Knysna gestig. Op 20 November 1858 is die eerste predikant, ds EHF de Roubaix, daar bevestig en in 1859 is die eerste kerk in gebruik geneem (Olivier (red) 1952:64). Dit was ‘n T-vormige Neo-Gotiese gebou van klip, met ‘n strooidak. Hoevers beweer dat hierdie gebou reeds in 1850 opgerig is (2010:129) maar in die lig van inligting in die NG Kerk se Gemeentelike Feesalbum van 1952 (Olivier (red) 1952:634), wat aandui dat die gemeente eers in 1851 gestig is, kom hierdie datum nie korrek voor nie. Dit is ook twyfelagtig of die gebou eers in 1859 in gebruik geneem sou word as dit reeds in 1850 gebou is. Die kerk het mettertyd te klein geword vir die gemeente se behoeftes en planne is gemaak vir die bou van ‘n nuwe kerk. Op 12 Februarie 1904 is die hoeksteen van ‘n nuwe kerkgebou gelê en op 16 Junie 1905 is die nuwe kerk in gebruik geneem (Olivier (red) 1952:64).

Hierdie gemeente het vir meer as ‘n eeu reeds ‘n sentrale rol gespeel in die gemeenskap se maatskaplike lewe, veral tydens ‘n epidemie van breinvliesontsteking in 1888 en die Groot Griep van 1918. Met die ontdekking van goud by Millwood in die Knysnabosse, wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deel van die gemeente was, het daar [...] *tot leed van die kerkraad, agt hotelle en 12 winkels wat drank verkoop, verrys* (Olivier (red) 1952:64).

Armoede was ‘n probleem onder boswerkers en ander lede van die gemeenskap en die gemeente was aktief in die bestryding daarvan, veral deur die bevordering van onderwys en opleiding. Die koshuis vir arm kinders by Wittedrift is deur die gemeente gestig en ‘n verdere koshuis vir dogters op Karatara is deur middel van ‘n lening deur die gemeente gefinansier (Olivier (red) 1952:64).

In 1950 het die gemeente Karatara gehelp om af te stig en op eie bene te staan. Die NG kerk wat in Karatara opgerig is, het geen Neo-Gotiese stylelemente nie.

5.3.2.2 Argitektoniese kenmerke

Die gebou is van baksteen, wat afgepleister en geverf is, en het ‘n swart sinkdak met drie Bisantynse torinkies op die nok daarvan. Die grondplan van die gebou is in die vorm van ‘n kruis en die hoë kerktoring is aan die westekant. Alle vensteropeninge en vensters is in die tipiese Neo-Gotiese spitsboog-vorm. Ruitstafies binne die vensters vorm skerp spitsboë aan die bo-ente en bo elke venster is ‘n geprofileerde spitsboog. Ook die deuropeninge is in die vorm van spitsboë. Die hoofingang, wat op grondvlak in die toring is, het ‘n tipiese Neo-Gotiese spitsboogingang met sterk drievlakkige omlysting van die deuropening. Hoekstutmure teen die kerktoring verklein in drie trappe na bo. Die trap van die onderste deel van die stutmuur na die tweede deel is nie in die vorm van ‘n plat trap nie maar in die vorm van ‘n driehoek met ‘n versonke drielobmotief. Ander stutmure rondom die gebou het elk twee trappe. Die buitemure het groot, rustiekagtige blokke in die sementafwerking op die volle muuroppervlakte, ‘n teken van Laat-Victoriaanse invloed.

Die vierkantige kerktoring het drie vlakke en ‘n Art Nouveau visskubteëldak bo-op. Die onderste vlak bevat die spitsboogingang, die middelste deel het ‘n langwerpige spitsboog lugrooster direk bokant die deur. Hierdie middeldeel strek tot die hoogte van die dak van die kerk. Die boonste vlak bestaan uit ‘n vierkant met drie spitsboogvormige lugroosters en ‘n ronde, Victoriaanse lugrooster aan elke kant daarbo, alles onder ‘n sterk geprofileerde spitsboogvormige lyswerk en ‘n spits visskubtoring. Swaar ysterwerk in die vorm van nagemaakte skarniere versier die groot, soliede houtdeure en verleen ‘n Romaanse karakter daaraan.

Die endgewels van die kerkgebou is driehoekig. Van die nok van sommige van die gewels loop ‘n balk van hout vertikaal na onder en sluit aan by ‘n soortgelyke maar horisontale balk om ‘n Victoriaanse gewelversiering te vorm. Van die gewels is oordadig versier. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 38: Neo-Gotiese NG Kerk, Knysna

oosgewel bevat ‘n groot spitsboog lugrooster agter die houtbalke, met twee vensters direk daaronder. Daar is twee verdere vensters, elk met ‘n spitsboog alkoof daarbo, twee deure, elk met ‘n stel trappe en handreling, twee stutmure teen die gewel, heelwat belysting en twee verdere stutmure net om die hoeke van die gewels.

Die kerkgebou is oorheersend Neo-Goties met elemente van ander style. Dit is in sekere opsigte oordadig en sal nie vir almal esteties strelend wees nie.

Figuur 39: Oosgewel van NG Kerk, Knysna

Figuur 40: Noordwestelike aansig, NG Kerk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.3 **Metodistekerk** (S34°02.062 E023°03.309)

5.3.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond

In die tweede helfte van die neëntiende eeu het die klein aantal Metodiste van Knysna hul kerkdienste in die plaaslike hofsaal gehou. Mnr Andrew Hepburn, werksaam by die plaaslike houtmaatskappy *Knysna Forest Company,* het in die vroeë 1890's 'n kerk volgens Neo-Gotiese riglyne vir die gemeente ontwerp. Daar is geen aanduiding dat mnr Hepburn argiteksopleiding gehad het nie. Die hoeksteen is in November 1892 gelê, nadat 'n erf teen £35 aangekoop is. Die bouwerk is gedoen onder toesig van mnr DW MacFarlane, wat moontlik 'n beroepsbouer was. Op 29 Oktober 1893 is die eerste diens in die kerk gehou (Knysna Geskiedkundige Vereniging: Gedenkbrosjure).

Die Metodistegemeente van Knysna was tradisioneel kleiner as die Anglikaanse en NG gemeentes, maar die kerk het 'n sentrale rol gespeel in die lewe van die gemeente, veral gedurende die beproewings van die twee Wêreldoorloë. Mettertyd is 'n kerksaal ten noorde van die kerkgebou opgerig, wat in gemeentelike behoeftes ten opsigte van akkommodasie vir gemeentelike aktiwiteite soos Sondagskool, voorsien.



Figure 41 en 42: Die Metodistekerk van Knysna met spitsboog ingang en vensters en stutmure

5.3.3.2 Argitektoniese kenmerke

Die hoofgebou is 'n eenvoudige langwerpige ontwerp. Daar is een lang staandak oor die skip en 'n klein, laer dakkie oor die portiek aan die oostekant. Die dak het 'n steil helling en is met teëls bedek. Die gebou is op 'n oos/wes-as gebou. Dit het Neo-Gotiese spitsboogvensters en stutmure teen die buitemure. Die ontwerp van die vensters waar twee spitsboë wat deur houttrasering gevorm word, binne die groter spitsboogopening geplaas is, kom baie algemeen by Gotiese sowel as Neo-Gotiese finestrasie voor. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoofingang, deur die portiek aan die oostekant, het ‘n spitsboog-ingang. Die gebou is van onteenseglike Neo-Gotiese ontwerp.

5.3.4 Die nuwe St George’s-kerk (S34°02.104 E023°03.113)

5.3.4.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die eerste St George’s Anglikaanse kerk het tot aan die einde van die 19de eeu in die behoeftes van die Anglikaanse gemeente van Knysna voorsien. Die groei in bevolkingsgetalle het egter die bou van ‘n groter kerk in die 20ste eeu genoodsaak. Teen 1896 was die ou St George’s-kerk heeltemal te klein vir die gemeente se doeleindes en in daardie jaar is besluit om voort te gaan met die vergroting daarvan (Nesemann 2003:20).

‘n Gebrek aan geld vir ‘n nuwe kerk was ‘n beperkende faktor maar die Oudtshoornse argitekmaatskappy Simpson en Bridgman is gevra om ‘n oplossing vir die probleem te vind. Hulle het aanbeveel dat ‘n heel nuwe kerk gebou word omdat die fondamente wat by die ou kerkie gelê is met die oog op die vergroting daarvan, begin verkrummel het. In 1919 het die plan om ‘n nuwe kerk te bou, wat ook die gesneuweldes van die Eerste Wêreldoorlog sou gedenk, openbare steun gekry. Simpson en Bridgman het planne voorgelê vir ‘n kerkgebou wat sitplek aan 250 mense sou kon bied. Die planne is aanvaar maar verskeie probleme het daartoe gelei dat die hoeksteen eers in 1926 gelê en die kerk eers in 1928 in gebruik geneem is (Parkes 1998:22).

Die kerk is gebou deur J Donald, ‘n immigrant van Brittanje en beroepsbouer wat met ‘n vrou van Mosselbaai getrou het. Die Engelse gemeenskap van Knysna was baie lojaal aan die koningshuis van Brittanje en aan die Britse ryk en het in die Anglo-Boereoorlog en die twee wêreldoorloë sterk steun aan die Britse magte en die Geallieerde oorlogspoging verleen. Mnr Donald en sy vrou (gebore De Swardt) het sewe seuns en een dogter gehad wat aktiewe diens verrig het gedurende die Tweede Wêreldoorlog (*Eastern Cape Herald*: 1950). Op die koorbanke van stinkhout is daar rose gekerf om Knysna se *bande met die rosekroon van Brittanje* (verwysende na George Rex se gewaande koninklike afkoms) te simboliseer. Dit is gedoen deur Winnifred Parkes (M Parkes 2012: onderhoud). Daar is ‘n venster met gekleurde glas wat biskop Robert en sy vrou Sophy Gray gedenk. Geld is nog voor die oprigting van die nuwe kerkgebou deur die vrouens van die gemeente bymekaar-gemaak om die egpaar in die ou St George-kerk te gedenk, maar daar was soveel onmin tussen die vrouens en só ‘n gebrek aan konsensus dat daar geen vordering gemaak kon

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word nie. Aartsdeken Jones het jare later voorgestel dat dit vir ‘n venster in die nuwe kerk aangewend word (Parkes gd:14)

In die geskiedenis van Knysna was daar verskeie uitstaande persoonlikhede en families wat groot ontwikkeling meegebring het en baie welvarend geword het. Onder hierdie families tel die Newdigates, die Barringtons, die Duthies, die Parkes-familie, die Metelerkamps en ander. Die Rex-familie het spesiale status geniet, gegrond op gerugte en bewerings dat George Rex ‘n buite-egtelike kind van ‘n Britse koning was. Rex het nooit die gerugte ontken nie. Daar was ‘n sterk Engelse tradisie van klasseverskille en ‘n sosiale rangorde in die gemeenskap. Beide die groot lojaliteit aan die Britse koningshuis en die rangorde word weerspieël in die kerk. ‘n Gedenkplaket vir gesneuweldes in die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 in die kerk lys nie die name in alfabetiese volgorde of volgens militêre range nie maar klaarblyklik volgens Knysna se eie statusleer met die naam van ‘n Newdigate heel bo. Storrar het na hierdie familie verwys as *the most prominent English family in the district* (1978:205).

Van die gekleurde vensters in die kerk word toegeskryf aan Hugh Eastman, ‘n gesiene Britse kunstenaar wat ‘n groot venster in die Westminster Abdy ter herdenking van die Tweede Wêreldoorlog se luggevegte oor Londen (*Battle of Britain*) ontwerp het (Parkes gd:14). Eastman se bekende handelsmerk verskyn egter nie daarop nie. Daar is ook geen datum daarop nie. Een van die ander vensters gedenk Helen Fox, ‘n orreliste wat jarelange diens aan die kerk gelewer het.

Die Knysnabosse en die hout daaruit was die gronslag van die welvaart van verskeie inwoners van Knysna. Hierdie kerk bevat baie besonderse stinkhout-afwerking. Die skerm wat die altaar van die gemeente skei, is gekerf deur William Bern, kleinseun van een van die klipbouers wat biskop Gray uit Skotland gebring het. Dit is in die vorm van ‘n doringkroon, simbolies van die kruisiging en lyding van Christus. Die preekstoel is ook van stinkhout en is in 1931 gemaak deur seuns van die plaaslike tegniese skool wat in 1921 gestig is om jongmense op te lei en wat deur die gemeenskap ondersteun is (Parkes gd:6).

5.3.4.2 Argitektoniese kenmerke

Simpson en Bridgman se ontwerp was vir ‘n swaar, somber Neo-Gotiese gebou met borswerings aan die westekant, wat daaraan ‘n byna fortagtige voorkoms gee. Baie swaar stutmure van donker klip is teen die buitemure aan drie kante van die gebou vasgebou. Die stutmure het drie trappe waarvan elkeen weer ‘n paar klein trappies van wit klip het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die wit klip is per boot van Brenton gebring. Dié polichromie beklemtoon die struktuur. Die mure van die gebou, soos die stutmure, is van baie donker en baie harde ysterklip gebou. Die donker klip word ook óm die spitsvensters, spits deuropeninge en op die voetlys net bo die grondlyn gekontrasteer met wit klipwerk.

Figure 43 en 44: Die nuwe St George's-kerk, Knysna

Die gebou is gerond aan die oostekant, om aan die binnekant 'n halfronde altaar te vorm. Aan die westekant het die kerk 'n ongewone ingangsportaal waarvan die noordwestelike en suidwestelike hoeke afgesny is om deure te akkommodeer wat teen 'n hoek van 45° met die mure van die gebou se skip staan. Weerskante van die deure is stutmure en bo die deur is 'n byna klassieke segmentale pediment met die klip gevorm. Hierdie uitgeboude deel het 'n swaar borswering bo met een driehoekpediment in die middel bokant die klein segmentale element en twee kleiner driehoekpedimente wat teen 'n hoek van 45° daarmee staan. Dit toon ooreenstemming met die ingang van die Simpson en Bridgman Presbiteriaanse kerk op George wat deur dieselfde argiteksmaatskappy ontwerp is. By laasgenoemde is die skaal kleiner, daar is net een ingang, in die middel, en nie twee, soos by die nuwe St George's nie. Die dak is van rooi kleiteëls.

Van die gekleurde vensters in die kerk word toegeskryf aan Hugh Eastman, 'n gesiene Britse kunstenaar wat 'n groot venster in Westminster Abdy in Londen ter herdenking van die luggevegte om Londen (*The Battle of Britain*) ontwerp het (Parkes gd:14). Eastman se bekende handelsmerk verskyn egter nie daarop nie en daar is ook geen datum op nie. Een van die ander vensters gedenk mev Helen Fox, 'n orreliste wat jarelange diens aan die kerk gelewer het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 45: Doringkroon-skerm van stinkhout, Neo-Gotiese dakbalke gestut op uitgeboude consoles en ‘n voorbeeld van die gekleurde glasventers

Figuur 46: Koorbanke van stinkhout met spitsboë en roosmotiewe daarop uitgekerf

5.4 Harkerville

5.4.1 St Chad’s Anglikaanse kerk (S34°02.618 E023°15.143)

5.4.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

St Chad’s Anglikaanse kerk by Harkerville is in 1933/34 gebou, teen ‘n koste van £999-10-3d, as deel van die Plettenbergbaaise Anglikaanse gemeente, waar St Peter’s die hoofkerk is (Storrar 1978:164). Dit is geleë langs ‘n grondpad, aan die rand van ‘n bos en langs ‘n skool.

Die meubels vir die kerk is gemaak deur William T Bern, ‘n kleinseun van die Bern wat van Skotland na Suid-Afrika gekom het om diens te doen as klipbouer in verskeie kerke in die streek (Storrar 1978:164).

Die kerk is in moeilike ekonomiese tye opgerig toe dit vir bewoners van Harkerville moeilik was om na Plettenbergbaai te reis vir dienste. Geestelike behoeftes en die behoefte aan opleiding vir die plaaslike gemeenskap het die oprigting van die kerk as sateliet van St Peters-kerk in Plettenbergbaai regverdig. Daar is geen aanduiding dat van ‘n argitek se dienste gebruik gemaak is nie. Dit is etlike dekades na die dood van Sophy Gray opgerig.

5.4.1.2 Argitektoniese kenmerke

Dit is ‘n baksteengebou wat gepleister en geverf is. In Junie 2012 was die geverfde buitemure daarvan ‘n sagte pers/pienk-kleur. Dit is op ‘n oos/wes-as gebou en die grondplan is in die vorm van ‘n kruis, met die oostelike gedeelte daarvan gerond om ‘n halfronde altaargebied aan die binnekant te vorm. Die dak is op een hoogte oor die skip,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met een ingang-stoepie aan elke kant, aan die noorde- en suidekante van die gebou. Verlengings van die hoofdak vorm dakkies oor hierdie stoepies, wat die arms van die kruis

Figuur 47: St Chad's Anglikaanse Kerk, Harkerville

uitmaak. 'n Portiek oor die hoofingang aan die westekant van die gebou het 'n kleiner spitsdak, laer maar in lyn met die grootste deel van die dak. Die wesgewel van die hoofdeel van die gebou, wat bo die portiek uitstaan, het 'n kerktoring wat plat teen die wesmuur vasgebou is. Die toring se buitelyne is in die vorm van klein trappe, soos by Neo-Gotiese stutmure. Binne hierdie toring is 'n spitsboogopening met 'n glasvenster onder die skip se daklyn. Die klok hang in 'n spitsboogvormige opening in die toring, wat reghoekig is en eindig in 'n klein koepel met 'n kruis bo-op.

5.5 Plettenbergbaai

5.5.1 St Andrew's Anglikaanse Kerk, Redbourne (S34°03.263 EO23°22.517)

5.5.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die geskiedenis van hierdie kerkgebou staan in die nouste verband met een van die pioniers van die huidige Plettenbergbaai: William Newdigate. Hy het in die middel van die 19de eeu van Brittanje na die Kaap en Plettenbergbaai gekom en die twee plase Rooikrantz en Brakkloof by Plettenbergbaai gekoop, wat toe Redbourne en Buccleugh geword het. Later het hy ook 'n plaas by The Crags gekoop, waar hy die opstal Forest

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hall gebou het. Volgens Tapson, in haar boek oor Knysna, het hy in 1848 van Brittanje in die Kaap aangekom (1967:150) maar volgens dieselfde skrywer se bydrae tot SESA was dit reeds in 1845 (Tapson 1973:182). Volgens Martin het hy die eerste twee plase reeds in 1846 gekoop (2005:91). Martin en SESA se datums (laasgenoemde verstrek deur Tapson) word bevestig deur die inskrywing in die *Suid-Afrikaanse Bibliografiese Woordeboek* wat aandui dat William Newdigate en sy broer George op 19 Oktober 1845 in Kaapstad aangekom het (SABW V 1987:572).

Newdigate was reeds in Knysna gevestig toe hy in 1848 saam met Thomas Duthie na Kaapstad gery het om biskop Gray te ontmoet en om te vra dat kerkdienste na die mense van Knysna en Plettenbergbaai gebring word (Storrar 1978:137). Sy plan was dat ‘n klipkerk op sy plaas Redbourne gebou moes word. In die Piesangvallei waar Redbourne geleë is, was volop vars water beskikbaar en daarom was Newdigate van mening dat dit die vanselfsprekende plek vir ‘n kerk en vir die sentrum van ‘n toekomstige dorp was. Biskop Gray se vrou Sophy het ‘n plan vir ‘n toekomstige klipkerk voorsien. Daarvolgens sou die gebou lansetvensters, ‘n kloktoring en ‘n spitsdak met ‘n skerp hoek hê (Storrar 1978:140).

As gevolg van ‘n gebrek aan fondse vir die be-oogde klipkerk het Newdigate in 1850 op eie koste en volgens sy eie ontwerp en tekeninge solank ‘n houtkerk begin bou om vir ‘n paar jaar diens te doen. Hy het die dienste gehad van William Page, wat beskryf is as ‘n bedrewe skrynwerker, en is ook bygestaan deur Thomas Noble, wat ervaring van bouwerk gehad het (Storrar 1978:141). Die kerkgeboutjie van geelhout was by voltooiing vier meter by tien meter aan die binnekant. In 1854 het die Sweedse natuurkundige Johan Fredrik Victorin ‘n diens in die kerkie bygewoon. In ‘n brief het hy dit daarna beskryf as nie groter as ‘n normale eetkamer in Swede nie (Storrar 1978:142). Dit is beplan om die gebou as skoolgebou aan te wend wanneer die beplande klipkerk voltooi is (Storrar 1978:142).

Die geelhoutkerk is besoek deur biskop Gray en sy eggenote, deur familie van die Newdigates uit Brittanje en deur baie besoekers. Die grootste deel van die gemeentelede was lede van die bruin gemeenskap. In 1855 het lede van dié gemeenskap vir biskop Gray om hulp gevra om grond te bekom waarop hulle hul eie nedersetting kon vestig. Tydens ‘n latere besoek moes hy tot sy spyt aan hulle sê dat hy geen sukses daarmee gehad het nie (Storrar 1978:144,146).

Baie kerklidmate is in die kerkie aangeneem, soos die 48 wat in September 1855 deur die biskop aangeneem is, van wie die meeste bruin mense was (Storrar 1978:144,146). Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

reeds diverse samestelling van die gemeente het in die 1920's 'n nuwe element bygekry deur die aankoms van 'n paar honderd Griekwamense wat beter weivelde kom soek het (Storrar 1978:4). 'n Groot deel van die gemeente is gedurende die sestigerjare ingevolge die Groepsgebiedewet uit die Piesangvallei verskuif. Sowat vyftig jaar later reël die nasate van hierdie verskuifde mense nog by spesiale geleenthede graag dienste in die houtkerkie waar hul voorsate aanbid het.

Dit was van meet af aan die Newdigates se veronderstelling en wens dat 'n permanente kerk van klip op Redbourne gebou moes word. Daar was egter verskil van mening binne die gemeente, met sommiges wat hierdie gedagte gesteun het en ander wat die permanente kerk op 'n ander plek, nader aan die skeepslandingsplek wou sien. In die 1870's het die Newdigates 'n suksesvolle beroep op familie en ander in Brittanje gedoen om by te dra tot 'n fonds vir die bou van 'n klipkerk op Redbourne. Die geld wat so ingesamel is, was nie genoeg om die kerk te bou nie en is in trust aan die biskop oorgedra, met dien verstande dat dit mettertyd aangewend sou word vir die bou van die beoogde klipkerk (Storrar 1978:140, 142). Die houtkerkie is intussen gebruik.

Toe geld benodig is om die houtkerkie se dak te herstel en die St Peter's-kerk en die St Michael's & All Saints-kerk by Kirbywood naby The Crags te bou, is dit gedoen met fondse uit die trustfonds vir die Redbournekerk (Storrar 1978:160). Teen 1887 was daar groot verdeeldheid in die gemeente oor die aanwending van die geld en byna tien jaar later, in 1896, is die biskop nog gevra om voort te gaan met die bou van die klipkerk waarvoor die trustgeld bedoel was, hoewel St Peter's-kerk (nader aan die see en die landingsplek vir bote) toe reeds anderhalf dekade bestaan het (Storrar 1978:160).

In 1897 is gevind dat eiendomsreg van die houtkerkie nie by voltooiing daarvan aan die Anglikaanse Kerk oorgedra is, soos Newdigate beplan het nie. Oordrag is toe gedoen. Die Kerk was nie te vinde vir die bou van 'n tweede klipkerk so naby aan St Peter's nie en die dispuut het vervaag (Storrar 1978:160).

Afgesonderd en grotendeels in onbruik, is die St Andrew's-kerk die oudste kerkgebou in die Anglikaanse gemeente van George maar die toekoms daarvan is onseker. Newdigate se visie van die Piesangvallei en die kerkie as die middelpunt van 'n dorp is nie bewaarheid nie.

Figure 48 en 49: St Andrew's Anglikaanse Kerk in die Piesangvallei by Plettenbergbaai

5.5.1.2 Argitektoniese kenmerke

Die kerkgeboutjie is 'n eenvoudige langwerpige gebou op 'n klassieke oos/wes-as met 'n spits dak op een vlak en 'n houtkruis op die oostelike dak-end. Die buitemure is van inheemse geelhout wat op Newdigate se plaas gekap en bewerk is. Die vensters en deur is lansetvormig. Die deur bevat swaar skarniere van krulyster wat aan die Romaanse styl herinner. In die oostelike endgewel is drie lang lansetvensters op tipies Neo-Gotiese wyse langs mekaar. Die gebou se dak was oorspronklik van dekgras. Dit is in 1876 herdek met gras maar in 1882 het die gebou 'n sinkdak gekry (Storrar 1978:158). Dit is in 1963 tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar en is in 1975 gerestoureer.

5.5.2 St Peter's Anglikaanse kerk (S34°03.238 E023°22.696)

5.5.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Die St Peter's-kerk in Plettenbergbaai moet in konteks gesien word met die rol van William Henry Newdigate en die St Andrew's-kerk op sy plaas Redbourne in die Piesangvallei by Plettenbergbaai (sien paragraaf 5.5.1.1 hierbo).

Teen die 1850's was daar egter al 'n gevoel in die gemeente dat die permanente kerk van klip nie op Redbourne gebou moes word nie. Soos vroeër genoem, het sommiges gevoel 'n permanente kerkgebou moet nader aan en bokant die landingsplek vir skepe gebou word (Storrar 1978:142). In 1856 is 'n gebou van hout wat as Anglikaanse kerk en skool sou dien, bykomend tot die houtkerkie op Redbourne, opgerig op 'n perseel nader aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kus, bokant die ou VOC-houtskuur en noord van die walvisstasie, met ‘n noordelike uitsig oor die baai. Dit was sowat vyf kilometer van die kerk op Redbourne en is vernoem na die apostel Petrus, die visserman. Daar is ook ‘n huis vir die skoolmeester gebou (Nesemann 2003:7). Die bruin gemeenskap het £64 hiertoe bygedra en meer as 50 bruin kinders het in 1856 reeds daar onderrig ontvang (Storrar 1978:146). Die skool/kerk was op amper dieselfde plek as waar die permanente St Peter’s-kerk later van klip gebou is.

Figuur 50: St Peters-kerk, Plettenbergbaai

Hierdie skool en kerkgeboutjie is in 1875 deur ‘n stormwind beskadig en Sophy Gray se planne vir ‘n kerk op Plettenbergbaai is gebruik om tenders aan te vra vir die bou van ‘n nuwe kerkgebou. Tot Newdigate se teleurstelling sou dit op dieselfde perseel gebou word waar die beskadigde kerk en skool gestaan het (Martin 2005:91). Bouwerk het teen die einde van 1878 begin en het etlike jare geduur (Storrar 1978:153). Gedurende die paasfees van Mei 1881 is dit vir die eerste keer gebruik. Op 14 Augustus 1881 is dit geheilig deur biskop Robert Gray se opvolger, biskop West Jones (StPCA: St Peter’s Church documents 1881:2).

Die klippe waarmee die kerk se mure gebou is, is van die omgewing. Dit is van wisselende kleure en toon skakerings van baie donker rooi, verskillende skakerings van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bruin en geel en selfs oranje. Dit is baie rof en die kerkgebou as geheel is die Sophy Gray-kerk met die grofste mure wat tydens hierdie studie teëgekom is.

Die historiese integriteit van die kerkgebou word versterk deur die feit dat stigterslede, dienende lede van die gemeenskap en pioniers soos lede van die Thesenfamilie in die terrein begrawe is. Dokumentasie in verband met die kerkadministrasie, doop, troues en begrafnisse van lidmate sedert die bestaan van die kerk word op die perseel bewaar en is toeganklik. Hierdie dokumentasie weerspieël die verloop van die gemeente se geskiedenis en dui die verband tussen verskillende kultuuraspekte aan, van die tyd toe nuwe lidmate gedoop is wie se ouers as *heidene* beskryf is en oor geen vanne beskik het nie, deur die tydperk voor die gemeente deur die Groepsgebiedewet geraak is en die tydperk tydens en na die Groepsgebiedewet. Die verband tussen godsdiens en opleiding is sigbaar in die feit dat die twee hand aan hand gegaan het. Oor die eerste biskop se benadering maak Storrar die stelling: *Robert Gray's vision was always fixed almost as much on education as a means of bringing people to God as on religion itself* (1978:146).

5.5.2.2 Argitektoniese kenmerke

Die kerk is op 'n noordelike helling geleë en het 'n uitsig na die noorde en noordweste oor die see en die Tsitsikammabergreeks. Dit is 'n langwerpige gebou met 'n konsistorie aan die noordoostelike kant en 'n ingangsportiek aan die noordwestekant. 'n Kloktorinkie sonder pediment met 'n spitsdakkie en 'n kruis bo-op is in 1964 op die westelike spits van die dak gebou.

Die klipgebou het 'n spitsdak en skerp, spitsvormige vensters. Die hoofingang in die portiek is ook in die vorm van 'n Gotiese spitsboog. Aan die suidoostelike einde van die gebou is 'n ronde apsis uitgebou wat glasvensters met gekleurde glas bevat. Die apsis met halfronde dak en die baie klein venstertjies is sterk Romaanse elemente.

Binne die kerkgebou is die dakbalke en ander houtwerk oop en dit vorm 'n ragwerk wat op konsoles rus wat uit die binnemure uitgebou is. Die dak is spits en met teëls bedek. Swaar Neo-Gotiese stutmure is teen die buitemure vasgebou. Gotiese drielob- en gebroke vyflobmotiewe kom herhaaldelik in die meublement binne die kerk voor. Die aanbou van 'n kloktoring in 1964 het nie die integriteit van die gebou geskaad nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 51: Suid-oostelike deel van St Peter's-kerk met halfronde apsis en dak en klein venstertjies

Figuur 52: Binne-inrigting van St Peters-kerk

5.5.3 St Thomas' Metodistekerk

5.5.3.1 Kultuurhistoriese agtergrond

In 1913 is 'n beweging in Plettenbergbaai begin om 'n spesiale Anglikaanse kerk te bou. Op 13 Maart van daardie jaar is 'n vergadering van lede van die Anglikaanse kerk in die skool gehou om die bou van 'n kerkgebou vir blankes alleen te bespreek. Een van die welvarende families, die Toplisse, het grond daarvoor geskenk en die Biskop het £600 daarvoor belowe. In 1914 het fondsinsameling in alle erns begin en bydraes is oor 'n wye spektrum ontvang. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het bouwerk onmoontlik gemaak maar in 1920 is weer aandag aan die saak gegee. Dit het nog dertien jaar geneem voordat 'n ontwerp van die argitek FK Kendall van Kaapstad aanvaar is. J Ross-Bolton het die bouwerk onderneem en die kerkgebou is in 1934 voltooi.

Aanvanklik was daar voorsiening vir twee banke vir bruin mense agter in die kerk maar van die donateurs, veral mnr en mev Jim Cuthbert, was daarteen gekant.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 53: St Thomas-kerk Plettenbergbaai, voorheen Anglikaans, nou Metodisties (Foto 1934 StPCA)

Opeenvolgende leraars was van mening dat die gesegregeerde kerk nie nodig is nie. Saam met die Redbourne- en Kirbywoodkerke het St Thomas ŉ swaar finansiële las op die gemeente van Plettenbergbaai geplaas (Storrar 1978:158).

Toe besluit is om die kerk te verkoop, het die Metodiste en later die Katolieke belangstelling getoon. Mnr Cuthbert was egter vasbeslote dat die kerkgebou selfs ná dit verkoop is nie lede van die bruin gemeenskap daarin moes toelaat nie en dit het die moontlike kopers afgeskrik. Selfs ná sy dood, het sy weduwee dieselfde standpunt gehandhaaf en die Katolieke Kerk het belangstelling verloor. In 1965 is dit aan die Metodistekerk verkoop, nadat byna al die meublement en binneversiering verwyder is (Storrar 1978:164).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.5.3.2 Argitektoniese kenmerke

Die kerkgebou van 1934 het bestaan uit ‘n lang gebou op ‘n oos/wes-as met ‘n toring aan die westekant. Die plan was kruisvormig met ‘n geronde altaar-gedeelte aan die oostekant. Die toring is bonkig, vierkantig en loop in drie fases telkens kleiner na bo. Bo-op is ‘n dakkie van sink met ‘n kruis daarop. Op die onderste vlak het die toring twee vensters aan die noorde- en westekant en ‘n ingang aan die suidekant gehad. Die vensters en die ingang was nie in die vorm van spitsboë nie maar was rondboogvormig aan die bokante. Stutmure was teen al die hoeke en die symure van die gebou vasgebou. Daar was Neo-Gotiese stylelemente in die gebou maar dit was nie oorheersend Neo-Goties in voorkoms nie.

Die kerk is in 1985 ingebou in ‘n groter eenheid en so te sê niks van die oorspronklike karakter en stylkenmerke van die kerk is meer waarneembaar nie. Die toring is nog sigbaar maar dit kom voor asof daar aan drie kante aangebou is. Geen sensitiwiteit teenoor die integriteit van die gebou, wat meer as sewentig jaar oud was tydens die verandering daarvan, is deur die argitek, ene Scott, getoon nie. Dit kom voor asof die wysigings die hele kompleks (wat die kerk as’t ware ingesluk het) verbruikersvriendeliker gemaak het, ten koste van die gebou se historiese en estetiese integriteit.

5.6 Wittedrift

5.6.1 Wittedrift NG kerk (S34°00.311 E023°20.546)°

5.6.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Rutger van Huyssteen het in die tweede helfte van die 18de eeu van Nederland na die Kaap gekom en in 1780 ‘n vryburger geword. ‘n Paar jaar later het hy hom by Wittedrift gevestig. Menige reisiger, amptenaar, predikant, natuurkundige en ander wat op pad was na of van die Grens en oostelike dele van die kolonie of Natal het op Wittedrift oorgebly en die Van Huyssteenfamilie se gasvryheid en toegeneetheid ervaar. Dit sluit sir George Grey, die Switserse sendeling CI Latrobe en verskeie ander in en Wittedrift het tot in die Kaap en oorsee bekend geword (Storrar 1978:60).

Vir twee eeue daarna was Van Huyssteen se nasate aktief in die omgewing en het ‘n groot rol gespeel in die uitbreiding van onderwys, kerstening en algemene beskawing en ontwikkeling van die gebied. Die Van Huyssteenfamilie het hulle ook oor dekades beywer vir die opleiding van jongmense, beide blank en bruin, van die omgewing. ‘n Deel van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plaas is aan Percy Topliss en toe in die neëntiende eeu aan die NG Kerk verkoop (Storrar 1978:114).

Figuur 54: Stutmure teen die NG kerkgebou, Wittedrift

Wittedrift was eers deel van die NG gemeente van George maar nadat afgestig is, is die kerkgebou van Wittedrift in 1934 opgerig. Op ‘n kerkvergadering oor die bou van die kerk is besluit om nie die plaaslike en maklik verkrygbare geelhout te gebruik vir die vloere nie maar om die veel duurder Oregon-greinhout daarvoor aan te wend.

Die kerk is op die sagte grond van die Bitourivier se vloedvlakte gebou en groot hoeveelhede ronde rivierklippe is met ossewaens aangery en in diep slote gegooi om daarmee stabiele fondamente vir die kerk te vorm. Enkele jare na die oprigting van die kerk het die mure nietemin begin kraak. Daar is toe ysterstawe deur die kerk gesit en die mure is met behulp van gekruisde ysters aan die buitekant van die kerk na mekaar getrek. Stutmure is ook teen die buitemure van die kerk gebou om dit te verstewig (Ds P du Preez 2012: onderhoud). By hierdie kerkgebou het die stutmure dus wel ‘n funksionele nut, anders as wat normaalweg by Neo-Gotiese geboue die geval is.

Wittedrift is nou ‘n klein boerderygemeenskap en die kerk vorm ‘n belangrike deel van die argitektoniese beeld en die sosiale lewe van die gemeenskap. Naby die kerk bestaan steeds opvoedkundige instellings van aansien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.6.1.2 Argitektoniese kenmerke

Volgens plaaslike bronne is die kerk deur gemeentelede self gebou (Ds P du Preez 2012: onderhoud). Dit is op ‘n noord/suid-as gebou en die grondplan is kruisvormig. Die argitektuurstyl is eklekties met ‘n sterk Neo-Romaanse karakter. Die hoofingang bestaan uit drie openinge in die vorm van geronde boë wat nie ‘n portiek vorm nie. Agter die suile en boë is ‘n portaal waaruit toegang tot die kerk verkry word, alles onder dieselfde dak as die skip. Die middelste boog rus op twee Toskaanse suile. Sterk stutmure teen die buitemure is funksioneel maar gee ‘n mate van Neo-Gotiese karakter aan die gebou. Dit is later aangebring.

5.7 The Crags

5.7.1 St Mark’s and All Angels Anglikaanse kerk (S34°00.244 E023°22.266)

5.7.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

In 1894 het die familie Newdigate aan wie die opstal Forest Hall naby The Crags behoort het, ingestem dat ‘n Anglikaanse kerk by Kirbywood op hul plaas gebou word. ‘n Plan vir die kerkgebou is deur ‘n familielid, generaal sir Francis Alexander Newdigate-Newdegate uit Brittanje gestuur. Daar is met die bouwerk begin maar toe daar ses jaar later in 1900 nog net tot by die voetlys (*plinth)* gevorder is, is besef dat die plan te ambisieus vir ‘n rustieke plattelandse kerkie en ‘n beperkte begroting is. Om uitgawes te verminder, is besluit om nie die klip te vorm nie maar dit net soos dit uit die klipgroef kom aan te wend, om die dak van sink te maak eerder as van teëls soos oorspronklik beplan, en om sonder deurrame klaar te kom (Storrar 1978:161).

Een van die plaaseienaar se dogters, Caroline Newdigate, het haar as natuur-wetenskaplike onderskei. Sy was die eerste persoon wat die wilde orgidie *Acrolophia barbata* (later *Acrolophia lunata)* beskryf het en twee ander is na haar vernoem (*Pterygodium newdigateae* en *Disa newdigateae*). Sy het ook die mot *Leto venus* ontdek en beskryf. Sy en haar suster het motte versamel, gemonteer en verkoop aan buitelandse versamelaars en museums, ook aan baron Rothschild, ‘n welvarende versamelaar van plant- en dieremonsters in Brittanje. Hierdie verkope het ‘n bydrae gemaak tot die finansies vir die bou van die kerk op hul plaas (Peter & Newdigate gd:26-28).

Figure 55 en 56: *St Michael's and All Saints*, Kirbywood, The Crags

Daar is in 1894 met bouwerk aan die kerk begin maar dit is eers in die 20ste eeu voltooi (Storrar 1978:161). Biskop West Jones sou dit op 17 Augustus 1881 heilig maar het die vorige dag van 'n leer geval en het die heiliging eers 'n maand later op 18 September 1881 gedoen (Storrar 1978:153).

Aan die oostekant van die kerk is die grafte van die stigters en ook van die vroeë ondersteuners daarvan. Teen die oosmuur is 'n gedenkskild uit klip ter ere van die Newdigatefamilie.

5.7.1.2 Argitektoniese kenmerke

Die gebou is eenvoudig en die klipwerk is grof maar netjies en sekuur. Die grondplan is ook eenvoudig, met 'n lang deel, 'n kleiner, oostelike deel onder dieselfde dak (maar met 'n laer profiel), en twee noordelike gedeeltes met hul eie spitsdakkies wat reghoekig met en laer as die hoofdakprofiel en die skip van die gebou is. Dit is in die 19de eeu ontwerp deur 'n onbekende Britse argitek maar plaaslik aangepas ter wille van besparing (Storrar 1978:161).

Die kerk is op 'n oos/wes-as gebou van ongedresseerde ruwe, rooibruin klip. Dit het 'n spits sinkdak. Die gebou het geen plafon binne nie maar tipiese oop Neo-Gotiese balke en houtwerk. Die kerk se binnekant is in drie dele verdeel, afgeskort van mekaar met tipiese houtskerms, in hierdie geval van stinkhout. Die skeiding tussen die deel van die kerk waarin die kerkbanke van geelhout staan en waar die preekstoel is, is in die vorm van 'n effens gespitste boog van beton en steen met 'n skerm van hout daaronder.

Figure 57 en 58: Konsole vir dakstutte en stutmuur met gevormde hoekklip

Aan die noordelike buitekant van die gebou is twee uitgeboude dele by die noordoostelike en noordwestelike hoeke daarvan. Die twee dele vorm ingangsportale waarin die buitedeure uitloop. Tussen die twee uitgeboude dele vorm die dak se oorhang ‘n bedekte stoep. Op die stoep is klipkonsoles uit die muur uitgebou waarop die dak se balke stut. Sterk stutmure van klip is vasgebou teen die buitemure en hoeke van die gebou en die vensters is smal en na bo gepunt, hoewel nie heeltemal só skerp soos by tipiese lansetvensters nie. Die geheelindruk wat die gebou skep, is Neo-Goties.

5.8 **Clarkson Morawiese Sendinggemeente** (S33°58.105 E023°56.108)

5.8.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Toe die rasionele beweging gedurende die sewentiende en agtiende eeue in Europa die menslike verstand as die enigste bron van kennis begin voorhou het, het die Morawiese Broeders die terugkeer na gelowigheid en peïteit voorgestaan. Hierdie beweging het in 1736 hul eerste sendeling, Georg Schmidt, na Suid-Afrika gestuur (Trümpelmann 1972:536). Meer as 100 jaar later, in 1839, is HP Hallbeck na die Tsitsikamma gestuur om, op versoek van die Kaapse goewerneur, ‘n sendingstasie daar te stig (SESA Vol 3 1971:252; Trümpelmann 1972: 37). Die doel van die sendingstasie was om na die geestelike behoeftes van die Khoi, voormalige slawe en Mfengu (of Fingos) om te sien. Die Mfengu is grond in die Tsitsikamma gegee nadat hulle van verslawing deur die Gcalekas bevry is. William Wilberforce in Brittanje het ‘n bedrag van £200 van sy vriend Thomas Clarkson, ‘n kampvegter vir die afskaffing van slawerny, ontvang vir die bou van ‘n sendingstasie in Suid-Afrika, op voorwaarde dat die sendingstasie na Clarkson vernoem word. Die sendingstasie het in 1839 tot stand gekom (Serfontein 2006:361).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Clarkson se eerste kerk, ‘n klipgebou, is na die aankoms van Hallbeck in 1839 gebou en in Desember 1840 ingewy. Dit het vir dertig jaar diens gedoen voor dit te klein geword het. In Augustus 1871 is die fondamente van ‘n nuwe kerk gelê en op 18 Desember van dieselfde jaar is die nuwe kerk ingewy (Serfontein 2006:363). Die ontwerp en uitleg van Clarkson is beïnvloed deur dié van ‘n sustergemeente, Elim. In albei gevalle het die kerk aan die einde van ‘n ry eenvoudige wit huisies met strooidakke gestaan.

Figure 59 en 60: Morawiese Sendingkerk, Clarkson

Vir baie jare is alle aspekte van Clarkson se gemeenskapslewe deur die kerk gereguleer of geraak. Dit het administrasie, opleiding en opvoeding, gesondheid, godsdiens, werkregulering, landbou en alle aspekte van dorpsbestuur ingesluit (Serfontein 2006:263). Die kerk en die ander geboue wat daarmee in verband gestaan het, is simbolies van die samekoms van en die koördinering van al hierdie verbande van die lewe. Die groter geheel waarvan die kerkgebou die middelpunt was toe die ry wit huisies nog netjies en eenvormig was, soos persoonlik ervaar in die vroeë 1960’s, en die kerk en kerkgeboue aan die bopunt daarvan spierwit en belangrik was, is grotendeels verlore en het plek gemaak vir ‘n ietwat afgeleefde kerk, ander geboue wat opknapping benodig en wonings van alle vorme en kleure. Hierdie verval is simbolies van die afname van die belangrikheid van die kerk en kerkgeboue in die gemeenskappie (Bohringer 2012: onderhoud). Veranderinge in bestuur en beheer, inwonersamestelling en groei het daartoe gelei dat die vroeëre geordende geheelbeeld van hierdie gemeenskappie aan die voet van die Tsitsikammaberge nie meer is wat dit vyftig of honderd jaar gelede was nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.8.2 Argitektoniese kenmerke

Die Clarksonkerk het ‘n grasdak en tipiese Neo-Gotiese spitsboogvensters en boligte bo die deure en vensters. Die vensters se ruitstafies is van hout en ook in tipiese spitsboogvorm. Die hoeke van die gebou het sterk, vierkantige stutmure wat van die fondamente na bo lei, by die onderpunt van die gespitste dak verby, om in ‘n tipiese Neo-Gotiese gepunte torinkie bo elke hoek te eindig. Elke torinkie het ‘n geprofileerde driehoekversiering op elke kant en ‘n kruis bo-op. Die driehoekgewels se onderpunte begin aan die binnekant van die torinkies. Tussen die torinkies aan weerskante van die endgewel is ‘n omlysting/lyswerk wat ‘n suggestie van klassissisme aan die gewels verleen.

‘n Ander Morawiese kerk is deur dieselfde organisasie sowat sestig kilometer verder wes in die Tsitsikamma gebou. Dit is die Morawiese Kerk Bloubos by Thornham. Dié vierkantige klipkerk met afsonderlike ingange vir manlike en vroulike lidmate toon egter geen Neo-Gotiese stylkenmerke nie.

5.9 Humansdorp

5.9.1 St Mark’s Anglikaanse Kerk (S34°01.527 E024°46.055)

5.9.1.1 Kultuurhistoriese agtergrond

Sedert die 1870’s het ds W Llewellyn van Uitenhage van tyd tot tyd per ossewa na Humansdorp gery en in die hofsaal kerk gehou vir Engelssprekende lede van die gemeenskap. Van die laat 1870’s het ene mnr WA Mallandaine, ‘n onderwyser, as lekeprediker opgetree en het ds Llewellyn net elke kwartaal van Uitenhage gereis om die sakramente op Humansdorp te bedien. Die NG kerk het sy gebou beskikbaar gestel vir aanddienste in Engels en het ook ‘n erf vir die oprigting van ‘n Engelse kerkgebou geskenk. In 1892 het ds OJ Wyche van Londen na Humansdorp gekom as Anglikaanse predikant en die volgende jaar het Humansdorp se Anglikaanse kerk onafhanklik geword van Uitenhage. In 1898 is begin met die bou van ‘n kerk op die erf wat deur die NG kerk geskenk is. Dit was naby die dorp se enigste meule geleë (Whitford 1973:2).

Planne vir die kerk is in of net na 1895 opgetrek. Geen aanduiding kan gevind word dat daar ‘n argitek betrokke was by die optrek van planne vir die kerk nie. Op grond van die planne is tenders ingewin. Die laagste tender was vir £740, wat bo die gemeente se vermoë was. Om die boukoste te verminder, is die planne gewysig: die heiligdom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(*sanctuary*) is weggelaat en die afwerking is verander (Whitford 1973:9). ‘n Tender van £595 is toe aanvaar en op 25 April 1898, St Markusdag, is die hoeksteen gelê. Die kerk is in dieselfde jaar voltooi en in diens geneem (Whitford 1973:9).

Die kerk het ‘n groot rol gespeel in die lewe van die Engelssprekende gemeenskap van Humansdorp. Byna alle meubilering in die kerk is geskenke van lede van die gemeenskap. Plakette, gekleurde glasvensters en panele in die kerk gedenk lidmate wat in die twee Wêreldoorloë gesneuwel het, sowel as kinders van die gemeente wat gesterf het en orreliste, predikante en ander wat in diens van die kerk en die gemeente gestaan het.

5.9.1.2 Argitektoniese kenmerke

Dit is ‘n gepleisterde baksteengebou op ‘n oos/wes-as en bied sitplek aan ‘n honderd mense. Dit is ‘n relatief eenvoudige wit gebou met ‘n swart teëldak. Die skip daarvan is aan die westekant en aan die oostekant is ‘n kleiner altaargedeelte met ‘n

Figuur 61: St Markuskerk, Humansdorp

effense laer spitsdak. Daar is ‘n vierkantige kerktoring met klein siertorinkies op elke hoek. Dit is teenaan die skip van die kerk en aan die noordekant daarvan gebou. Die toring vorm op grondvlak ‘n vierkantige ingangsportaal agter die hoofdeur. Die toring is redelik bonkig, nie baie hoog nie en het drie lugroosters op die boonste deel, een elk op die oostelike, noordelike en westelike kante, en ‘n kort, vierkantige torinkie op elke hoek. Die lugroosters is nie spitsboogvormig nie. Die hoofingang na die portaal is ook nie spitsboogvormig nie maar halfrond bo. Weerskante van die ingang, en teen al die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

buitemure van die gebou, is Neo-Gotiese stutmure. Die vensters is gerond bo en bevat gekleurde glas. Daar is verskeie vensters wat die apostels Mattheus, Markus, Lukas en Johannes, die geboorte van Christus en Christus in die tuin van Getsémané uitbeeld. Die oudste van hierdie vensters is tussen 1912 en 1925 gemaak. Sommige daarvan is ontwerp deur A Labouret van Parys in Frankryk (Whitford 1973:3). Die bekendste venster is die een in die oostelike muur wat die opstanding van Christus uitbeeld.

Die kerkklok het aanvanklik in die vierkantige toring gehang. In 1932, terwyl ‘n seun die kerkklok gelui het, het dit los geraak, op sy been geval en die been gebreek. In die kerk se stoor is vandag nog ‘n gebreekte klok. Daar is egter nie bewyse dat die twee met mekaar in verband staan nie. Omdat die klok krake in die toring se mure veroorsaak het, is ‘n afsonderlike struktuur, los van die kerkgebou, gebou waarin dit tans hang (Whitford 1973: insetsel).

Die gebou bevat Neo-Gotiese stylelemente maar is nie oorheersend Neo-Goties in voorkoms nie. Daar is ‘n mate van ooreenstemming met die kerke van Gordon Leith, maar die verfyndheid van Leith ontbreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

KULTUURDINAMIKA EN ARGITEKTUUR

Die voorafgaande hoofstukke laat nog die vraag onbeantwoord:

> Hoekom het hierdie spesifieke styl (en die herlewing daarvan), wat ontstaan het binne die verband van ‘n spesifieke Europese kultuur, in ‘n ander tydsgewrig, in ‘n ander halfrond en binne ander kulturele en klimaatsomstandighede, op metafisiese terrein ten nouste verweef geraak met die 19de en 20ste eeue se siening van wat kerkargitektuur in Suid-Afrika behoort te wees?

6.1 Franse kultuurskepping tot Europese boustyl

In die studie is aangedui dat argitektuur ‘n kultuurskepping is en dat dit ‘n aanduiding gee van die behoeftes, uitdagings, kennis, vaardighede en sienings oor estetika wat op ‘n bepaalde tyd binne ‘n bepaalde kultuur geld. Uit die studie was dit duidelik dat die Gotiese boustyl in Frankryk en binne Franse kultuurverband ontstaan het maar met verloop van tyd deur verskillende kulture in Europa aanvaar is. Die onderlinge variasies van die Gotiese styl in verskillende Europese lande en kulture het geen afbreuk gedoen aan die feit dat dit alles deel van dieselfde styl uitgemaak het nie.

Die aanvaarding daarvan oor lands- en kultuurgrense heen (aanvanklik in Europa) kan toegeskryf word aan hoofsaaklik vyf redes:

- die nalatenskap van die Romeinse ryk het tot gevolg gehad dat daar gemeenskaplikheid tussen die kulture van Europa bestaan het, genoegsaam om dit as Westers, in teenstelling met Oosters, te beskryf
- die finale kerstening van Europa het ‘n mate van homogeniteit in godsdiensverband op dié vasteland meegebring en die Kerk se invloed het feitlik geen geografiese grense binne Europa geken nie
- tydens die ontstaan van die Gotiese styl was Wes- en Sentraal Europa nog nie so in nasiestate verdeel, met gereguleerde grense, soos wat dit later sou word nie
- onderlinge verwantskap tussen die konings- en vorstehuise van Europa en lede van hierdie huise se besoeke oor landsgrense heen het die verspreiding van idees en nuwe ontwikkelinge aangehelp. Daar was ook wedywering en navolging van die voorbeeld van vorste wat as leiers beskou is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- kultuur is dinamies: daar het verskillende kulture in die lande bestaan waar die Gotiese styl aanvaar is maar kultuur verander voortdurend en neem elemente van ander kulture op

(Roberts 1993:396, Coertze 1973:18, Foster 1973:29).

Die ontstaan van die Gotiese Herlewingstyl en die oordra daarvan na Suid-Afrika is reeds beskryf maar, om te verstaan waarom dit plaasgevind het, moet die prosesse van kultuurverandering en kultuuroordrag wat die wye aanvaarding daarvan moontlik gemaak het, ontleed word.

6.2 Die dinamiese aard van kultuur

Hoewel daar gemeenskaplikheid tussen die verskillende kulture van Europa bestaan het ten tyde van die ontstaan van die Gotiese boustyl, moes die styl tussen-kultureel oorgedra en deur die nie-Franse kulture aanvaar word voor dit oor Europa kon versprei. Die ander kulture moes ‘n kultuurelement wat nie uit eie kultuur ontstaan het nie in hul kulture opneem. Daar moes dus ‘n mate van kultuuraanpassing of kultuurverandering by die ander kulture plaasgevind het.

Kultuurverandering kan deur interne of eksterne faktore teweeg gebring word.

Interne faktore sluit in faktore soos ontdekkings, uitvindings en innoverende probleem-oplossings wat uit groepdinamika of individuele insig ontstaan. Die mens is verstandelik toegerus om uitdagings te aanvaar, probleme op te los, om aanpassings te maak en die omgewing by sy veranderende behoeftes aan te pas. Die mens is die enigste spesie wat van die ervaring van vorige geslagte kan leer en kan ontwikkel. Daarom verander die mens se kultuurskeppinge voortdurend. Interne faktore kan verandering van leierskap en rigtinggewende verandering deur instansies soos kerke of organisasies insluit. Innoverende individue of persone wat bestaande praktyke, gebruike en tradisies uitdaag, kan ook interne faktore wees wat ‘n deurslaggewende rol speel in kultuurverandering (De Klerk 1981:37).

Kultuurverandering kan ook deur eksterne faktore teweeggebring word, soos met die verspreiding van die Gotiese boustyl in Europa gebeur het. Die belangrikste aspekte van die eksterne proses is diffusie en akkulturasie (Foster 1973:61; Keesing 1958:28). Diffusie is die verspreiding van kultuurelemente vanaf een kultuurgroep na ‘n ander sonder dat die hele kultuur oorgedra word. In die geglobaliseerde wêreld van die 21ste eeu is dit algemeen. Akkulturasie vind plaas wanneer twee kulture in langdurige kontak met mekaar is en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kultuurelemente volledig deur een kultuur uit die ander oorgeneem word. Hierdie proses kan spontaan geskied, dit kan gedwonge wees of dit kan deur middel van ‘n proses van geleide akkulturasie geskied. Deur laasgenoemde proses word die kultuur van een groep stelselmatig en doelbewus verander (Frost 1976:63; Coertze 1973:56). Ontwikkelingshulp-programme en projekte van die Wêreldbank is voorbeelde van geleide akkulturasie.

Na die finale kerstening van Europa in die Middeleeue, wat geskied het deur ‘n kombinasie van spontane, gedwonge en geleide akkulturasie, het die Christelike godsdiens, met kleiner variasies, deel van die kultuur van die meeste Sentraal- en Wes-Europese kulture geword. Die aanname van die Gotiese boustyl buite Frankryk, waar dit ontstaan het, is dus verstaanbaar en verklaarbaar.

Om die proses van kultuurverandering te verstaan, is begrip van die veranderbare elemente van kultuur nodig.

6.2.1 Kultuurelemente

Soos deur die Burden-model aangedui (figuur 1), bestaan daar geestelike (of nie-materiële) en stoflike (of materiële) kultuurelemente in elke kultuur en is daar ‘n verband tussen die twee. Om die verspreiding van die Gotiese boustyl in Europa en die groei van die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika te verstaan, word aandag gegee aan nie-materiële kultuurelemente wat ‘n rol daarin gespeel het. Hierdie nie-materiële elemente sluit simbole, estetiese en etiese waardes, modes, tradisies en gewoontes in.

6.2.1.1 Simbole

Min twyfel kan bestaan oor die feit dat simbole ‘n belangrike deel vorm van menslike gedrag en dat die gebruik daarvan deur die mens een van die groot verskille tussen mense en diere is. Die mens gebruik en verstaan simbole: geen ander lewende wesens op aarde doen dit nie. Die antropoloog LA White konstateer: *Today we are beginning to realize and appreciate the fact that the symbol is the basic unit of all human behaviour and civilization* (1971:22). Hy maak die verdere stelling: *Without the symbol there would be no culture and man would be merely an animal, not a human being* (White 1971:33). In godsdiensbeoefening is simboliek en metafisiese waardes van groot belang. Elke kerkgebou of moskee is ‘n simbool van godsdiens. Sommige Afrikaanssprekendes praat van ‘n kerkgebou as *Godshuis* (Barnard 2012:194). Kerkgeboue in Suid-Afrika is volgens Karel Schoeman opgerig deur mense wat [...] *lewendig bewus* [was] *van die verpligting om geboue volgens aanvaarde Westerse norme op te rig, tot stigting en lering van die mense wat hulle moes bearbei het, en tot glorie van God, wie se verteenwoordigers hulle in die woeste en heidense binneland van Afrika*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was (1982:27). Schoeman gee hier ‘n aanduiding van die gekompliseerdheid van simboliek deurdat hy twee vlakke van simboliek uitlig: die simboliek van die westerse beskawing wat in ‘n *donker kontinent* uitgedra moes word en die simboliek van ‘n Opperwese, godsdiens en die Christelike geloof. Ander simbole van die Christelike geloof sluit onder meer in die kruis, ‘n doringkroon, ‘n Bybel, ‘n lam, ‘n boot, ‘n herderstaf en ‘n doopfont. Hierdie simbole se betekenisse geld binne kulturele verband. Die heiligheid van die kruis vir die Spaanse *conquistadors* gedurende kolonisasie van Sentraal- en Suid-Amerika was byvoorbeeld aan die inheemse bevolking onbekend en vir hulle onbegryplik (White 1971:26). ‘n Verdere voorbeeld is die voorval waarin die verbranding van stukke papier deur ‘n kind (met Downs-sindroom) in die Midde-Ooste in 2012 deur sommige Moslems as heiligskennis en godslastering gesien is. Dit het tot formele aanklagte van godslastering teen die kind gelei, omdat die papier gedrukte bladsye van die Koran was (Daily Mail 20/8/2012).

Die argitektuur van die Gotiese katedrale het nuwe simbole van godsdiens geskep: spitsboë en hoektorings wat na die hemel wys, hoë gewelwe wat die nietigheid van die mens simboliseer, invallende lig wat voortdurend verander deur die beweging van die son en die weer, in die algemeen ‘n kerkatmosfeer wat mense ‘n insig moes gee in die wonderlikheid van die hemel. Vir baie mense, selfs vandag nog, is spitsboë sinoniem met kerkargitektuur. In *By*, die bylaag tot *Die Burger*, verskyn byvoorbeeld op 17 Desember 2011 ‘n beskrywing van ‘n persoon wat agteroor sit en sy vingerpunte teen mekaar druk. Die skrywer beskryf die toneel so: *Dan sit hy terug in sy stoel en maak ‘n kerk met sy vingers* (Bekokstower 2011:11).

Die Gotiese styl het miskien meer as enige ander boustyl die argitektuur in harmonie gebring met die formaat van die kerkdiens en ander aspekte van die kerkseremonie soos koorsang en ander musiek. Die geboue het beide die aardse en die hemelse, die duiwel en die Opperwese gesimboliseer. Moontlik is dit waarom die styl in die kollektiewe geheue van westerse mense, veral Christene, ‘n groot indruk gelaat het.

Soos ander aspekte van kultuur, kan simbole se betekenis binne kultuurverband verander. Die toga, eens ‘n belangrike simbool van leiding, gesag en ‘n mate van gesalfdheid in gereformeerde kerke, het mettertyd feitlik alle metafisiese betekenis verloor. Vir jongmense van die 21ste eeu is dit ‘n onbekende voorwerp van materiaal, met tossels, en ‘n simbool van vergange tye en moontlik selfs van verouderde denke. Die beeld van ‘n ouderling as meestal ‘n gryse, ouer man, is onherroeplik agtergelaat. Die dra van manelpakke deur kerkraadslede in gereformeerde kerke en die gebruik van nagmaalbekers val in dieselfde kategorie van veranderde simbole.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.1.2 Estetiese waardes

Estetiese waardes van ‘n kultuur gaan oor wat mooi is en wat nie mooi is nie. Dit staan in verband met materiële dinge soos geboue, kleredrag, haarstyl en ander, maar is nie daartoe beperk nie. Ook nie-materiële aspekte van kultuur, soos musiek, dans, storievertelling en ander kan beoordeel word as esteties strelend of nie-strelend, aanvaarbaar of nie aanvaarbaar nie op ‘n bepaalde tyd. Dit kan met tyd verander (White 1971:122, 124). Ook hierdie aspek kom sterk na vore by godsdiensbeoefening en by kerkargitektuur.

In die Middeleeue was geboue in die Gotiese styl indrukwekkend en dit moes esteties aanvaarbaar gewees het vir die Middeleeuse Europese mens. As dit nie esteties aanvaarbaar was en tot die Franse kultuur en dié van ander Europese lande gespreek het nie, sou dit nie oor Europa versprei het nie.

6.2.1.3 Etiese waardes

Etiese waardes is die waardes wat binne kulturele verband gaan oor wat reg en wat verkeerd is. Net mense is in staat tot etiese of onetiese gedrag: ‘n dier kan nie die Sabbat ontheilig, owerspel pleeg of skuldig wees aan bedrog of kontrakbreuk nie. Dit strek veel verder as wetgewing en ‘n formele regstelsel. In baie kulture is dit ten nouste gekoppel aan godsdienstige norme, soos die tien gebooie van die Christelike geloof (White 1971:148, 155).

Verskeie eeue voor die geboorte van Christus het Griekse filosowe ook ‘n ander reg as die mens-gemaakte reg onderskei: die Natuurreg (De Villiers 1984:11). Dit is beskou as ‘n *dieper* reg: ‘n reg wat met die natuur van die mens, die rede waaroor die mens beskik en die balans tussen reg en verkeerd, goed en sleg, te doen het en gaan uit van die standpunt dat elke mens oor die rede beskik, weet wanneer iets onbillik en onregverdig, reg of verkeerd, is en dat elke mens deur die gedeelde menslikheid ‘n sekere waarde kry. Die Natuurreg het gedurende die Renaissance en die Verligting oplewing getoon en is in die 15de eeu in Spanje voorgehou as bewys van die onmenslikheid van slawerny (De Swardt 1983:24). Dit is in die Christelike tradisie geïntegreer en het ‘n groot invloed gehad op die ontwikkeling van Westerse denke.

Hoewel nie ‘n regstelsel as sodanig nie, het kerkdogma oor eeue binne Christelike kerke ontstaan ingevolge waarvan sekere handelinge binne kerke moes plaasvind en ander nie mag plaasvind nie. Die Gotiese boustyl, en later die Neo-Gotiese, het in direkte verband daarmee gestaan: sekere kerkitems mag net in sekere dele van die gebou gehuisves word, die leraars en koor het streng voorgeskrewe rolle en handelinge gehad en kerkgangers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes aan streng geskrewe en ongeskrewe reëls voldoen. Die grondplanne en argitektuur van Gotiese kerke en katedrale het ten nouste hiermee saamgehang en het baie simboliek en metafisiese waardes uitgedra. Die geboue se oostekant was byvoorbeeld altyd simbolies van God en die westekant simbolies van die mens. (Sien paragraaf 1.2). Trappies na die altaar binne die kerk was simbolies van die opstyging na die hemel. Die koornis of apsis was altyd aan die oostekant van die kerk en was die enigste plek waar die oorblyfsels van ‘n martelaar of heilige gehou kon word. Die noordelike deel van die gebou was simbolies van die duiwel en was waar die manlike werkers en die armes gesit het. Die altaargedeelte, die konsistorie, die syskip en elke ander deel van die Gotiese katedrale en latere Neo-Gotiese kerkgeboue het ‘n spesifieke rol en funksie in die kerk en binne die formaat van die kerkdienste (Cantor 1993:436). By sommige katedrale is daar ‘n duiwelsdeur aan die noordekant, waardeur die duiwel kan ontsnap gedurende die nagmaal. Roosvensters was simbolies van die Moeder Maria en ‘n kerk se hoofingang was simbolies van die hemelpoorte (www.utccs.org/documents/churcharchitecture.pdf.Gothic). Die suile aan die binnekant van die gebou was simbolies van die dra van die sondelas (Gympel 1996:30). Groot nie-materiële betekenis is aan die doopfont geheg en dit moes op ‘n sekere plek in die kerk staan, in ouer kerke soms effens afgeskei van die res van die kerk. Dit kan steeds gesien word in kerkgeboue in Knysna, Blanco, Noupoort, Colesberg, en ander. Op hierdie wyse het die Gotiese, en later die Neo-Gotiese boustyl op so ‘n manier ineengevleg geraak met die godsdiensbeoefening dat verandering van die een ‘n invloed op die ander sou uitoefen.

Menslike gedrag en sienings oor wat reg en verkeerd is, word verder beheer deur konvensie binne kultuurverband. ‘n Kerklike voorbeeld van veranderende konvensie is die eens onwrikbare konvensie dat vroue nie sonder hoede kerkdienste mog bywoon nie, wat in die 21ste eeu in die NG Kerk nie meer geld nie, en die ander veranderinge ten opsigte van simboliese kleredrag hierbo genoem.

Persoonlike voorkeure en vooroordele kan kerkdogma en ook kultuurverandering beïnvloed. Biskop Robert Gray en ‘n hele kerklike beweging in Brittanje was byvoorbeeld van mening dat geen ander styl as die Neo-Gotiese aanvaarbaar was vir kerkargitektuur nie. Gray het in 1848 in ‘n brief aan die *Society for the preaching of the gospel* geskryf dat die kerke wat vir die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika gebou sou word [...] *will all be built upon correct Ecclesiastical principles* (Martin 2005:11).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.1.4 Modes

Die term *mode* verwys na die geneigdheid van die mens om by ander mense aansluiting te vind en deur ander aanvaar te word deur te konformeer, meestal vanweë groepsdruk en soms teen ‘n individu se sin. White skryf in dié verband: *man perennially rebels against attire. It is often uncomfortable, injurious to the health at times, and, some men think, the ordinary costume is unesthetic* (sic)*, the formal attire ridiculous. But what can he do? He must wear his coat and tie no matter how hot the weather. He is not permitted to wear pink or blue shoes.* Sommige mense is absoluut slawe van die *nuutste mode*, volgens White (1971:333). Hoewel die term *mode* in die algemeen dikwels met kleredrag vereenselwig word, geld dit ook vir ander aspekte van kultuur, soos argitektuur. So was dit op ‘n sekere tydstip in die geskiedenis van die Kaap mode om in sekere style te bou of om Victoriaanse elemente aan Kaaps-Hollandse geboue aan te bring. Vir ‘n lang tyd was dit mode om openbare geboue in die Neo-Klassieke styl te bou. Mode kan nie as faktor in argitektuur genegeer word nie en is ‘n bekende veranderlike.

6.2.1.5 Tradisies en gewoontes

Tradisies is gereelde herhalende handelinge van ‘n groep of gemeenskap oor ‘n tydperk. Dit is handelinge waardeur gebeurtenisse deur herlewing in herinnering geroep word en ook handelinge waardeur sekere aksies aan die hand van beproefde kennis, vaardighede en tegnieke weer en weer uitgevoer word. In die Suid-Kaap is daar bewyse dat aspirant bou-aannemers eers as vakleerlinge by ervare bouers gewerk het voordat hulle hul eie ondernemings begin het (Roux 2012:18). Hierdie stelsel sou noodwendig daartoe gelei het dat jong bouers in die tegnieke en tradisionele boukuns van hul voorgangers opgelei is.

‘n Onbekende bouer wat in 2010 gevra is hoekom hy gepunte vensters in ‘n kerkgebou in Thembalethu naby George inbou, se antwoord was dat dit mos ‘n kerk is. Gevra hoekom ‘n kerk sulke vensters moet hê, het hy gesê dit is maar gewoonte hier rond, van sy pa se tyd af al.

Tradisie en gewoonte het sonder twyfel ‘n rol gespeel in die aanvaarding en groei van die Gotiese en Neo-Gotiese boustyl in Suid-Afrika.

6.2.1.6 *Zeitgeist*

Die woord *Zeitgeist* is van Duitse oorsprong maar het wye inslag gevind in ander tale. Die gebruik daarvan kan teruggevoer word na Johann Gottfried Herder en ander Duitse romantici. Dit is in 1769 deur Herder vertaal uit die Latynse term *genius saeculi*, wat *beskermende engel van die eeu* of *van die tydsgewrig,* beteken maar is beter bekend uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GWF Hegel (1770-1831) se filosofie van Geskiedenis. Hegel het die *Geist* (die gesindheid van ‘n tyd en gemeenskap) gesien as saamgevat in die kuns, godsdiens, grondwet, tradisies, taal en gebruike: die totale kulturele, intellektuele, geestelike en politieke spektrum van daardie gemeenskap op daardie tyd (Green 2008:15). Onderliggend aan hierdie benadering is die aanname dat daar ‘n homogeniteit in die kultuursamestelling van ‘n gemeenskap is en dat alle aspekte van sosiale en kulturele uitdrukking deur ‘n gemeenskaplike denk- en geloofspatroon saamgebind word, wat in die konteks van die totale bevolking in Suid-Afrika in die neëntiende en twintigste eeue nie die geval was nie. Binne sekere gemeenskappe, soos byvoorbeeld dié van die Engelssprekende inwoners van Suid-Afrika, was daar wel ‘n mate van homogeniteit van kultuur. Hoewel die Neo-Gotiese styl ook deur ander kultuurgroepe aangewend en aangedryf is in Suid-Afrika, was die Engelssprekende Anglikaanse gemeenskap een van die groot dryfvere daaragter, soos vroeër in die studie aangedui.

‘n Analise van Hegel se filosofie van Geskiedenis en die verband tussen dit en ander geskiedskrywers val buite die raamwerk van hierdie studie. Dit is egter nodig om kennis te neem van sy *Zeitgeist*-benadering omdat dit as een van die verklarings vir die verspreiding van die Gotiese boustyl in Europa en later, van die Neo-Gotiese boustyl in Suid-Afrika aangevoer kan word.

6.2.1.7 Mentalités en kollektiewe geheue

Een van die sentrale aspekte van spanning binne kultuurgeskiedenis is dié tussen die bewustelike en onbewustelike dimensies van menslike gedagtes en gedrag (Green 2008:27). In die 1920’s het Marc Bloch en Lucien Febvre die *Annales*-benadering tot Geskiedenis by die Universiteit van Strassbourg bekend gestel. Die term *mentalité* het bekend geraak na die publisering van sy werk *La mentalité primitive* deur Lucien Lévy-Bruhl in 1922.

Die leer van mentaliteite het drie basiese grondslae wat opgesom kan word as:

- dit lê klem op kollektiewe benaderings, eerder as op dié van individue
- die klem is op ongesproke en selfs onbewustelike aannames, persepsies en die alledaagse gedagtes en praktiese rede van mense in die gemeenskap, eerder as op bewustelike denke en duidelik geformuleerde teorieë

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- dit streef daarna om die onderliggende struktuur van gelowe en aannames wat mense se gedagtes beïnvloed te verstaan, om sodoende ‘n begrip te vorm van hoe mense dink en wat hulle dink (Green 2008:29).

Bloch het in 1924 sy eerste groot boek gepubliseer onder die titel *Les Rois thaumaturges: étude sur le caractère surnaturel attribué à la puissance royale, particulièrement en France et en Anleterre* (Die koninklike aanraking: heilige monargie en tuberkulose in Frankryk en Engeland). Daarin kom hy tot die gevolgtrekking dat die wydverspreide aanname van die helende krag van ‘n koning se aanraking, ondanks die afwesigheid van bewyse daarvoor, aan ‘n diepgesetelde kollektiewe geheue toegeskryf kan word (Green 2008:30). White maak die stelling dat Kaukasiërs, Asiate, pigmië, Arabiere en alle ander mensgroepe biologies feitlik dieselfde is, maar dat die groot verskille tussen mense in werklikheid aan die groot veranderbare, naamlik kultuur, toegeskryf kan word (White 1971:148). Die verskillende kulture verskaf die raamwerk of matriks van wat eties en oneties, mooi en lelik is. Hy verwys na die *wete* van feitlik alle volwasse lede van gemeenskappe dat bloedskande *verkeerd* is as voorbeeld van die kollektiewe geheue van die groep (White 1971:326).

Die kollektiewe geheue moet in oorweging geneem word wanneer besin word oor die aanvaarding en verspreiding van die Gotiese Herlewingstyl in Suid-Afrika.

6.3 Relevansie

Die relevansie van hierdie elemente by die vestiging en verspreiding van die Neo-Gotiese boustyl in Suid-Afrika (nie uitsluitlik nie maar hoofsaaklik as deel van Suid-Afrikaanse kerkargitektuur), is nie wetenskaplik bepaalbaar of meetbaar nie. Dit is egter faktore wat ‘n rol gespeel het en inaggeneem moet word by die analisering van die plaaslike manifestasies van hierdie styl.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7

EVALUERING

Gotiese kerkargitektuur soos deur Roberts (1993), Pirrenne (1959) en Howarth (1990) beskryf en in die inleiding van hierdie studie aangehaal word, is ongekend in Afrika. Om historiese redes is dit slegs die herlewing van die styl wat hier posgevat het, en dan baie dikwels in hoogs vereenvoudigde vorm. Veel nader aan die voorkoms, aard en gees van die Neo-Gotiek in Suid-Afrika, is die onbekende bouer van Thembalethu se eenvoudige kerkgeboutjie met spitsboogvensters. Hierdie studie het aangedui dat tussen bogenoemde twee uiterstes ‘n verskeidenheid van koloniale interpretasies van die Neo-Gotiese styl lê.

Die oorsprong en betekenis van Gotiese stylelemente wat in ‘n Neo-Gotiese styl opgeneem is en in kerkgeboue binne die afgebakende deel van die Tuinroete manifesteer, is gevind in die Middeleeuse Gotiese en 19de-eeuse Neo-Gotiese style van Europa. Soos die meeste ander kultuurelemente (hetsy materieel of nie-materieel), wat deur middel van kolonisasie na ‘n ander geografiese gebied oorgedra word, is die styl aangepas en vereenvoudig. ‘Betekenis’ is abstrak en bring daarom by ‘n konkrete kultuurmanifestasie soos die boukuns, die metafisiese komponent daarvan na vore. Betekenis lê onder meer in die belangrikheid, gewig of waarde wat aan iets toegeken word, en by kerkargitektuur is dit veral waardes wat ter sprake is. Die religieuse waardes van ‘n bepaalde godsdiens word oorgedra op die argitektuur wat daardeur gestalte kry, en daarom het talle van die Neo-Gotiese stylkenmerke simboliese waardes, soos in die studie aangedui word.

Die ondersoek het nie volledig aangespreek waar in Suid-Afrika die styl oral manifesteer nie, behalwe om aan te dui dat dit wyd verspreid is. Fokus is eerder geplaas op die afgebakende gebied waar wel talle voorbeelde daarvan voorkom.

Individuele geboue se bewarenswaardigheid kon nie in diepte geëvalueer word nie. Elkeen van die geboue sal aan ‘n grondige proses van evaluasie onderwerp moet word om die bewarenswaardigheid daarvan te bepaal. Hierdie studie word egter gesien as ‘n eerste stap in daardie rigting, deurdat die geboue in dié streek geïdentifiseer is, die ligging gedokumenteer is, en die argitektuur binne kultuurhistoriese konteks beskryf is. Met behulp van die boudatum is aangedui dat die geboue ‘n mate van beskerming geniet ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet nr 25 van 1999).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opvallend van die koloniale Neo-Gotiek in die gebied onder bespreking, is die feit dat daar nie voorbeelde van die sogenaamde 'katedraalagtige' Neo-Gotiek (Kuijers 1980:95), soos die Metodistekerk op Groentemarkplein in Kaapstad, die NG Moederkerk in Stellenbosch en die NG Moederkerk in Oudtshoorn voorkom nie. Die naaste daaraan is waarskynlik die heel eerste twee voorbeelde wat in hoofstuk 4 aangespreek word, naamlik die ou NG Kerk en die St Peter's Anglikaanse Kerk, albei op Mosselbaai (4.1.1 en 4.1.2). Die kerke in die area is oor die algemeen baie eenvoudiger en soms selfs só eenvoudig dat dit nie eers Neo-Goties in ontwerp genoem kan word nie – dit vertoon dan slegs enkele stylkenmerke, soos stutmure of spitsboogopeninge wat met die stylelemente van ander style meeding om dominansie. Kuijers noem die heel eenvoudigste van hierdie tipe kerkies koloniale saal- of waenhuiskerkies (1980:95). Die ontwerpe van Sophy Gray is sekerlik meer gesofistikeerd as dit en vertoon in totaal 'n Neo-Gotiese karakter, wat juis die groot verskeidenheid van ontwerp en die verskillende vlakke van sofistikasie (CD-as van die Burden-model) wat in die koloniale weergawe van die herlewing voorgekom het, beklemtoon.

Die kultuurhistoriese agtergrond wat by elke kerk onder bespreking aangebied is, beklemtoon die noue verbintenis tussen nie-tasbare en materiële kultuurprodukte (AB-as van die model). In die meeste gevalle gee dit 'n aanduiding van die wil van 'n gemeenskap om na sy eie geestelike behoeftes om te sien. In weerwil van talle struikelblokke waarvan baie finansieel, sommige histories en ander polities van aard was, het gemeenskappe die behoefte aan 'n kerkgebou deurgesien totdat hulle iets konkreets en funksioneel gehad het wat hierin kon voorsien. Die resultaat was dan nie bloot funksioneel van aard nie, maar het trou aan Gotiese en Neo-Gotiese strewes, ook simboliese betekenis gehad. Dit is opvallend dat by die meerderheid van die kerke en gemeentes wat behandel is, nie net die religieuse behoeftes met die bou van kerke aangespreek is nie, maar veral ook opvoedkundige en soms sosiale behoeftes.

Die geselekteerde tydgleuf vir die kerke wat in die studie behandel is, dek die periode vandat die styl in die area posgevat het tot die jaartal 1952, aangesien dit die groep is wat onder die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne beskerming geniet. Dit beteken egter nie dat die Neo-Gotiese boustyl slegs tradisioneel van aard is nie. Stylkenmerke kom nog in kontemporêre bouwerke voor, soos die kerkie van die naamlose bouer van Tembalethu bewys. Die styl, en miskien tot 'n groter mate slegs stylelemente, is dus tydloos en kan op die totale kontinuum van die EF-as van die Burden-model aangetref word.

Die vraag waarom die Neo-Gotiese styl verweef geraak het met die siening van hoe kerkargitektuur behoort te lyk, veral in 19de-eeuse Suid-Afrika, is gekoppel aan die kompleksiteit van die werking van kultuur. Die onlosmaaklike verband tussen die mens se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gees, sy gedagtewêreld, en die konkrete kultuurprodukte wat hy tot stand bring, word geïllustreer met die omvorming van ruimte tot argitektuur. Hierdie verband is tweërlei van aard: die denkproses waardeur dit geskep word is een verbintenis, maar die ander verbintenis lê in die koppeling 'betekenis' met die voorwerp. Hierdie simboliek bied die antwoord op die 'waarom'-vraag hierbo.

Die Gotiese boustyl was suksesvol in die kombinering van elemente van argitektuur soos ruimte, lig en hoogte met die geestelike aspekte van godsdiensbeoefening en simboliek om 'n totale religieuse belewenis daar te stel. Reeds vir eeue word Gotiese en Neo-Gotiese stylelemente deur Christene met hul godsdiens vereenselwig, selfs buite die styl se oorspronklike kultuurverband. Die studie het aangetoon dat weens die dinamiese aard van kultuur, hierdie verskynsels ook op die platteland van Suid-Afrika posgevat het in 'n streek wat in die 19de eeu nog baie afgeleë was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

LITERATUUR

Alberts, DM	1991	Kenmerkende historiese klipgeboue van Mosselbaai, (Studie van die Departement Argitektuur en Kuns, Universiteit van Port Elizabeth)
Allanson, GR (red)	1993	*Memories of Knysna*, Knysna Biblioteek: Knysna
Amphlett, GT	1914	*History of the Standard Bank of South Africa Ltd, 1862-1913*, Robert Maclehose and Co: Glasgow
Baumann, N	2002	*Historical buildings of Mossel Bay,* Munisipaliteit van Mosselbaai en Mosselbaai Erfenis: Mosselbaai
Bekokstower, HF	2011	Diepvaderlandse dronkverdriet, (*By (Bylaag tot Die Burger)*, 17/12/2011)
Börngasser, B	2007	Late Gothic architecture in Spain and Portugal (In R Toman (red), *Gothic*, Ullmann & Könemann: Keulen)
Brisac, C	1986	*A thousand years of stained glass*, Macdonald & Company: Londen
Brooke, A	1947	*Robert Gray*, Oxford University Press: Londen
Burden, M	2000	Die metodologie van Kultuurgeskiedenis (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 14(2))
Bussagli, M	2005	*Understanding architecture*, IB Taurus: Londen
Cantor, NF	1993	*The civilization of the Middle Ages,* Harper Collins: New York
Čaval, S	2009	Astronomical orientation of sacred architecture during the Medieval period in Slovenia*, Cosmology Across Cultures, ASP Conference Series Volume 409, Ljubljana*
Coertse, PJ (red)	1961	*Inleiding tot die algemene volkekunde,* Perskor: Johannesburg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Craig, CA	1972	*Europe 1815-1914,* Dryden Press: Illinois
Davis, RHC	1970	*A history of Medieval Europe,* Longman: Londen
De Klerk, P	1981	*Geskiedenis as kultuurontwikkeling,* Butterworth: Pretoria
De la Riestra, P	2007	Elements of religious and secular Gothic architecture (In R Toman (red), *Gothic*, Ullmann & Könemann: Keulen)
De Swardt, IP	2011	Pacaltsdorp Congregational Kerk (*George Herald Het Suidwestern,* 31/3/2011)
De Villiers, DA	1984	Die geskiedenis van menseregte (In DA du Toit, *Menseregte,* Tafelberg:Kaapstad)
De Waal, LM	1978	*Europees-historiese vormtaalelemente in die Nederduits-Gereformeerde kerkargitektuur van die Groot-Karoo* (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat)
Die Bibel	1964	Lutherse vertaling, Merian: Givatayim/Israel
Die Bybel	1983	Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Eerste uitgawe: Kaapstad
Dreyer, PS	1987	Die verband tussen geestelike en stoflike kultuur (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(1))
Duignan, P & L Gann	1969	*Colonialism in Africa 1870-1960*, Cambridge University Press: Cambridge)
Du Preez, IF	1987	*From mission station to municipality*, Munisipaliteit van Pacaltsdorp: Pacaltsdorp
Du Toit, DA	1984	*Menseregte,* Tafelberg: Kaapstad
Engel, U	2004	Gothic architecture in England (In R Toman (red), *Gothic,* Ullmann & Könemann: Keulen)
Erasmus, BPJ	1995	*Op pad in Suid-Afrika,* Jonathan Ball: Johannesburg
Ergang, R	1967	*Europe from the Renaissance to Waterloo,* DC Heath:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Massachusetts
Ferreira, OJO	1997	Kultuurgeskiedenis by ‘n kruispad (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 11(2)
Fletcher, B	1959	*A history of architecture,* BT Batsford: Londen
Foster, GM	1973	*Traditional societies and technological change,* Harper & Row: New York
Franklin, M	1975	*The story of Great Brak River*, Struik: Kaapstad
Fransen, H	2006	*Old towns and villages of the Cape,* Jonathan Ball: Kaapstad
Fransen, H & MA Cook	1980	*The old buildings of the Cape,* AA Balkema: Kaapstad
Frost, EL	1976	*Cultural and Social Anthropology,* McGraw Hill: New York
Gardiner, KEF	1972	Leith, George Esmond Gordon (In *Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA)* , Vol 6, Nasou Beperk: Kaapstad)
Glancey, J	2006	*Architecture,* Doring Kindersley: Londen
Green, A	2008	*Cultural history,* Palgrave MacMillan: New York
Green, DL & Green, RL	1973	*Meet the Mormons*, Deseret Book Company: Salt Lake City
Greig, D	1971	*Guide to architecture in South Africa,* Howard Timmins: Kaapstad
Grobbelaar, PW	1990	Dit is Kultuurgeskiedenis, (*Die Kultuurhistorikus* 5(1))
Groves, CP	1969	Missionary and humanitarian aspects of imperialism from 1870 to 1914 (In P Duignan & L Gann (reds): *Colonialism in Africa 1870-1960*, Cambridge University Press: Cambridge)
Gutsche, T	1970	*The bishop’s lady,* Howard Timmins: Kaapstad

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gutsche, T	1972	*Gray, Sohia (Sophy),* (In *Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA),* Vol 5, Nasou Beperk: Kaapstad)
Gympel, J	1996	*The story of architecture,* Könemann: Keulen
Hatfield, D	1967	*Some South African monuments,* Purnell: Kaapstad
Hale, J	1994	*The civilization of Europe in the renaissance,* Atheneum: New York
Halsey, WD	1971	*Collier's Encyclopedia,* Crowell-Collier: New York
Harrington, AL	1980	*Sir Harry Smith,* Tafelberg: Kaapstad
Hattersley, AF	1972	*Montagu, John* (In *Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA),* Vol 7, Nasou Beperk: Kaapstad
Hattingh, ASJ	1985	*Kunswaardering,* Perskor: Johannesburg
Haviland, WA	1987	*Cultural Anthropology,* Holt, Rhinehart & Winston: New York
Hippe, W	1986	*Menschen die die Welt veränderten,* Heinz Peter: Gütersloh
Hoevers, J	2010	*Van kerke en dorpe,* J Hoevers: Klein Brakrivier
Hofmeyr, G (red)	2002	*NG Kerk 350,* Lux Verbi.BM: Kaapstad
Hofmeyr, SM	1993	*Carl Otto Hager van Stellenbosch*, Stellenbosch Museum: Stellenbosch
Howarth, E	1990	*Crash course in architecture,* Doubleday: Toronto
James, L	1994	*The rise and fall of the British empire,* St Mark's Press: New York
Keesing, FM	1958	*Cultural Anthropology,* Holt, Rhinehart & Winston: New York
Klein, B	2004	The beginnings of Gothic architecture in France and its neighbours (In R Toman (red), *Gothic,* Ullmann &

Könemann: Keulen)

Kuijers, A 1980 *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die argitektuur van Potchefstroom (ca.1860 tot 1940)* (ongepubliseerde MA-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys)

Krummer-Schroth, I 1970 *Bilder aus der Geschichte Freiburgs,* Verlag Karl Schillinger: Freiburg

Kurmann, P 2007 Late Gothic architecture in France and the Netherlands (In Toman R (red), *Gothic,* Ullmann & Könemann: Keulen)

Kurmann-Schwartz, B 2004 Gothic stained glass (In R Toman (red), *Gothic,* Ullmann & Könemann: Keulen)

Langham-Carter, RR 1977 Gilbert McDougal, a Cape architect, *Lantern* 26(2)

Lewcock, R 1963 *Early nineteenth-century architecture in South Africa,* AA Balkema: Kaapstad

Lewcock, R 1970 Architecture (In *Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA*), Vol 1, Nasou Beperk: Kaapstad)

Lloyd, M & J Blackmore 1988 *Glass,* Merehurst Press: Londen

Marincowitz, H 1991 *Heroldsbaai, Romantiese sandstrand aan die Suid-kus,* Bowles: Oudtshoorn

Marshall, J 1990 *Glass source book*, Chatwell Books: Secaucus

Martin, D 2005 *The Bishop's churches,* Struik: Kaapstad

Menache, P & DE David 2011 *101 Country churches of South Africa,* Booktown Richmond Press: Richmond

Miller, C 1993 *Painting the map red,* Canadian War Museum: Londen

Mitchell, A 1968 *Cathedrals of Europe,* Hamlyn Publishing: Middlesex

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Morris, E	1988	*Stained and decorative glass,* Apple Press: Baldock
Morse, JL (red)	1958	*The Universal Standard Encyclopedia,* Standard Reference Works: New York
Muller, CFJ	1981	*500 Years. A history of South Africa,* Academica: Pretoria
Nel, PG	1984	Kultuurgeskiedenis as wetenskap, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 1(1)
Nell, L	2003	*The Garden Route and Little Karoo,* Struik: Kaapstad
Nesemann, GR	2003	*Our heritage of early stone churches built by Scottish stonemasons Bern and Lawrence,* GR Nesemann: Knysna
Nesemann, GR	2005	*Stained glass in St Mark's cathedral, George,* GR Nesemann: George
Newdigate, J	2006	*The Portland people,* HJ Newdigate: Knysna
Olivier, PL (red)	1952	*Ons gemeentelike feesalbum,* NG Kerk-Uitgewers: Kaapstad
Oosthuysen, H	gd	*101 Kerke,* Henk Oosthuysen: Hong Kong
Parkes, M & V Williams	1998	*Knysna's historical churches,* Struik: Kaapstad
Peter, HM & J Newdigate	gd (c2006)	*The house in the forest,* Hilary Peter: Plettenbergbaai
Picton-Seymor, D	1977	*Historical buildings in South Africa,* Struikhof Publishers: Kaapstad
Pirrenne, H	1958	*A history of Europe,* George Allen & Unwin: Birkenhead
Roberts, JM	1993	*History of the world,* Oxford University Press: New York
Roux, M	2012	*Piet Strydom, die wêreld en nalatenskap van 'n Calitzdorpse bouer,* M Roux: Calitzdorp
Rosenthal, E	1975	*Victorian South Africa,* Tafelberg: Kaapstad

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SABW	1987	*Suid-Afrikaanse Bibliografiese Woordeboek, Vol V,* Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Kaapstad
Sayers, CO	1982	*Looking back on George,* Herald Phoenix (Pty) Ltd: George
Scheffler, HM	1990	*Die laat-Victoriaanse Mosselbaai,* (Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit Stellenbosch)
Schoeman, K	1982	*Vrystaatse erfenis,* Human & Rousseau: Kaapstad
Serfontein, J	2006	*Tsitsikamma,* Lotsha Publications & Booksellers: Observatory
SESA	1972	*Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA),* Vol 5, Nasou Beperk: Kaapstad
Shearing, T	2011	School with a rich heritage (*George Herald Het Suidwestern* 1/9/2011)
Stals, ELP	1961	*George: Die storie van die dorp en distrik,* Munisipaliteit en Afdelingsraad: George
Steyn, M (red)	1999	*Honderd en vyftig jaar. Feesblad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Humansdorp*, NMB: Humansdorp
Storrar, P	1978	*Portrait of Plettenberg Bay,* Purnell: Kaapstad
Sutton, I	1999	*Western architecture,* Thames & Hudson: Londen
Tapson, W	1967	*Timber and tides,* General Litho: Johannesburg
Tapson, W	1973	*Newdigate, William Henry* (In *Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA),* Vol 8, Nasou Beperk: Kaapstad)
Thorpe, D	2005	*Upon the rock,* D Thorpe: Plettenbergbaai
Toman, R (red)	2007	*Gothic,* Ullmann & Könemann: Keulen
Trümpelmann, GJP	1972	*Moravian Church*, (In *Standard Encyclopedia of Southern Africa, (SESA)*, Vol 7, Nasou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van der Westhuizen,	1990	Hannes Meiring, *Lantern,* 39(3)
Van Doren, C	1991	*A history of knowledge,* Ballantine: New York
Van Jaarsveld, FA	1995	Die historiese metode, *Kleio* XXVII
White, L	1971	*The science of culture,* Farrar, Straus & Giroux: New York
Whitford, EN	1973	*St Mark's church, Humansdorp 1898-1973,* Privaat uitgegee: Humansdorp
Zietsman, C	1996	Heroldsbaai se bekoorlike kerkie waak rotsvas oor dié oord (*Die Burger* 30/11/1996)

TYDSKRIFTE EN KOERANTE

By (Bylaag tot *Die Burger)*	17/12/2011
Daily Mail (Londen)	20/08/2012
Die Burger	30/11/1996
Die Kultuurhistorikus	1980
George Herald Het Suidwestern	31/3/2011; 1/9/2011
Kleio	1995
Lantern	1977; 1990
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis	1984; 1987; 2000

STAATSPUBLIKASIES

Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet no 25 van 1999

BROSJURES EN VERSLAE

An annotated survey of buildings of architectural and contextual importance in the central area of Mossel Bay (ongepubliseerde verslag, 1985: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede: Pretoria)

Explore historical Mossel Bay on Foot, gd, Mosselbaai Toerismekantoor: Mosselbaai

Heritage building walk, Knysna, gd, Knysna Toerisme: Knysna

Parish of Ss Peter & Paul, Katolieke Kerk, 1997: George

St Aidan's: Kerkbrosjure

St Peter's church, Parish of Formosa, gd, Anglikaanse Kerkkantoor: Plettenbergbaai

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The origins of the church furnishings, St George's, Knysna, gd, St Georgeskerkkantoor: Knysna

ARGIVALE BRONNE

George Museum Argief (GMA)

Houer 27: Kerke/Churches

Groot Brakmuseum Argief (GBMA)

Rekenaarlêer: Library Documents.Great Brak Churches

St Peter's Kerkargief, Plettenbergbaai (StPCA)

Church Correspondence, Vol 1

REFERATE

Burden, M 2009 Strukture, style en stories: 'n interpretasie van kerkargitektuur in George, **Nasionale kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis: George**

MONDELINGE BRONNE

Bohringer, mnr R 2012 **Adres:** bohringerr@gmail.com
Beroep: Wetenskaplike, gebore en grootgeword op Clarkson
Geboortejaar: 1943
Datums van onderhoude: 2/5/2012, 6/5/2012

Du Preez, ds C 2012 **Adres:** NG Pastorie, Wittedrift
Beroep: Predikant
Geboortejaar: ca 1956
Datums van onderhoude: 24/5/2012, 30/5/2012

Parkes, mev M 2012 **Adres**: Posbus 1166, Knysna, 6570
Beroep: Navorser en outeur
Geboortejaar: 1923

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Datums van onderhoude: 27/5/2012, 1/7/2012, 5/7/2012
Stainer, mev L	2012	**Adres:** Knysna Museum, Knysna **Beroep**: Navorser en geskiedkundige **Geboortejaar**: ca 1943 **Datum van onderhoud:** 1/7/2012

ELEKTRONIESE BRONNE

http://www.infoplease.com/ce6/ent/AO858436/html: 25/2/2012

http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/archframes.php?archid=674 : 12/7/2012

www.utccs.org/documents/churcharchitecture.pdf: 22/08/2012